

439.3614

TER

DIE AANMEKAARSKRYF

VAN

WOORDE IN AFRIKAANS

DEUR

H. J. TERBLANCHE, M.A.



J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA
1943

— *Gedruk in Pretoria en uitgegee deur* —
J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.

AAN MY OUERS,
*in dankbaarheid vir hulle besielende belangstelling
in my studies.*

I N H O U D

<i>Hoofstuk</i>	<i>Bladsy</i>
I. INLEIDING	15-19
II. WOORDINDELING	20-21
III. SAMESTELLINGE	22-31
IV. SAMEKOPPELINGE	32-44
V. MOEILIKE SKRYFWYSES EN BESONDERE GEVALLE	45-69
1. Substantief as Voorwerp en Beskrywende Substantief	45
2. Pleknaam + Substantief	45
3. Kompositum van B.nw. of Telw. + Sub- stantief	47
4. Name van Strate, Riviere, Berge en Stasies	48
5. Byvoeglike Naamwoord of Telwoord + Selfstandige Naamwoord + Selfstandige Naamwoord	52
6. Afrikaanse Plekname	55
7. Telwoorde	56
8. Breuke	57
9. Tydbepalinge	58
10. Die Verbindings-s	58
11. Naamwoord of Bywoord + Deelwoord of Adjektief	58
12. Substantief + Bywoord of Agtersetsel (Postposisie)	63
13. Bywoord + Agtersetsel (Postposisie) ..	64
14. Verbindinge van Bywoorde	64
15. Selfstandige Naamwoorde waarvan die eerste deel die stof aandui	65
16. -hulle	66
17. Differensiasie	66
18. Moeilike Verbindinge	67

<i>Hoofstuk</i>	<i>Bladsy</i>
VI. DIE KOPPELTEKEN	70-74
VII. SAMEVATTING	75-79
<i>Bylae</i>	
A. AFLEIDINGE EN SAMESTELLEDE AFLEIDINGE	80-82
B SAMESTELLINGE	83-99
C WARE SAMEKOPPELINGE	100-113
D TWYFELAGTIGE GEVALLE .. .	114-131
E BESLISTE LOS VERBINDINGE	132-136
F WARE SAMEGEKOPPELDE WERKWOORDGROEPE.. .. .	137-145
G TWYFELAGTIGE WERKWOORDGROEPE..	146-161
H BESLISTE LOS WERKWOORDGROEPE ..	162-168

VOORWOORD

ELKEEN wat dikwels Afrikaans skrywe, weet dat die vraag wanneer aanmekaar moet geskrywe word en wanneer los een is wat ons baie hoofbrekings besorg. Vandaar dat daar op hierdie punt nie alleen veel onsekerheid bestaan nie, maar tewens heelwat verskil. In verskillende werke is iets oor die vraagstuk te vind, maar grondig is die onderwerp nog nooit behandel nie.

Wie leiding in verband met hierdie saak wil gee, moet oor baie voorbeelde beskik, voorbeelde wat as 't ware self na hom toe kom, sonder dat opsetlik daarna gesoek is. In die tweede plek moet sodanige persoon 'n uiteensetting gee van die beginsels van waaruit die vraagstuk benader word: reëls en lyste van woorde is nie voldoende nie; die leser wil in die eerste plaas oordeelkundig gemaak word, sodat hy weet hoe om voorkomende moeilikhede aan te pak.

Aan altwee hierdie vereistes het Mnr. Terblanche in ruime mate voldoen met sy studie oor *Die aanmeekaarskryf van woorde in Afrikaans*. Gedurende etlike jare was hy werksaam as vertaler aan die Vertaalburo en het hy dus voortdurend tallose Afrikaanse woorde oor allerlei onderwerpe onder oë gekry. Later het hy van werkkring verander, maar vertaalwerk neem nog altoos 'n deel van sy tyd in beslag. Dan het die Skrywer tereg ingesien dat wie leiding wil gee by hierdie subtiele onderwerp vooraf helderheid moet verskaf oor die wese van die samestelling, besien van alle kante.

Die skrywer was dus goed toegerus en hy het sy taak uitgevoer op 'n wyse wat getuig van gesonde wetenskaplike insig. Met volle vertroue beveel ons hierdie grondige en onderhoudende geskrewe werk aan by elkeen wat Afrikaans skrywe. Moeilike gevalle sal nog altoos voorkom: dit is iets natuurliks by 'n jong kultuurtaal soos Afrikaans; ons word hier egter geleer hoe om sodanige gevalle met goeie gevolg aan te pak.

Van harte wens ons die Skrywer geluk met sy eersteling en spreek die hoop uit dat dit slegs die voorloper sal wees van ander werk, en dat hy by toekomstige publikasies steeds, soos hier, sal strewen na 'n hoë wetenskaplike peil.

T. H. LE ROUX.

*Professor in Afrikaans en Nederlands,
Universiteit van Pretoria.*

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.

- Afrikaanse tydskrifte, koerante en boeke—geraadpleeg vir skryfwyses.
- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: Vyfde, Hersiene en Vermeerderde Druk (Nasionale Pers, Bpk., 1937).
- E. H. D. Arndt, A. J. Norval and J. D. Louw: Economic and Legal Dictionary (J. L. van Schaik, Bpk., 1933).
- C. M. Booysen en M. Jansen: Praktiese Grammatika (Die Natalse Pers, Pietermaritzburg).
- C. M. Booysen, J. Marais, H. A. Steyn en J. B. Bonthuys: Die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer (Nasionale Pers, Bpk., 1940).
- Dr. S. P. E. Boshoff: Volk en Taal van Suid-Afrika (J. H. de Bussy, Bpk., 1921).
- Dr. D. B. Bosman: Die Aanmeakaarskryf van Woorde in Afrikaans (Nasionale Pers, Kaapstad).
- Prof. D. B. Bosman en I. W. van der Merwe: Tweetalige Woordeboek (Afrikaans-Engels): Tweede, verbeterde uitgawe (Nasionale Pers, Bpk., 1941).
- M. C. Botha en J. F. Burger: Afrikaanse Grammatika: Sesde druk, Mei 1929 (Maskew Miller).
- Dr. A. C. Bouman en dr. E. C. Pienaar: Afrikaanse Spraakkuns (Derde verbeterde druk, 1933).
- G. V. Carey: Mind the Stop (Cambridge University Press, 1940).
- Concise Oxford Dictionary (Oxford. At the Clarendon Press, 1929).
- M. de Vries en L. A. Te Winkel: Woordenlijst voor de spelling der Nederlandsche Taal: Vierde Uitgawe besorg deur dr. A. Kluyver (Martinus Nijhoff, A. W. Sijthoff, 1893).
- Handhaaf- en Bou-Reeks, Nos. 1-9 (Nasionale Pers, Bpk.).
- Dr. M. S. B. Kritzinger, A. M. M. de Villiers en E. J. Pienaar: Afrikaanse Spreekwoorde, Gesegdes, ens. (Elfde hersiene en aangevulde druk, J. L. van Schaik, Bpk., 1941).
- Dr. M. S. B. Kritzinger, F. J. Labuschagne, dr. P. de V. Pienaar, dr. J. H. Rademeyer, dr. H. A. Steyn: Verklarende Afrikaanse Woordeboek (J. L. van Schaik, Bpk., 1936).

- Dr. M. S. B. Kritzinger, dr. H. A. Steyn, dr. P. C. Schoonees en U. J. Cronjé: Die Groot Woordeboek (Afrikaans–Engels, Engels–Afrikaans): Derde verbeterde en uitgebreide uitgawe (J. L. van Schaik, Bpk., 1937).
- C. P. F. Lecoutere: Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlandsch: Vierde verbeterde en vermeerderde druk bewerkt door L. Grootaers, 1934 (J. B. Wolters-Groningen, Batavia).
- Dr. J. J. le Roux: Oor die Afrikaanse Sintaksis (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).
- Dr. J. J. le Roux: Praatjies oor ons Taal (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Prof. T. H. le Roux: Afrikaanse Taalstudies (Derde, vermeerderde druk; J. L. van Schaik, Bpk., 1943).
- Lys van Afkortings—In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- P. de V. Pienaar: Praat u Beskaaf (Voortrekkerpers, Bpk., 1939).
- D. J. Potgieter: Nuwe Afrikaanse Grammatika: Vyfde hersiene uitgawe, derde druk, 1941 (Juta en Kie., Bpk.).
- Dr. H. v. d. M. Scholtz: Taal en Taalverskynsels (Nasionale Pers, Bpk., 1940).
- Dr. M. Schönfeld: Historiese Grammatika van het Nederlands (Tweede druk, 1924).
- Telefoon-adresboek (Oktober 1941).
- The Oxford English Dictionary (Oxford. At the Clarendon Press, 1933).
- Van Dale's Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal: Sesde uitgawe, 1924 (Martinus Nijhoff, 's-Gravenhage en A. W. Sijthoff, Leiden).
- J. H. van den Bosch: Over Samenstelling: Taal en Letteren, 3de en 4de jaargang (Zwolle, W. E. J. Tjeenk Willink, 1893–94).
- C. P. van der Merwe: 'n Handleiding vir Sekondêre Afrikaansleerlinge (Nasionale Pers, Bpk., 1941).
- F. van der Merwe en J. D. Louw: Mediese Woordeboek (Nasionale Pers, Bpk., 1935).
- Dr. Jacoba H. van Lessen: Samengestelde Naamwoorden in het Nederlandsch (J. B. Wolters-Groningen, Den Haag, 1928).
- I. van Zijl Steyn en A. B. Beyers: Engels–Afrikaanse Regswoordeboek (Nasionale Pers, Bpk., 1933).

LYS VAN AFKORTINGE.

- Aangesig = Van Aangesig tot Aangesig deur C. M. van den Heever
- Afkortings = Lys van Afkortings—In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Afrse. Sint. = Oor die Afrikaanse Sintaksis deur dr. J. J. le Roux.
- Afrse. Taalstudies = Afrikaanse Taalstudies deur prof. T. H. le Roux.
- Ampie = Ampie deur J. van Bruggen.
- B. en v. d. M. = Tweetalige Woordeboek (Afrikaans-Engels) deur prof. D. B. Bosman en I. W. van der Merwe).
- B.nw. = Byvoeglike naamwoord.
- Booyesen e.a. = Die Nuwe Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer deur C. M. Booyesen, J. Marais, H. A. Steyn en J. B. Bonthuys (Nasionale Pers, Bpk., 1940).
- Booyesen en Jansen = Praktiese Grammatika deur C. M. Booyesen en M. Jansen.
- Botha en Burger = Afrikaanse Grammatika deur M. C. Botha en J. F. Burger (Sesde druk, Mei 1929).
- Bouman en P. = Afrikaanse Spraakkuns deur dr. A. C. Bouman en dr. E. C. Pienaar (Derde verbeterde druk, 1933).
- Brandwag = Die Brandwag.
- Buks = Buks deur G. C. en S. B. Hobson.
- Burger = Die Burger.
- Bybel = Die Bybel in Afrikaans, 1933.
- Bw. = Bywoord.

- C. P. v. d. Merwe = 'n Handleiding vir Sekondêre Afrikaansleerlinge deur C. P. van der Merwe (Nasionale Pers, Bpk., 1941).
- Econ. Dict. = Economic and Legal Dictionary by E. H. D. Arndt, A. J. Norval and J. D. Louw (J. L. van Schaik, Bpk., 1933).
- Esmoreit = Esmoreit uitgegee deur prof. T. H. le Roux (J. L. van Schaik, Bpk., 1941).
- Gister = Gister deur C. M. van den Heever.
- Handhaaf 1 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 1 (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Handhaaf 2 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 2 (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Handhaaf 3 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 3 (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Handhaaf 4 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 4 (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Handhaaf 6 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 6 (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Handhaaf 8 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 8 (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Handhaaf 9 = Handhaaf- en Bou-Reeks No. 9 (Nasionale Pers, Bpk., 1940).
- Huisgenoot = Die Huisgenoot.
- Huurlinge = Huurlinge deur Mikro.
- Klipdolk = Die Klipdolk deur J. F. Grosskopf.
- Kr. en St. = Die Groot Woordeboek (Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans) deur dr. M. S. B. Kritzinger, dr. H. A. Steyn, dr. P. C. Schoonees en U. J. Cronjé (1937).
- Laat Vrugte = Laat Vrugte deur C. M. van den Heever.
- Lw. = Lidwoord.
- Mediese Wb. = Mediese Woordboek deur F. van der Merwe en J. D. Louw (Nasionale Pers, Bpk., 1935).
- Mnl. Gram. = Middelnederlandse Grammatika deur prof. T. H. le Roux en prof. J. J. le Roux (J. L. van Schaik, 1935).

- Nasleep = Die Nasleep deur H. Luttig.
- Ontblote Swaard = Die Ontblote Swaard deur Magda Boyce.
- Oudstudent = Die Stellenbosche Oudstudent (Deel XI, Junie 1941).
- Oupa = Oupa deur J. van Bruggen (Huisgenoot).
- Potgieter = Nuwe Afrikaanse Grammatika deur D. J. Potgieter (Vyfde hersiene uitgawe, derde druk, 1941).
- Praatjies = Praatjies oor ons Taal deur dr. J. J. le Roux (Nasionale Pers, Bpk., 1939).
- Praat u Beskaaf = Praat u Beskaaf deur P. de V. Pienaar (Voortrekkerpers, Bpk., 1939).
- Regswb. = Engels-Afrikaanse Regswoordeboek deur I. van Zyl Steyn en A. B. Beyers (Nasionale Pers, Bpk., 1933).
- Scholtz = Taal en Taalverskynsels deur dr. H. v. d. M. Scholtz (Nasionale Pers, Bpk., 1940).
- S.nw. = Selfstandige naamwoord.
- Spreekwoorde = Afrikaanse Spreekwoorde, Gesegdes, ens., deur dr. M. S. B. Kritzinger, A. M. M. de Villiers en E. J. Pienaar (Elfde hersiene en aangevulde druk, J. L. van Schaik, Bpk., 1941).
- Taalgoggas = Taalgoggas in die Daelikse Lewe deur twee oudonderwysers (Tweede, Vermeerderde Druk, Nasionale Pers, Bpk., 1941).
- Teenw. deelw. = Teenwoordige deelwoord.
- Tel. = Telefoon-adresboek (Oktober 1941).
- Telw. = Telwoord.
- Transvaler = Die Transvaler.
- Vaderland = Die Vaderland.
- Verkl. Wb. = Verklarende Afrikaanse Woordeboek deur dr. M. S. B. Kritzinger, F. J. Labuschagne, dr. P. de V. Pienaar, dr. J. H. Rademeyer, dr. H. A. Steyn (J. L. van Schaik, Bpk., 1936).
- Verl. deelw. = Verlede deelwoord.

Volk en Taal	= Volk en Taal van Suid-Afrika deur dr. S. P. E. Boshoff (J. H. de Bussy, Bpk., 1921).
Voors.	= Voorsetsel.
Vreemde Vertes	= Vreemde Vertes deur Kootjie van den Heever.
Waarheen Vader	= „Waarheen, Vader?” deur Abel Coetzee.
Wlys.	= Afrikaanse Woordelys; Vyfde, Hersiene en Vermeerderde Druk (Nasionale Pers, Bpk., 1937).
Ww.	= Werkwoord.
/	= Laat skryfwyse onbepaald.
<	= Ontstaan uit.

HOOFSTUK I.

INLEIDING.

Die aanmeekaarskryf van woorde veroorsaak baie hoofbrekens aan byna elke persoon wat probeer om Afrikaans suiwer en korrek te skryf. Selfs bekende taalprofessore en ander taalgeleerdes moet dikwels, volgens hulleself, tot die ontdekking kom dat hulle in dieselfde artikel of boek, en partykeer op een bladsy, een en dieselfde woord vanmekaar en aanmekaar geskryf het. Vir die verbasende inkonsekwensie wat daar op hierdie gebied in geskrewe Afrikaans heers, hoef maar net verwys te word na ons tydskrifte, koerante en boeke in die algemeen. Persone soos vertalers, dosente en koerantskrywers wat weens die aard van hul werk noodwendig moet trag om eenvormigheid op die gebied van die Afrikaanse skryftaal te handhaaf, en wat daagliks met allerhande praktiese taalmoeilikhede en -kwessies te doen kry, kom ondanks alle pogings om eie reëls neer te lê, daagliks voor die aanmeekaarskryf-moeilikheid te staan. Waar reëls vasgestel word, is daar altyd moeilikhede of uitsonderings wat sulke reëls onaanneemlik en onprakties laat voorkom. Die onvermydelike gevolg is dat elkeen wat 'n eie taalgevoel het, of altans onder so 'n indruk verkeer, sy eie kop volg en uniformiteit dus heeltemal onmoontlik maak.

Die feit dat daar so 'n haglike toestand by die los- en vas-skryf van Afrikaanse woorde heers, hoef egter volstrek geen ontsteltenis te wek by persone wat, om watter rede ook al, in Afrikaans belangstel nie. Taal is 'n lewende voorwerp en byna net so veranderlik en wispelturig soos die mens wat die draer en maker daarvan is. Bowendien word die taal beheers deur psigologiese faktore wat 'n indeling volgens reëls wat afgepende hokkies vorm, onmoontlik maak. Die gevolg is dat persoonlike oordeel en individuele taalgevoel herhaaldelik leiding of die deurslag moet gee. Taalgevoel is egter onderworpe aan beide uiterlike en innerlike omstandighede. Dieselfde persoon vind sy taalgevoel veranderlik en partykeer onbetroubaar. Sielkundige faktore en

analogiewerking, veral die verband van 'n woord in 'n sin en sy verhouding teenoor ander woorde, kan die taalgevoel in so 'n mate beïnvloed dat verskillende en selfs afwykende vorme deur een en dieselfde persoon gebruik word. By verskillende persone sal die afwykinge en gebrek aan eenvormigheid dus ongetwyfeld op 'n meer uitgebreide skaal voorkom.

Die toestand wat tans in Afrikaans aangetref word, is na aanleiding van voormelde feite dus glad nie iets buitengewoons nie. Dit getuig slegs van die rol van die psigologiese faktor; dit is m.a.w. 'n verblydende teken dat ons taal nog in die regte sin van die woord 'n „lewende taal” is: d.w.s. die taal van beskaafspreekende Afrikaners wat natuurlik en nie bewus of gemaak praat of skryf nie.

Dit sal dus nie prakties van waarde wees om by die beskouing van hierdie aspek van taal alleen op reëls te steun en die alreeds aangehaalde wisselende, veranderende, lewende en psigologiese eienskappe daarvan totaal op die agtergrond te laat nie. In sy *Afrikaanse Taalstudies* sien prof. T. H. le Roux die saak uit 'n algemene, maar eg wetenskaplike oogpunt: „Dis baie makliker om by voorkomende gevalle vas te hou aan 'n uiterlike reël en daarvolgens vas te stel wat 'n bepaalde vorm moet wees, maar sodoende word nie met die lewende taal rekening gehou nie”.¹⁾ Verder het die praktyk ons geleer dat taalreëls wesenlik logies moet wees, terwyl die volgende aanhaling as onomstootlik daarteenoor staan: „. . . hoewel dit vir die oningewyde vreemd sal klink; is dit nietemin 'n onomstootlike feit dat taal dikwels uiters onlogies is”.²⁾ Die taak van die taalondersoeker is dus gewigtig en uiters moeilik, want hy moet 'n noukeurige opname maak van wat gebruiklik is in die taal en nie bloot van wat logies is nie . . . en uit die verwarring van versamelde feite, voorbeelde en gegewens moet hy trag om enigsins logiese reëls vas te stel.

Dit sal interessant wees om die aandag te vestig op die feit dat daar ook in ander lande met dieselfde aanmeekaarskryfmoeilikheid gekamp word. Hoewel daar in Duits, met sy leus van: „as jy twyfel, skryf aanmekaar”, oppervlakkig geen moeilikheid skyn te wees nie en die meeste woorde waaroor ons in Afrikaans twyfel, sonder aarseling aanmekaar geskryf word, blyk dit

¹⁾ Bl. 77.

²⁾ *Afrikaanse Taalstudies* deur prof. T. H. le Roux; Derde, vermeerdeerde druk (van Schaik, 1940).

nogtans by nader ondersoek dat daar by 'n seker klas van woorde baie onsekerheid bestaan. In Hollands is die skryfwyse bepaald minder vas as in Afrikaans: „Selfs die beste Hollandse dagblaaie vertoon vergrype teen wat beskou kan word as vaste reëls in dié verband”.¹⁾ Die toestand in Engels blyk uit die voorwoord van die *Concise Oxford Dictionary*²⁾: „We have also to admit after trying hard to arrive at some principle that should teach us when to separate, when to hyphen, and when to unite the parts of compound words, we had to abandon the attempt as hopeless, and welter in the prevailing chaos”. In die *Oxford English Dictionary*³⁾ word dieselfde saak aangeraak en 'n geringe mate van leiding gegee, maar die geheel laat die ondersoeker of leser ook maar in die duister: „There is thus considerable difficulty in determining to what extent combinations are matters for the lexicographer, and to what extent they are merely grammatical. While no attempt is made fully to solve this difficulty, combinations formal and virtual are, for practical purposes, divided into three classes:—”

Afrikaans het geruime tyd, tot omstreeks 1917, die Engelse voorbeeld gevolg en gevolglik kon elkeen skryf soos hy wou, los of vas. Die Akademie het vir die eerste keer in 1921 aan hierdie saak geraak toe daar in die *Woordelys* „opmerkinge” oor die aaneenskrif van woorde gegee is. In die jongste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys*⁴⁾ word 'n volle paragraaf ⁵⁾ aan hierdie kwessie bestee, maar as gevolg van die ontoereikendheid en beknoptheid van dié opmerkinge wat „alleen leiding probeer verskaf”, weet baie mense vandag nie hoe om te skryf nie. Waar hulle voor 1917 met 'n geruste gevoel kon skryf soos hulle wou, bestaan daar tans dikwels twyfel, wat uiteindelik ook maar daartoe aanleiding gee dat elkeen sy eie kop volg en skryf soos hy wil.

Temidde van die verwarring en uiteenlopende opvattinge en skryfwyses in die Afrikaans van die hede, is daar nogtans alreeds vasgestelde reëls wat gevolg word en wat prakties van groot waarde

¹⁾ *Die Aanmeekaarskrif van Woorde in Afrikaans* deur prof. D. B. Bosman (Nasionale Pers, Kaapstad).

²⁾ Oxford. At the Clarendon Press, 1929 (bl. VIII en IX).

³⁾ Oxford. At the Clarendon Press, 1933 (Combinations, bl. XXXIII).

⁴⁾ *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*; Vyfde hersiene en vermeerderde druk; September 1936 (Nasionale Pers).

⁵⁾ Dieselfde as (⁴⁾ — XI Samestellinge en Woordkoppeling, bl. XXXIII.

is. Wat die aanmeakaarskryf van woorde as 'n geheel betref, bevind die meeste Afrikaners hulle egter tereg nog in die duister. So dikwels hoor 'n mens die volgende opmerking: „ek weet niks van die aanmeakaarskryf van woorde nie; ek het my vandag weer byna dood gesukkel met 'n sekere woord, maar niemand kon my help nie . . . waar kan ek iets oor die saak uitvind of lees?” Dit is juis om hierdie rede dat 'n wetenskaplike ondersoek 'n dringende vereiste geword het. Afrikaans het 'n stadium as taal bereik waarop ons die reg het om te eis dat die aanmeakaarskryf van woorde op beginsels en nie op blote willekeur sal berus nie.

Daar is alreeds op gewys hoe uiters versigtig met 'n ondersoek van hierdie aard te werk gegaan moet word. Bestaande reëls uit grammatikas, en veral uit die *Afrikaanse Woordelys*, moet aan die lewende, geskrewe taal getoets word en daarvolgens gewysig of bevestig word. Die geskrewe taal in die beste letterkundige en taalkundige tydskrifte en boeke moet verder dien as maatstaf tot die vasstelling en formulering van nuwe of aanvullende reëls en uitsonderinge. Slegs waar 'n gesonde taalkundige oordeel uniformiteit ten opsigte van sekere klasse van woorde in die beskaafde geskrewe taal kan bespeur, moet vaste reëls gemaak word. Waar daar verskil van mening heers en die menings 'n reg van bestaan het, moet die verskillende vorme toegelaat word, met die moontlikheid dat die een later meer en meer die voorrang sal geniet en die ander aldus geleidelik geheel en al sal verdring. Grensgevalle moet as sulks behandel word, en waar verskil van gebruik dit nog vereis, moet die oordeel en keuse aan die individu oorgelaat word. Sulke woorde sal dus op dieselfde voet geplaas word ten opsigte van gebruiklikheid en taalkundige korrektheid, en waar moontlik sal 'n aanbeveling gedoen word omtrent die vorm wat die gebruiklikste is of die voorrang behoort te geniet.

Die beginsel wat op die spel kom, is dié van die Afrikaanse woordvorming. In ouer tale is sintaktiese groepe en selfs hele sinne aanmeakaar geskryf, en die verdeling in woorde het dus eers by die latere tale ter sprake gekom.

Hoewel prof. D. B. Bosman¹⁾ bewus is van die feit dat 'n definisie van 'n woord baie nodig is vir die doel van 'n bespreking van hierdie aard, voer hy aan dat „niemand daar nog in geslaag

¹⁾ Sien *Die Aanmeakaarskryf van Woorde in Afrikaans*, bl. 3 en 4.

(het) om 'n duidelike, handelbare definisie" daarvan te gee nie, en gevolglik wil hy hom ook nie daaraan waag nie. Bewus van die gewig van prof. Bosman se verklaring en die gevaar van 'n poging tot die omskrywing van so 'n moeilike en onafgebakende begrip, wil ons dit nogtans vir praktiese doeleindes waag om 'n *woord* te omskryf as 'n verbinding van klanke waaraan 'n bepaalde en min of meer duidelik omlynde betekenis geheg word en terselfder tyd verwys na wat Lecoutere omtrent die saak te sê het: „Wij kunnen door (*woorden*) verstaan: klankcomplexen met een zekere, min of meer duidelijk omlijnde beteekenis. Uit een psychologisch oogpunt beskouwd (of met betrekking tot zijn beteekenis), dient het woord ter aanduiding van een voorstelling (huis, vluchten, langzaam, boven) of een deel van een voorstelling (ik zou geschreven hebben, het hazenpad kiezen) of van een complex van voorstellingen (wijn glas, schuttersgilde, duikbootoorlog). Er bestaat dus een merkbaar verschil tusschen hetgene men een (*woord*) noemt in grammatischen of in semantischen zin".¹⁾

Hoe graag ons ook al metodies te werk wil gaan by die bespreking van hierdie onderwerp, is ons nogtans bewus van die moeilik-hede wat ondervind sal word om 'n mooi en afgeronde indeling te maak; onvermydelik sal onderdele dus oormekaar slaan.

¹⁾ *Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlandsch* deur C. P. F. Lecoutere, bl. 120; Vierde verbeterde en vermeerderde druk bewerkt door L. Grootaers, 1934 (J. B. Wolters — Groningen, Batavia).

HOOFSTUK II.

WOORDINDELING.

Na aanleiding van ons definisie van 'n woord (bl. 19), is dit op hierdie stadium moontlik en paslik om woorde in te deel ten einde hulle vorming en skryfwyse wetenskaplik en metodies toe te lig. Drie groot klasse word aangetref:—

A. Enkelvoudige woorde soos *stoel, boek, lees, klein, groot, stout*, ens., wat uiteraard nie opgebreek kan word nie, en dus geen skryfmoeilikeid oplewer nie.

B. Afgeleide woorde soos die volgende gee ook geen moeilikeid wat die aanmeakaarskryf betref nie: *antwoord, oermens, oertyd, onvas, onsin, wantroue, bekleding, behendig, begryp, belangrik, geskryf, erken, erkenenis, herken, ontslaan, vergroot, vergesel, verdoem, handelaar, slytasie, skinker, drinker, handeling, roersel, rykdom, manskap, denkbaar, trefbaar, doelloos, bloedig, haastig, katterig, vryerig, vergeetagtig, gebeente, lopend, drywend, gouigheid*, ens.

'n Geringe mate van moeilikeid kan wel ontstaan wanneer die afleiding van twee- of meerledige woorde gemaak word (samestellende afleiding), maar ook daar behoort die lengte en die vorm wat die woord aanneem, nie afbreuk te doen aan die gebruik om hulle aaneen te skryf nie. Die praktyk leer ons sonder uitsondering dat woorde met voorvoegsels soos *be, ge-, er, her-, ont-, ver-, aarts-, ant-, oer-, on-, wan-* en agtervoegsels soos *-ig, -erig, -aar, -asie, -er, -sel, -teit, -iet, -ing, -dom, -skap, -baar, -loos, -agtig* altyd aanmekaar geskryf word. Vgl. die volgende:—

eenakter, driedekker, driewieler, bittereinder, agsydig, boomvormig, bekendmaking, genoegdoening, inhegtenisneming, teraardebestelling, indiensstelling, haatdraend, tiendaags, tweedehands, oumensagtig, gedwarsboom.

By hierdie voor- en agtervoegsels word die aanmeakaarskryfreël gehandhaaf al word die vorm ook gedrogtelik op papier, b.v.: *skilpad-wat-sy-kop-intrek-agtig, traak-my-nie-agtig*, ens.

Daar dien in hierdie verband ook geleë te word op die taalverskynsel waar die agtervoegsel woorde wat 'n sintaktiese groep vorm, maar wat nog nie tot 'n samekoppeling ontwikkel het nie, met mekaar verbind tot 'n sogenaamde samegestelde afleiding, bv.: *hoogmoedig, driehoekig, skerphoekig, tweedekker, hardnekkig, tentoonstelling, hofhouding, huishouding, alledaags*. Hier het ons nie afleiding van bestaande samestellinge nie. Woorde soos *hardnekkig, alledaags, veelwyfery* is nie afgelei van *hardnek, alledaag* en *veelwyf* nie, want sulke woorde het nooit bestaan nie. Wat gebeur het, is dat die samekoppeling en die afleiding gelyktydig ontstaan het; die samekoppeling is in werklikheid die gevolg van die afleiding. Nou vind ons egter dat die agtervoegsel later, nadat die verbinding tussen woordgroepe soos *drie* en *hoek, hoog* en *moed, skerp* en *hoek* deur middel van die agtervoegsel tot stand gekom het, weggelaat kan word sonder dat die verbinding daardeur verbreek word. So ontstaan bv.: *almag* uit *almagtig, driehoek* uit *driehoekig, skerphoek* uit *skerphoekig, hoogmoed* uit *hoogmoedig, tentoonstel* uit *tentoonstelling, driewiel* uit *driewieler, drievoet* uit *drievoetig*, ens.

Aangesien daar so min foute by die aanmeekaarskrif van afleidinge en samestellende afleidinge gemaak word, is verdere bespreking oorbodig. Om moontlike moeilikhede op te helder, word 'n lys van bestaande Afrikaanse afleidinge en samestellende afleidinge in Bylae A (bl. 80) gegee. Die lys is heeltemal onvolledig en wil slegs as 'n raamwerk leiding verskaf.

C. Twee- of meerledige woorde: Hierdie klas lewer die moeilikheid op, en 'n grondige bespreking verg 'n onderverdeling in (i) Samestellinge (Eintlike Samestellinge) en (ii) Samekoppeling (Oneintlike Samestellinge). Die gronde waarop hierdie skeiding berus, is van die uiterste belang vir die doeleindes van hierdie verhandeling.

HOOFSTUK III.

SAMESTELLINGE.

Die naam *compositum* (samestelling) is ontleen aan die klassieke grammatika en is 'n vertaling van die Griekse *συνθεσιον*.¹⁾ In die oudheid was die begrip egter nog nie duidelik omlyn nie, en eers later, toe 'n groter kennis van Indogermaans opgedoen is, is dit presies vasgestel. Wanneer bv. in Latyn, Grieks of Sanskrit een woord, en dit spesiaal 'n nomen, uit minstens twee dele bestaan wat elk ook as afsonderlike woord gebruik kan word, dan word dit 'n *compositum* genoem. Een voorwaarde by die oudste tipes samestelling is dat die eerste lid in die stamvorm moet staan. Verder het beide woorde in die reël één gemeenskaplike aksent. Dit is nie uit die geskiedenis van die Indogermaans uit te maak hoe dit ontstaan het nie, aangesien die proses ten tyde van die oudste oorleweringe reeds volkome tot ontwikkeling gekom het.

Alle jongere vorme van Indogermaans, en dus ook die Germaanse tale, het hierdie kenmerkende wyse van woordvorming behou, en deur middel van analogie is dit ook in die moderne tale nog altyd moontlik om nuwe kombinasies na die ou modelle te vorm.

Ons weet dat stamvorme in die huidige grammatika nie meer te herken is nie, en 'n definisie van *compositum* wat vir die ou Indogermaanse tyd passend was, kan dus vandag nie meer gebruik word nie. Dit is egter nogtans moontlik om sonder enige kennis van die geskiedenis van 'n taal met heelwat noukeurigheid vas te stel wat samestellinge is en wat nie. „Heeft men, b.v. in het Nederlandsch, in een zin een opeenvolging van twee of desnoods meer woorden, die niet in de normale syntaxis past, dan kan men daaruit opmaken, dat er een ander verband tusschen die woorden moet bestaan, en wel, dat ze nauwer by elkaar behoren. Soms

¹⁾ *Samengestelde Naamwoorden in het Nederlandsch* deur dr. Jacoba H. van Lessen (J. B. Wolters — Groningen, Den Haag, 1928).

zullen ze naast elkaar staan beide in den z.g. ‚onverbogen‘ vorm, soms lijkt het of het eerste lid den meervoudsuitgang heeft, en in weer andere gevallen zijn er ter verbinding een of meer klanken, hetzij vocaal of consonant of allebeide, tusschen de twee woorden gevoegd¹⁾

Ter aanvulling by hierdie raak gesiene opvatting van die samestelling, sal dit interessant wees om op die omskrywing van dr. M. Schönfeld te let²⁾: „Samenstellingstiepen ontstaan uit syntaktiese verbindingen; ze onderscheiden zich van dergelijke verbindingen, doordat het geheel ten opzichte van de afzonderlike delen in een of ander opzicht geïsoleerd is. Echter zijn de meeste composita niet door isolering uit een woordgroep ontstaan, maar gevormd naar analogie van eenmaal bestaende tiepen. De isolering begint in de regel daarmee, dat de betekenis van de verbinding niet meer dezelfde is als die van de afzonderlike delen, maar heeft vaak tevens betrekking op het aksent, op de wijze van verbinding, op de vorm (klankverandering), op de funksie of op het niet meer voortbestaan van een der delen als afzonderlik woord. B.v. hoge-schóol, zoute-vís; boos-wicht, ver-gezicht, groot-vader, Groot-jan, Kort-muller, Neder-land, Hoog-kerk, Oud-burg; Ganze-bloem, aard-bei; Nie-mijer, wie-rook, arg-list, te-vreden; of-schoon, in plaats van; weer-wolf, oog-lid, maarschalk, de-moed, e-ga, in de war.

„De grens tussen samestelling en woordgroep is niet altyd skerp te trekken; vandaar ook de vaak weifelende skryfwijze. In ’t biezonder geldt dat van de grote groep van samekoppelingen, die men als *juxtapositie* van de eigelike *kompositie* kan onderscheiden, in zoverre dat hier de delen van de samestelling ook nog los naast elkaar kunnen voorkomen; b.v. hoge-schóol, hoge hóed, bij-de-hánd. De isolering betref hier gewoonlik de betekenis en ’t aksent; vaak heerst hier ’t finale eenheidsaksent. Samekoppelingen ontstaan naar de syntaktiese gewoonten van elke periode; later, als die syntaktiese gewoonten zich wijzigen, worden ze echte samestellingen, waarbij dan nieuwe woorden naar analogie van de reeds bestaende worden gevormd. B.v. in de tijd, dat een genitief voorafging aan het woord, waarbij hij behoorde, kon zo’n verbinding een samekoppeling worden:

¹⁾ Samengestelde Naamwoorden in het Nederlandsch, bl. 2.

²⁾ Sien *Historiese Grammatika van het Nederlands*, (Tweede druk, 1924), bl. 140 en 141.

got. *baiŕgs-waddjus*. Later toen de volgorde *genitief + regerend woord* niet meer in de levende taal voorkwam, werden *landsbelang*, *burgemeesters-zoon* enz. samenstellingen, evenals de naar analogie daarvan ontstane: *regerings-maatregelen*, *stads-muur* ens.”.

’n Uitvoerige behandeling van samestelling word ook deur J. H. van den Bosch in *Taal en Letteren*¹⁾ gegee. Hy noem samestelling „het één-worden van twee zelfstandige woorden”, en sien die taalverskynsel verder in die volgende raamwerk.

Neem bv. *watermolen* (watermeul): dit is nie aanmeekaar omdat dit slegs ’n teken van die eenheid van die gesproke woord is nie, en dit word ook nie vinniger uitgespreek as ander woorde in die sin „Hy heeft den *watermolen* uitgevonden” nie. *Water* het die klem. Maar *wàter-molen* staan teenoor *wind-molen*, *stoom-molen*, soos *een hòdòg huis* teenoor *een laag huis*. *Hòdòg huis* voel ons egter nie as samestelling nie; dit is dus ook nie die klemtoon nie. *Molen* met *water* as ’n adjektief daarvoor beteken „molen door water gedreven”. Sy gevolgtrekking is dus dat die eenheid in die betekenis lê: „De eenheid ligt in de beteekenis, in ’t geen by de opeenvolging van dit woordenpaar gedacht wordt; even onafscheidelik als de voorstellingen water en molen in de voorstelling van den watermolen, even onafscheidelik zijn de woorden *water* en *molen* in *watermolen* vereenigd: wij voelen ze één, ze zijn de uiting van een eenheid van voorstellingen, ze staan ons als één voor den geest”.²⁾

Uit bostaande opvattinge van ’n samestelling blyk al dadelik dat daar nie ’n duidelik afgebakende grenslyn tussen samestellinge en samekoppeling getrek word nie. Dit is dan ook die geval in die meeste grammatikas en taalkundige werke, want die twee begrippe hang uiters nou saam en vloei telkens ineen. Soos egter alreeds in Hoofstuk II vermeld, verdeel ons twee- en meeledige woorde in samestellinge (eintlike samestellinge) en samekoppeling (oneintlike samestellinge), en wanneer die indeling gemaak word, is ons ten volle bewus van die moeilike taak wat daardeur op die hals gehaal word. Daar is nie veel faktore waarop die indeling gebaseer kan word nie en baie gevalle wil nie sonder moeite na die een of die ander kant van die grenslyn oorhel nie. Wat betref ’n historiese en taalkundige bespreking van die same-

¹⁾ J. H. van den Bosch; *Over Samenstelling; Taal en Letteren*, 3de en 4de jaargang (Zwolle, W. E. J. Tjeenk Willink, 1893-94) (bl. 11-20 en 145-152).

²⁾ Dieselfde as ¹⁾.

stellingsverskynsel as sulks, sou die indeling derhalwe ook nie nodig gewees het nie, want deur die twee saam te bespreek, kon voldoende lig op die grondidee gewerp word om die begrip doeltreffend toe te lig. Juis om hierdie rede is daar eers na 'n paar taalkundige konsepsies van samestelling verwys waarin die onderverdeling nog nie doelbewus gemaak word nie. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling waar die aanmeekaarskryf-probleem op die spel is, skyn voormelde onderverdeling egter die enigste middel tot doeltreffende ontrafeling te wees.

Volgens ons indeling dan word die begrip samestelling as volg gesien:—

Wanneer daar van iets gepraat word waarvoor daar geen geskikte woord in die taal bestaan nie, kan twee bestaande woorde saamgevoeg word om die nuwe begrip weer te gee. Die twee afsonderlike woorde, elkeen met 'n eie betekenis, word dus byeen-gevoeg as 'n nuwe woord waarvan die betekenis nie presies ooreenstem met die som van die oorspronklike dele nie. (Vgl. de Vries en Te Winkel se omskrywing: „Samengestelde woorden zijn verbindingen van woorden, die tot één geheel verenigd zijn met het doel om een nieuw begrip uit te drukken, verschillend van de som der begrippen, die door de afzonderlijke deelen aangeduid worden”.¹⁾) Die verband tussen die woorde *kamer* en *deur* in die sin *die kamerdeur is groen geverf* is moeilik om vas te stel. Die normale sintaktiese volgorde sou gewees het *die deur van die kamer is groen geverf*, maar die woorde *deur* en *kamer* is uit hulle normale volgorde of sintaktiese verband geneem en saamgestel tot 'n nuwe woord, nl. *kamerdeur*. Hierdie proses van samestelling, wat al in die oudste periodes van ons taalfamilie in werking was, ontstaan plotseling en opsetlik. Dit is 'n taalverskynsel wat in 'n baie belangrike behoefte voorsien en die meeste nuwe woorde in Afrikaans word dan ook deur middel van hierdie samestellingsmetode gevorm.

Interessant is die feit dat die voortbestaan van 'n samestelling afhang van sy aard en gebruiklikheid. Dui die nuwe samestelling iets werkliks en blywends aan, dan kan dit as algemeen gebruiklik in die taal opgeneem word; maar as die behoefte aan so 'n nuwe woord nie meer daar is nie, sal die woord ook verdwyn.

¹⁾ M. de Vries en L. A. Te Winkel; *Woordenlijst voor de spelling der Nederlandsche Taal*; Vierde uitgawe, besorg deur dr. A. Kluyver (Martinus Nijhoff, A. W. Sijthoff, 1893).

Ten einde 'n beter insig te kry in die kern van ons opvatting van 'n samestelling, word 'n indeling volgens grammatikale verhouding tussen die dele gemaak, en daardeur word aan die lig gebring dat die betekenis van 'n samestelling afhang van die betrekking tussen die twee lede en nie van die vorm nie. 'n *Skaapkraal* is 'n kraal vir skape, maar 'n *skaapboer* is iemand wat met skape boer, terwyl *skaapvel* die vel van 'n skaap is; 'n *trekboer* is 'n boer wat trek, maar 'n *trekdier* is 'n dier wat (iets) trek. Vgl. verder *slagding*, *slaghuis*, *slagmes*, *slagoffer*, *slagpale*, *slagtang*, *slagveld*.

Grammatikale indeling.¹⁾

(a) **Determinatiewe samestelling:** die eerste deel bepaal die tweede deel van die samestelling. Die volgende word aangetref: (i) genitiefsverhouding, bv. *wawiel* en *sonsondergang* (wiel van 'n wa en ondergang van die son); (ii) voorsetselbepaling, bv. *hoenderkamp*, *koeikraal* (kamp vir hoenders en kraal vir koeie); (iii) die eerste lid in 'n objekverhouding tot die tweede, bv. *tydverdryf*.

(b) **Komparatiewe of versterkende samestelling.** In 'n woord soos *grasgroen* is daar 'n vergelyking (so groen soos gras) en graadelement (baie groen). Met verloop van tyd het die komparatiewe element op die agtergrond getree en die graadelement begin oorheers. Vandag beteken *grasgroen* vir ons niks anders as *baie groen* nie—die idee van vergelyking is nie meer aanwesig wanneer die woord gebesig word nie. Die eerste lid van die samestelling dien dus net om die betekenis van die tweede te versterk. Dr. Scholtz wys tereg daarop dat hierdie woorde op die grens tussen samestelling en afleiding staan. Vgl. verder *pikswart*, *sneeuwit*, *stokoud*, *kliphard*, *silwerskoon*, *asynsuur*, *galbitter*, *horingoud*, *bloedrooi*.

(c) **Toutologiese of apposisionele samestelling.** Die lede het dieselfde betekenis, en die samestelling het ontstaan omdat die betekenis van die eerste lid nie meer duidelik gevoel is nie en die tweede deel gevolglik ter verduideliking daaraan toegevoeg is. Vgl. *windhond* (wind=hond), *tortelduiw*, *walvis* (wal=vis, Vgl. Engels *whale*), *muilesel*, *spinnepkop* (kop=spin, Vgl. Eng. *cobweb*), *lintwurm*, *volstruis*, *puimsteen*, *klipsteen* (steen = Eng. *stone*), *doeleinde*, *stukvat* (stuk = 'n groot wynvat).

¹⁾ Sien dr. H. v. d. M. Scholtz; *Taal en Taalverskynsels* (Nasionale Pers, Bpk., 1940).

(d) **Verhole Samestellinge** is ou samestellinge waarvan die vorm van een of albei lede met verloop van tyd so verander het dat hulle nie meer herken of van mekaar onderskei kan word nie, bv. *kermis* (kerkmis), *bruilof* (bruidloop), *wingerd* (wyngaard). By sommige van hierdie samestellinge het een van die lede totaal uit die taal verdwyn, bv. *weerwolf* (weer=man), *bruidegom* (gom=man), *domkrag* (dom=duim), *leisel* (sel<seel=koord), *huwelik* (lik<leek=dans, lied), *weeluis* (wee<weeg=muur).

By sy grammatikale indeling sluit dr. Scholtz ook in **Kopulatiwew samestellinge** (waar twee gelykwaardige of newegeskikte begrippe wat netsogoed met en verbind kon gewees het, saamgevoeg word, bv. *Godmens*, *priesterdigter*, *doofstom* (doof en stom); *vyftien*) en **Possessiewe samestellinge** (waar die samestelling uit 'n byvoeglike naamwoord en 'n selfstandige naamwoord bestaan en die karakter het van 'n byvoeglike naamwoord wat die besit van die een of ander eienskap aandui, bv. *domkop*, *rooibekkie*, *swarthemde*, *rooinek*, *duisendpoot*, *drievoet*, *gryshemde*, *wysneus*), maar hierdie twee groepe val volgens ons indeling onder samekoppeling.

Nadat daar lig op die wese van samestelling gewerp is deur op die verhouding van die lede in die nuwe eenheid te wys, sal dit van praktiese waarde wees om 'n **indeling volgens vorm** voor te lê:—

- (1) **S.nw.** + **s.nw.** (*padkos*, *oogmerk*, *blomtuin*, *oorlogskip*, *handskoen*, *skoolkind*, *perdekraal*, *kinderpreek*, *volksblad*).
- (2) **Ww.** + **s.nw.** (*ryperd*, *sitkamer*, *drinkbeker*, *eetlepel*, *breekwater*, *slypsteen*, *skietgeweer*, *snyboontjies*, *skryftafel*, *eetkamer*, *danssaal*, *werkwinkel*, *voegwoord*; *leerskool*, *dwaalspoor*, *skinderbek*, *sukkel-lopie*).
- (3) **S.nw.** + **ww.** (*broekskeur*, *boksprong*, *naelskraap*).
- (4) **s.nw.** + **bw.** of **b.nw.** (*bloedrooi*, *boomryk*, *stofvry*, *grasgroen*, *hemelsblou*, *loodswaar*, *yskoud*, *wonderskoon*, *spierwit*, *skynheilig*, *liefderyk*, *waterarm*, *padlang*, *kliphard*, *spekvet*, *stokoud*, *goudgeel*, *haelwit*).
- (5) **S.nw.** + **voors.** (*bek-af*, *raad-op*, *poot-uit*, *berg-af*).
- (6) **Bw.** + **s.nw.** (*buitekamer*, *buitegebou*, *terugreis*, *terugtog*, *terugkoms*, *heenreis*, *voorbok*, *voorvader*, *agteros*, *agtermiddag*, *agterkant*, *weldaad*, *bolig*, *bodeur*, *bokant*, *byblad*, *bykans*, *oormôre*).

- (7) **Ww. + bw.** (*skreeulelik, praatsiek, weetgierig, merkwaardig, mymersiek*).
- (8) **Voors. + b.nw. of bw.** (*opnuut*).
- (9) **B.nw. of bw. + voors.** (*reguit, kortaf, agterna, agterop, ronduit, hierbo, boonop, regdeur, knaenddeur, deurnat, aloue, voorlangs, hierheen, daarom, daaruut, skuinsuit, aldeur*).

Behalwe bostaande kan nog ander rededele tot samestellinge saamgevoeg word, want bestaande samestellinge kan tot modelle dien na analogie waarvan ander samestellinge gevorm kan word. Dit is veral aan hierdie taalverskynsel toe te skryf dat moeilikheid in baie gevalle ten opsigte van die afbakening tussen samestellinge en samekoppeling opduik. So is dit bv. uiters moeilik om vas te stel of sekere verbindings waarvan die lede volgens vorm samekoppeling is, nie miskien na analogie van alreeds bestaande samestellinge of samekoppeling gevorm is en gevolglik streng gesproke samestellinge is nie. Vir praktiese doeleindes en ter voorkoming van onvoorsigtelikheid hou ons egter sover moontlik by 'n indeling volgens vorme en daar sal gevolglik verbindings onder die samekoppeling in Hoofstuk IV voorkom wat taalhistories hier tuishoort. Dit doen egter geen afbreuk aan die beginsel dat hulle aanmekaar geskryf word nie.

Wanneer daar nou gelet word op die grootste groep samestellinge, nl. dié van selfstandige naamwoord + selfstandige naamwoord, word dadelik opgemerk dat die eerste deel die tweede in 'n mate bepaal en aldus die indruk skep dat dit die werk van 'n byvoeglike naamwoord doen. By nadere beskouing van hierdie verskynsel, kom dit aan die lig dat ons hier met 'n kenmerk van hierdie klas samestelling te doen het. Wat die grootste en belangrikste samestellingsgroep betref, word ons konsepsie dus duideliker en kan daar vasgestel word dat as die eerste selfstandige naamwoord die funksie van 'n byvoeglike naamwoord vir 'n tweede selfstandige naamwoord verrig, die twee 'n samestelling vorm. Hierdie formule kan in werklikheid uitgebrei word tot ander rededele, want daar is rededele wat slegs in samestellinge sekere funksies kan verrig, bv. 'n werkwoord en 'n bywoord kan 'n selfstandige naamwoord alleen in 'n samestelling kwalifiseer (*eetkamer, wastafel, buitekamer, agteros*). Hierdie beginsel kan algemeen gemaak en as volg saamgevat word: „as 'n rededeel 'n vir dié rededeel onnatuurlike funksie verrig vir

'n ander rededeel, dan het ons te doen met 'n samestelling en moet ons aanmekaar skrywe".¹⁾ Wanneer woordverbindings dus 'n onnatuurlike onderlinge verhouding tot mekaar vertoon, kan die rede daarvoor in die samestellings-element gesoek word, en die verhouding van woorde soos *skreeulelik*, *opnuut*, *reguit*, *bek-af*, *broekskeur*, *raad-op*, *berg-af*, kan gevolglik alleen in samestelling voorkom.

Kenmerkend van alle klasse samestellinge is dan die feit dat daar geen gewone sintaktiese verhouding tussen die samestellende dele is nie. Die lede van die samestelling kan nie op 'n natuurlike en normale manier langs mekaar in 'n sin staan nie; hulle is uit hulle normale posisies uit verskillende dele van die sin gehaal en aan mekaar gelas om in 'n nuwe verhouding 'n nuwe woordkombinasie, 'n samestelling, te vorm.

Daar die grondidee en kenmerkende eienskappe van samestelling tot op hierdie stadium so noukeurig moontlik bekyk en toegelig is, skyn dit dus geleë om oor te gaan tot die formulering van die vernaamste aanmekaarskryfreël, nl. dat alle samestellinge (met of sonder behulp van die koppelteken) aanmekaar geskryf moet word.

Die lengte van die samestelling het totaal niks met die skryfwyse te maak nie; die samestellende dele moet aanmekaar geskryf word (natuurlik met 'n koppelteken waar dit vereis word). Ons kry baie voorbeelde van uiters lang samestellinge in die Afrikaanse skryftaal. Vgl. die volgende: beetsuikerfabrieksarbeiderswerkstaking, Regeringswerknemersondersteuningsfonds, lewensversekeringsmaatskappy (Wlys, bl. 138), huweliksvoorwaardekontrak (Regswb., bl. 165), binnebandvervaardigingsnywerheid, belastingdelgingsertifikaat (Transvaler, 13 Maart 1941), Hoofknaagdierbestrydingsbeampte, kopersoldeerbout-soldeersel, lewenslidmaatskapsertifikaatuitreiker, Regeringsvrugte-inspekteurs (Transvaler, 4 Maart 1941), Regeringswynbouproefplaas (Die Burger, 10 Maart 1941), Spoorwegbegrotingswetsontwerp (Transvaler), uithangbordletterskilderwerk, veiligheidsvoorsorgsmaatreëls, Interuniversiteitsdebatsverenigingswelsprekendheidsmedalje, kafferwaatlemoententoonstellingskomiteevergadering (Potgieter).

Taalkundig is daar niks teen hierdie lang vorme aan te voer nie. Hulle verryk die taal en werk bondigheid in die hand. Dit is

¹⁾ Die *Aanmekaarskryf van Woorde in Afrikaans* deur prof. D. B. Bosman, bl. 7

enkel uit 'n styloogpunt dat te lang samestellinge af te keur is, omdat hulle die leser se taak moeilik maak. Wanneer die lengte van so 'n samestelling dus leesmoeilikheid en verwarring kan veroorsaak of te gedrogtelik word, is dit wenslik om die begrip te omskryf, bv. vir die laaste voorbeeld hierbo: komiteevergadering van die kafferwaatlemoentoonstelling (tentoonstelling van kafferwaatlemoene).

Alvorens daar van hierdie aspek van ons bespreking afgestap word, sal dit van belang wees om eers in te gaan op die oorsaak van die losskryf van samestellinge in Afrikaans. Die kern van die moeilikheid kan dan ook sommer dadelik in die Engelse invloed gesoek word. In Suid-Afrika staan die twee landstale, Engels en Afrikaans, langs mekaar, en waar Engels eers op die meeste gebiede die voorrang geniet het, begin Afrikaans nou so stadigaan sy plek as gelyke inneem. Daar is 'n harde en bewuste stryd gestry om Afrikaans te bring waar dit vandag is, en nou kan Afrikaans enkel deur bewuste puristiese voornemens suiwer gehou word van beïnvloeding deur sy mede-landgenoot. Baie Afrikaners dra hulle deel by om dreigende Engelse spore uit ons taalakker te hou; dit is in der waarheid uiters verbasend dat Afrikaans nog so suiwer bly en by baie selfs toeneem in suiwerheid van woord en idioom. Maar ondanks die verblydende tekens, is die Engelse invloed tog steeds besig om homself in Afrikaans te openbaar. Hierdie spore is nie net in die Afrikaanse woordgebruik en idioom te bespeur nie, maar ook in die skryfwyse van woorde en ons sien dus die oorsaak vir die herhaaldelike losskryf van samestellinge in Afrikaans in die Engelse losskryfmetode.

G. V. Carey¹⁾ wys daarop dat sekere woorde soos *landlord*, *playmate*, *boatman*, *handkerchief*, *waistcoat* in Engels aanmekaar geskryf word, dat gevalle soos *wash-basin*, *wrist-watch*, *tie-pin*, *scrap-book*, *india-rubber*, gekoppel word en dat woorde soos *coal mine*, *tobacco pouch*, ens., nog los geskryf word. Hy dui deur die drie groepe aan hoedat pare woorde wat in noue verband gebruik word deur drie ewolusiestadiums gaan, nl. eers los, dan gekoppel en later vas. Dit blyk dus duidelik dat daar geen reël in Engels bestaan om samestellinge aanmekaar te skryf nie. Kortom, dit is heel duidelik uit Engelse woordeboeke en boeke dat same-

¹⁾ Vgl. G. V. Carey; *Mind the Stop*, bl. 79 en 80 (Cambridge University Press, 1940).

stellings oor die algemeen nog los geskryf word of altans sonder die minste twyfel los geskryf kan word. En hier het ons dan ook die kern van ons losskryfmoeilikeid—dit is die gebruik in die taal wat as gelyke langs Afrikaans geskryf word wat veroorsaak dat samestellinge so dikwels los geskryf word. In hierdie lig beskou, moet ons dan ook die losskryf van samestellinge en selfs van ingeburgerde samekoppeling as anglisismes bestempel.

Treffende bewyse van die Engelse invloed pryk oral op uitgangborde en geboue. Let maar op die volgende: *Oorlosie maker, skoen winkel, skoen maker, tee kamer, mans uitrusters, dames uitrusters, juweliers winkel, losies huis*, ens., ens.—almal treffende bewyse van die vreemde wat indruis teen ons taaleie. As daar dus bewus getrag word om die aanmeakaarskryfreël by samestellinge deurgaans te handhaaf, is daar al baie bereik wat betref 'n eg Afrikaanse taal en skryfwyse.

Vir praktiese doeleindes word 'n beknopte lys van bestaande samestellinge in Bylae B (bl. 83) gegee. Hierdie lys behoort in sy geheel as model te dien ter uitkenning en herkenning van samestellinge. Weereens word daarop gewys dat daar miskien in Bylae C (Ware Samekoppeling) voorbeelde sal voorkom wat hier tuishoort, want ons is wel deeglik bewus van die feit dat daar samekoppeling is wat na analogie van bestaande eenhede ontstaan het en dus streng gesproke onder die samestellinge tuishoort. Vgl. bv. Stofaanduidende Byvoeglike Naamwoorde.

HOOFSTUK IV.

SAMEKOPPELINGE (Oneintlike Samestellinge).

In die vorige hoofstuk is verduidelik dat samestellinge sintakties onnatuurlik is; dat hulle nie vanself aanmekaar vasgegroeï het nie maar uit hulle natuurlike sinsverband gehaal en aanmekaar vasgeplak is. Hierteenoor kry ons egter ook 'n proses wat sintakties heeltemal natuurlik is. In elke sin is daar gewoonlik woordgroepe waarvan die woorde sintakties met mekaar verbind is, en na gelang sulke sintaktiese groepe herhaaldelik langs mekaar in die sin voorkom, word die betrekking tussen die dele sterker en hefter totdat hulle naderhand as 'n eenheid beskou en aanmekaar gekoppel word. Daar word dan nie meer bewus gelet op die betekenis en funksie van die afsonderlike woorde nie. Wat eers twee was, het nou saamgegroeï tot een met één betekenis en één funksie: die sintaktiese groep het 'n samekoppeling geword.

Die sintaktiese verband tussen die dele van die samekoppeling kan verskillend wees, en vir praktiese doeleindes word die volgende onderskei:—

- (1) **B.nw.** + **s.nw.** (*grootvader, kleinseun, soetlemoen, rooibok, rooiborsie, witwortel, Blouberg*).
- (2) **Bw. of bw. bepaling** + **ww.** (*doodslaan, uitgaan, hoekom, vasknoop, vasbind, wegloop, binnegaan, saamgaan, wegneem, aanbrand; inloop*).
- (3) **Voorwerp** + **ww.** (*gelukwens, perdry, deelneem, padgee, lesgee, houtkap*).
- (4) **Bw. of voors.** + **b.nw.** (*helderrooi, ligblou, donkergroen, swartbont, suursoet, oorgroot, vergoed, vereers, oorvol*).
- (5) **Voors.** + **lw.** + **s.nw.** (*inderdaad, tersake < te der sake, mettertyd*).
- (6) **Voors.** + **s.nw.** (*vanaand, vannag, terug, ingeval*).
- (7) **Verdubbelinge**:
 - (a) **Ww.** + **ww.** (*lag-lag, draf-draf, eet-eet, gesels-gesels, fluit-fluit, sit-sit, sing-sing, sukkel-sukkel*).

- (b) **Bw. + bw.** (*kort-kort, gou-gou, nou-nou*).
- (c) **S.nw. + s.nw.** (*bietjie-bietjie, bok-bok, kaart-kaart, bal-bal, troppe-troppe, tol-tol*).
- (d) **Telw. + telw.** (*twee-twee, drie-drie*).
- (8) **S.nw. (as voorwerp) + teenw. deelw.** (*sielsdodend(e), hartbrekend(e), oorverdowend(e), tydrowend(e), vleisetend(e)*).
- (9) **Bw. of b.nw. + teenw. deelw.** (*hoogdrawend(e), hoogstaande, langslewend(e), laatbloeiend(e), woesklinkend(e), bysiende, rustig-vloeiend(e)*).
- (10) **Bw. of b.nw. + verl. deelw.** (*swartgewiekte (raaf), platgetrapte (gras), welgestelde (boer), hardgewerkte (hande), kortgeknipte (hare), witgeverfde (venster), hooggeroemde (vryheid), goedgekwalifiseerde (persoon)*).
- (11) **S.nw. + verl. deelw.** (*sonbestraalde (landskap), reëndeurweekte (grond), bosbegroeide (rante)*).
- (12) **Telw. + s.nw.** (*driehoek, duisendpoot, vierkant, driewiel*).

Daar dién noukeurig kennis geneem te word van die feit dat samekoppeling vrywillig en natuurlik saamgegroeï het en as sulks te eniger tyd weer opgebreek kan word. Geen wonder dan ook dat daar dikwels met die hande in die hare gesit word wanneer woorde van hierdie aard neergeskryf moet word nie. By die persoon wat trag om konsekwent te bly ten opsigte van die skryfwyse van woorde, ontstaan die vraag telkens of 'n besondere woord of woordgroep alreeds 'n samekoppeling is al dan nie. Hierdie skryfmoeilikheid is in ooreenstemming met die feit dat twee woorde meer of minder vas gekoppel kan wees en dat die grens tussen 'n sintaktiese groep en 'n samekoppeling nie altyd skerp te trek is nie. 'n Woordgroep wat vir een persoon 'n samekoppeling is, kan vir 'n ander 'n sintaktiese groep wees, omdat hy nog in 'n maté of ten volle bewus is van die oorspronklike of letterlike betekenis van die samestellende dele.

Dit is dan ook onmoontlik om vaste reëls neer te lê vir die aaneenskryf van samekoppeling. Maar dit sal nogtans die moeite loon om die verskynsel van samekoppeling op wetenskaplike wyse in oënskou te neem. Die beste is dan om te wys op die eienskappe wat samekoppeling kenmerk.

Die belangrikste kenmerk wat ons meestal in staat stel om samekoppeling van los kombinasies te onderskei, is die **eenheidsaksent**. Om hierdie begrip toe te lig, sal die volgende twee sinnetjies nader beskou moet word: *die geelperskes is ryp en*

groen perskes is ongesond. Al dadelik merk ons dat, hoewel geel en groen in beide gevalle meer aksent kry as perskes, geel in geelperskes 'n groter aksentoorwig oor perskes het as groen in groen perskes. In geelperskes is die aksent op perskes baie geringer as dié op geel, terwyl die tweede element in groen perskes, hoewel swakker, nogtans 'n selfstandige aksent langs die eerste het. Soortgelyke voorbeelde is volop in Afrikaans: geelwortels, swartslang, groenpruim, suurlemoen, teenoor geel vlae, swart dasse, groen lande, suur druiwe, ens. en hardloop teenoor hard ry, snelskrif teenoor mooi skrif, 'n armblanke teenoor 'n arm blanke, 'n edelman teenoor 'n edel man. In die geval van armblanke, netsoos ook by nuwejaar¹⁾ en hoëpriester, val die baasaksent op die tweede lid. In gevalle waar die aksent van een deel van die verbinding die botoon voer oor dié van die ander, onverskillig of dit dalend is of stygend, het ons wat bekënd staan as die eenheidsaksent. Vgl. die volgende voorbeelde van dalende eenheidsaksent: rietdàk, rietfluitjie, ysterpàal, ystervàrk, plànkvlòer, misvlòer, héeldàg, eiebelàng, éenkànt, ànderkànt, gróotmàn, blóutòng, ens.; en die volgende gevalle van stygende eenheidsaksent: gòuering (my storie begin), gòuefluit (my storie is uit²⁾), witseerkéel, kwàaivrinde, wildehónd, wildekát, wildehoènder, wilde-éénd. Die dalende betoning kom verreweg die meeste voor en is histories die oudste, maar ook die stygende is iets wat Afrikaans met ander Germaanse tale gemeen het.³⁾

Hoewel hierdie eenheidsaksent 'n oorwegende faktor by die samekoppeling in teenstelling met die los kombinasie is, kan dit nogtans nie as onfeilbare toets voorgelê word nie aangesien die aksent by een persoon verskillend kan wees van dié by 'n ander. Waar die een eenheidsaksent gebruik, kan die ander nog aan die gelykmatige aksent hou.

Die doeltreffendste metode skyn dus te wees om eers die verskillende aspekte van samekoppeling in oënskou te neem en dan 'n allesomvattende toets voor te lê. As uitgangspunt kan die

1) Nuwejaar staan teenoor *núwe jaar* in die sin van *wat gaan jy in die núwe jaar doen*.

2) In *Oor die Afrikaanse Sintaksis* wys dr. J. J. le Roux daarop dat aan hom meegedeel is dat *goue kwint* (my storie begint), *goue kalf* en *goue fluit* in die Vrystaat nog nie samestellinge geword het nie. Baie mense sou daar nog aparte woorde met gelykmatige aksent gebruik . . . dadelik 'n bewys van hoe die gevoel kan afwissel.

3) Vgl. *Oor die Afrikaanse Sintaksis* deur dr. J. J. le Roux (Zwets en Zeitlinger, Amsterdam).

raakgeformuleerde aanhaling ten opsigte van die saamgroei van adjektief en substantief uit *Oor die Afrikaanse Sintaksis*¹⁾ aangevoer word.

„Daar Substantief en Adjektief saam dien tot benoeming van een voorwerp, is daar 'n baie klein oorgang voer nodig om hulle in die gees te laat samegroei tot een begrip. 'n Vreemdeling, wat êrens kuier, kan in die slaapkamer 'n beker opmerk, wat hy sal beskrywe as 'n *erde-beker*, waar *erde* die stof aangee waarvan die beker gemaak is. Maar die huisvrou wat in die een kamer 'n *erde-beker* het en in 'n ander kamer 'n *porselein-beker*, voel nie meer die stof-aanduidende inhoud van die eerste deel van hierdie uitdrukkinge nie. Sy sien in haar gedagte twee voorwerpe—bekers—met twee andersluidende name. Vir haar het dus die oorspronklike groep (Subst. + Adj.) tot 'n samestelling (Substantief) geword. Op dieselfde manier kan iemand 'n berg sien en sê: *Kyk, daardie blou berg*; maar dis móontlik dat die mense wat in die omgewing woon, al so dikwels die berg op dieselfde manier beskrywe het, dat hulle nie meer die afsonderlike betekenis van die woorde voel nie. Vir hulle het *Blouberg* tot 'n eienaam geword wat uit een woord bestaan”.

Die vreemdeling beskou *blou berg* dus nog as 'n sintaktiese groep (b.nw. + s.nw.), terwyl die mense uit die omgewing praat van *Blouberg*, wat 'n samekoppeling is.

Na aanleiding van hierdie voorbeeld kan ons nou stap vir stap nagaan hoe die sintaktiese groep of los kombinasie van die samekoppeling verskil, en drie aspekte word onderskei:

(a) Die betekenis van die samekoppeling *Blouberg* is nie meer dieselfde as die som van die twee dele *blou* en *berg* nie. Die twee afsonderlike woorde het hulle betekenis en funksie in die nuwe woord, die samekoppeling, verloor. Die nuwe betekenis is afgeskei of geïsoleer van die oorspronklike betekenis, 'n verskynsel wat in die taalwetenskap bekend is as **isolering van betekenis**.²⁾ Van den Bosch³⁾ lig hierdie verskynsel raak toe waar hy die betrekking tussen 'n substantief en die voorafgaande adjektief behandel. Die sintaktiese betrekking tussen 'n adjektief en 'n substantief kan allengs inniger word; die adjektief kan dan wel in 'n verboë vorm staan en hom nietemin met die sub-

¹⁾ *Oor die Afrikaanse Sintaksis* deur dr. J. J. le Roux, bl. 48.

²⁾ Vgl. bv. *Taal en Taalverskynsels* deur dr. H. v.d. M. Scholtz, bl. 79.

³⁾ J. H. van den Bosch, *Over Samenstelling; Taal en Letteren*, 3de en 4de jaargang (Zwolle, W. E. J. Tjeenk Willink, 1893-94) (bl. 11-20 en 145-152).

stantief net so nou verbind as *water* met *meul* in die samestelling *watermeul*. Hy neem die sin „De hòdige priester staat in het heiligdom” en vra homself af hoekom *hoogepriester* tans een woord is hoewel dit nog dieselfde klemtoon en tempo of snelheid van opeenvolging het.¹⁾ Sy verklaring is dat *hooge* en *priester* in ’n inniger verbintenis gekom het as wat daar gewoonlik tussen ’n substantief en sy adjektief is, „. . . en dat ligt wederom niet in den zinlijk waarneembaren, den hoorbaren vorm, maar het zit in het zielebeeld thans aan dat hòdige priester vast. Hiervan is het aaneenschrijven het teeken”.²⁾ In *hoogepriester* het die eintlike betekenis van die adjektief so op die agtergrond getree dat dit glad nie of skaars nog gevoel word. Die opperste van die godsdienare was ook ’n man van ’n ander amp; hy het ’n heel besondere posisie gehad. Sy betrekking met laer verloor ’n mens uit die oog en daar word slegs aan die besondere in sy amp gedink. „Daarmee raakte *hooge* zijn zelfstandigheid kwijt en, zich met *priester* meer assimileerend, vormde het daarmee een nieuw woord met eigen beteekenis.”³⁾ By *hoogepriester* dink ons nie meer aan hoog nie; ons onderskei *hooge* nie meer nie maar dink enkel aan die ander kenmerke van die amp.

Dit is nie seldsaam dat die klemtoon in gevalle van hierdie aard van die bepalende op die bepaalde woord gaan en laasgenoemde woord as die vernaamste gevoel word nie, bv. Hoogeschòl. In so ’n klemtoonverplasing word die eenheid hoorbaar; dit is die bewys in die klank dat die adjektief sy funksie van onderskeiding en karakterisering opgegee het, of ten minste nie meer met dieselfde krag uitoefen nie. *Hoogeschool* kry die betekenis van *academie* en *universiteit* en nie meer van *hòdige school* nie.

Edelsteen en *wittebrood* het uit sintaktiese verband ontstaan. Hulle word toegepas op ’n bepaalde saak: stene wat hulle onderskei en uitblink en brood wat nie swart of bruin is nie. By *edelstene* kry ’n mens die voorstelling van iets flonkerends, skitterends, kleurigs en kosbaars; by *wittebrood* dink ’n mens meer aan vorm en smaak. Op hierdie wyse isoleer *wit* en *edel* hulle van hul gebruik in *edel dier*, *edele daad*, *edel bloed*, *wit sand*, ens.

1) Hier is van den Bosch se opvatting nie heeltemal juis nie want *hoogepriester* het ’n ander klem en tempo as *hooge priester*. Sy artikel is eger al voor 1900 geskryf en ons weet dat die klem en tempo van ’n-woord maklik verander.

2) Uit *Over Samenstelling*.

3) Uit *Over Samenstelling*.

Isolering bestaan ook in verskillende grade. Die sintaktiese verband van *edel steen* gaan oor tot 'n steeds nouer vereniging, na mate die betekenis van die adjektief minder voelbaar word en hy sy selfstandigheid opgee. Die eenheid is volkome as die bepalende woord hom heeltemal in die ander opgelos het. Die eerste lid het wesenlik deel aan die nuwe woord, het meegewerk in die wording en terwyl dit as woord vernietig is, het dit in 'n ander bestaansvorm oorgegaan. Die eerste lid is, net so goed as die tweede, draer van die nuwe voorstelling.

(b) In die tweede plek verskil die sintaktiese groep *blou bér*g van die samekoppeling *Bloubèrg* daarin dat die samekoppeling gekenmerk word deur die **eenheidsaksent**.¹⁾ In die geval van *blou bér*g het elke woord sy eie aksent en die twee aksente is so te sê ewe swaar, terwyl die samestellende dele in *Bloubèrg* hul afsonderlike aksent verloor het en saamgetrek word onder een hoofaksent asof hulle een woord is. Die eerste deel dra nou die hoofaksent, terwyl die tweede, nl. *bèrg* 'n byaksent het. Soos alreeds aangetoon, kan die hoofaksent natuurlik op enige van die twee lede val—die eerste of die laaste.

(c) Derdens word die samekoppeling gekenmerk deur 'n **versnelde tempo in die uitspraak**. In die geval van *blou bér*g is daar 'n duidelike pouse of breuk tussen die twee woorde, maar *Bloubèrg* word aaneen uitgespreek sonder dat die stem onderbreek word. Die versnelde of eenheidstempo smee die twee woorde dus saam tot 'n hegte eenheid.

Om op te som, vind ons dus dat samekoppeling uit sintaktiese groepe ontstaan en gekenmerk word deur:

- (a) funksieverandering en isolering van betekenis,
- (b) 'n eenheidsaksent en
- (c) 'n versnelde tempo in die uitspraak.

Hierdie drie eienskappe is dan ook die enigste middels wat, in die vorm van 'n drieledige toets, aangewend kan word om vas te stel of ons met 'n los sintaktiese groep of met 'n samekoppeling (een woord) te doen het. Vgl. die volgende:—

Die *blinde mán* lees met sy vingers teenoor: Kom ons speel *blindemán*.

Dit is 'n gebou vir *ou mense* teenoor: Jy is 'n regte *oumèns*.

¹⁾ Hierdie faktor is alreeds volledig bespreek.

Ek het my *hánd vól* albasters gehad teenoor: Ek gee jou 'n mes vir 'n *hándvól* albasters.

Jy raas *só*, *dát* ek nie kan werk nie teenoor: Hy werk *sódát* hy kan slaag.

Hy besit *alles*, *behálwe* gesondheid teenoor: Jou werk is *allesbehálwe* goed.

Daar is nog 'n faktor wat, hoewel dit in werklikheid 'n inherente deel van die toets vorm, nogtans besondere vermelding verdien. Party verbindings kan deur 'n ander Afrikaanse of 'n Engelse woord met dieselfde betekenis vervang word, en wanneer daar so 'n woord gevind kan word vir 'n verbinding waarvan die skryfwyse twyfelagtig is, dan kan ons byna sonder uitsondering aaneenskryf. Vgl. bv. *bywyle* = soms, somtyds; *so-te-sê* = nagenoeg; *doodmaak* = „kill”; *oorgaan* = „cross”, ens. Daar moet egter gewaak word teen die konserwatisme van die skryftaal. Let bv. op *ten minste* in die betekenis van *minstens* en *op sy minste* wat deur *minstens* vervang kan word en nogtans in die skryftaal meestal as twee woorde voorkom.

Alvorens ons na die praktyk gaan om te bepaal in hoeverre hierdie drieledige toets doeltreffend is, word daar eers by die sgn. samegestelde werkwoorde en wel by die skeidbaar samegestelde werkwoorde stilgestaan.¹⁾ Volgens ons uiteensetting behoort hierdie werkwoorde egter samegekoppelde werkwoorde genoem te word, en hulle sal dus as sulks behandel word.

Volgens vorm verdeel ons hierdie verbindings in die volgende groepe:—

- (a) **S.nw. as voorwerp + ww.** (*plaasvind*, *skoolgaan*, *perdry*, *asemhaal*, *stofskop*, *bokspring*, *dagsê*, *riemspring*).
- (b) **Bw. of bw. bepaling + ww.** (*deurloop*, *toesluit*, *slegsê*, *deurbring*, *agterkom*, *mooipraat*, *hoogskat*, *swartsmeer*, *skoolgaan*, *blootstaan*, *bystaan*, *weergee*, *toelaat*).
- (c) **Voors.²⁾ + ww.** (*uitgaan*, *uitstal*, *uitnooi*, *oproep*, *ingaan*, *inloop*, *saamgaan*).

Hier is nou 'n verbinding wat baie moeilikheid in die praktyk gee. Vgl. maar *goedvind* naas *snaaks vind*, *doodskiet* naas *morsdood val*, *asemhaal* naas *asem uitblaas*, ens., ens. Die vraag is verder

¹⁾ Die onskidbaar samegestelde werkwoorde lewer geen moeilikheid nie, want wesenlik is hulle een.

²⁾ Dit is dikwels moeilik om te onderskei tussen 'n voorsetsel en 'n bywoord — Voorsetsels word dikwels as bywoorde gebruik.

of ons moet skryf *misvat* of *mis vat*, *skoonwas* of *skoon was*, *rondloop* of *rond loop*, *binnegaan* of *binne gaan*, ens. . . . en op hierdie gebied heers daar vandag die grootste willekeur en selfs verwarring en twyfel. Let maar op die verskillende opvattinge in twee Afrikaanse Grammatikas: Booyesen, Marais, Steyn en Bonthuys¹⁾ sê bv.: „Wanneer hierdie bywoord reg voor die werkwoord te staan kom, soos in: Hy het in die stad *rond/geloop*, is die gewoonte om die twee woorde aaneen te skryf; dus *rondgeloop*, *deurgestap*, *uitsien op* ens.”, terwyl C. P. van der Merwe²⁾ wanneer hy „die moeilike vraagstuk van die bywoord + werkwoord” behandel, daarop wys dat daar op hierdie gebied vandag die grootste verwarring in Afrikaans heers en die saak as volg stel: „Dit sal egter duidelikheid bevorder as ons die suiwere bywoord los skrywe behalwe waar ons wil differensieer soos *mooipraat* en *mooi praat* en ook gevalle waar die bywoord heeltemal verbleek het in betekenis soos *misken*, *rondgaan*, *loskom* ens.”³⁾

Die beste skyn egter te wees om die saak verder te voer as bewerings en op die kern van die verskynsel te wys.

Soos alreeds aangetoon, het ons hier met samekoppeling te doen. Die verbindings is nie gemaak nie maar het ontstaan deurdat 'n selfstandige naamwoord of bywoord dikwels saam met 'n bepaalde werkwoord gebruik is. In hoofsaak is dit hier ook maar die drieledige toets wat as maatstaf ter bepaling van die skryfwyse sal moet dien. Dit is veral die isoleringselement wat hier van waarde is want ons merk dat die bywoordelike deel in samekoppeling van hierdie aard meestal maar 'n swak bywoordelike krag oorgehou het. As 'n mens sê: Ek is *uitgenooi*, dan sê jy nie hoe of waar jy genooi is nie: dit is bloot die woord *uitnoui* met sy besondere kleur en betekenissskakeling wat jy gebruik. In die geval van: Ek het *vinnig gestap*, sê jy hoe jy gestap het en *stap* is die werkwoord—geheel en al los en onafhanklik van *vinnig*.

Die begrip kan verder toegelig word deur twee voorbeelde: „Die man wil die deur *groen verf*” en „Die man wil die bok *doodskiet*”. Netsoos *groen* die toestand aandui waarin die deur

¹⁾ *Die Nuwe Praktiese Grammatika* deur C. M. Booyesen, J. Marais, H. A. Steyn, J. B. Bonthuys (Nasionale Pers, Bpk., 1940).

²⁾ 'n *Handleiding vir Sekondêre Afrikaans-leerlinge* deur C. P. v.d. Merwé.

³⁾ Dit is dadelik duidelik dat C. P. v.d. Merwé dieper sien.

kom, so noem *dood* die toestand waarin die bok kom. In die eerste geval word *groen* en *verf* sonder enige twyfel los geskryf, terwyl daar in die tweede geval 'n baie noue verbinding gevoel word en *dood* en *skiet* onwillekeurig aaneengeskryf word. Ons merk dadelik die isolering van betekenis in die laaste geval. 'n Mens kan op so baie maniere skilder dat die nadere bepaling *groen* iets toevalligs skyn te wees. Die werkwoord is *verf* en baie bywoorde of bywoordelike bepalings (bv. *geel*, *groen*, *swart*, *rooi*), kan as toevallig en mekaar dikwels afwisselende daarvoor gebruik word—bloot as 'n bepaling. Heel anders is dit egter met *skiet*, want *iets doodskiet* is 'n aparte kuns wat sy eie naam kry. Net so ook het *kwytskeld* 'n ander betekenis gekry as wat die twee dele gehad het en by *goedkeur*, *hoogag*, *gadeslaan*, *regspreek*, ens., dink ons nie meer aan die ou betekenis wat die twee lede van die samekoppeling verteenwoordig nie.

Die verbale samekoppeling het dus ontstaan deur die samegroeiing van die begrip van die ww. met die van die bepaling of voltooiing tot 'n nuwe eenheid, soms met die verbleking van die betekenis van die werkwoord of van die bepalende woord (die s.nw., bw. of voors.). Kenmerkend van hierdie samekoppeling is dan die eenheidsaksent, soos dr. J. J. le Roux dit uitdruk: „In die samestelling Ww. + Subst. kry die Subst. die hoofaksent, terwyl Ww. en bepaling of voltooiing anders ieder 'n eie aksent het. . . . By die samestelling Ww. + Adw. kry die werkwoorde soms die hoofaksent en die adverbium soms, terwyl die Adj. die aksent kry in die samestelling Ww. + Adj.”¹⁾

Dr. le Roux lig dié verskynsel egter verder toe en wys daarop dat die substantief in hierdie verbale samekoppeling (a) die manier van die handeling aangee, bv.: Die gerwe moet *hoopgedra* word; *violspeel*, *perdry*, *kopspeel*, *handeklap*, *voetslaan*, *kennismaak*, *gelukwens*, *dagsê*, *stofskop*, ens., (b) die doel uitdruk waarop die handeling gerig is, bv.: *skuilingsoek*, *hoopopgee*, *asemophou*, Hy kan nie *asemkry* nie, Hy sien hoe die gras *vuurvat*, Hy het probeer *kopwegtrek*, Hy begin *gedagtekry* van die huis, *padgee*, *spoor sny*, *pypopsteek*, ens. Dr. le Roux beveel vervolgens aan dat hierdie verbindinge aaneen geskryf moet word as die substantief onmid-

¹⁾ Oor die Afrikaanse Sintaksis deur dr. J. J. le Roux, bl. 147-148.

dellik voor die werkwoord staan,¹⁾ soos ook gedoen word met die werkwoord en die bywoord.

Hoewel hierdie opmerkinge van dr. J. J. le Roux bate lig werp op die kwessie van verbale samekoppeling en ook gegrond is weens die feit dat dit vir baie gevalle juis is, verdien dit nogtans nie as sulks aanbeveling nie. Die praktyk lewer al dadelik talle voorbeelde wat indruis teen die skryfwyse wat hy in 'n enigsins breë formulering wil voorstaan. Vgl. maar net die skryfwyse van *skuiling soek*, *hoop opgee*, *asem ophou* en talle soortgelyke voorbeelde. Wanneer dr. le Roux egter die saak as volg sien: „Korter bepalinge het, as hulle sonder voorsetsels gebruik word, egter 'n sterk neiging om samestellinge met die werkwoord te vorm, sodra hulle veel voorkom by 'n bepaalde werkwoord”,²⁾ dan kom hy waarskynlik so na moontlik aan die praktyk en die kern van die verbale samekoppelingselement, want hierdie verbindings sal byna sonder uitsondering aan die drieledige toets voldoen.³⁾

Waar daar op sekere formuleringe en opvattinge ten opsigte van verbale samekoppeling gewys is, was die doel enkel om meer lig op die wese van die taalverskynsel te laat val. Ons gevolgtrekking na alles is breed en nie naastenby in die vorm van 'n vaste formulering nie. Dit is weer essensieel die drieledige toets wat ons in 'n enigsins gewysigde vorm as maatstaf voorlê. Skryf dus aaneen wanneer die verbale samekoppeling:

- (a) Isolering van betekenis vertoon. Dit sluit in: (i) verswakking van die normale funksie van een lid, by die bywoord vertoon swak bywoordelike krag; (ii) verbleking van die betekenis van een lid; (iii) 'n aparte voorstelling deur die twee saam, d.w.s. die twee lede saam stel iets voor wat verskillend is van die begrip wat deur die oorspronklike twee lede saam ingehou word.

¹⁾ Dis interessant om op C. P. v.d. Merwe se formulering te let: „... as die naamwoord eerste staan, dan skrywe ons los: bv. *tennis speel*, *gerwe sny*, *skuld maak*, want skrywe ons hulle as een woord, dan sal ons later, om konsekwent te wees, *gedigtevoordra* en *skaapkralemaak* moet skrywe” — Daar word egter nie rekening gehou met die feit dat taal hom nie aan konsekwensies laat bind nie.

²⁾ *Oor die Afrikaanse Sintaksis* deur dr. J. J. le Roux.

³⁾ Dit is interessant om daarop te let dat die lidwoord of persoonlike vnv. in sommige verbindings van 'n s.nw. en ww. gebruik word om twee eenhede aan te dui waar daar sonder die woordjies ongetwyfeld 'n vaste verbinding (samekoppeling) sou wees. Vgl. jy moet *handgee*, maar jy moet *jou hand gee*; *perdry* maar die *perd ry*, *gekskeer* maar die *gek skeer*, ens.

- (b) 'n Eenheidsaksent het.
 (c) Gekenmerk word deur 'n versnelde tempo in die uit-spraak.

Al dadelik egter voel ons 'n mate van twyfel wanneer ons woorde soos *stukkend/skiet*, *bymekaar/tel*, *verby/hardloop*, *vorentoe/hardloop*, *agteruit/beur*, *aanmekaar/lym*, ens., volgens ons toets probeer tuisbring. In die praktyk word hierdie woordgroepe dan ook los en vas geskryf: elke skrywer volg sy eie kop en die wat navraag doen, kry verskillende opvattinge. Die Afrikaanse Bybel skrywe hierdie klas verbale verbinding aaneen,¹⁾ terwyl die neiging by die meeste ander Afrikaanse skrywers skyn te wees om los te skryf.²⁾

Niemand sal egter 'n ernstige fout begaan deur hierdie grensgevalle los of aaneen te skryf nie. Die betekenis bly tog in beide gevalle dieselfde.

Nadat die nominale en verbale samekoppelingsverskynsel so volledig moontlik bekyk is en daar in beide gevalle op 'n bepaalde drieledige toets ten opsigte van die skryfwyse—los of vas—besluit is, wil ons graag wys op die moeilikhede wat daar by die toets betrokke is. Om mee te begin, wys ons ook daarop dat die toets volstrek nie volmaak is nie, maar deur op die aspekte te wys wat teen die doeltreffendheid van die toets inwerk, sal die moeilikhede vanself gertinger word. Prof. Bosman³⁾ noem die eenheidsaksent as die beste toets wat hy ken, maar voeg daaraan toe: „. . . ongelukkig laat ook hierdie toets ons in die steek. In die eerste plek vereis dit 'n enigsins ontwikkelde oor om die eenheidsaksent te onderskei; maar dit sou natuurlik geen afdoende beswaar teen die reël wees nie. Ongelukkig egter is daar baie gevalle waar 'n woordkombinasie by een spreker of groep van sprekers (reeds) 'n eenheidsaksent het, maar by 'n ander spreker of groep van sprekers (nog) nie. 'n Bepaalde woordkombinasie word in sekere kringe gedurig gebruik en kry daar allig 'n eenheidsaksent; in ander kringe bly dit 'n los kombinasie met 'n vry aksent. So het bv. *selfstandigenaamwoord* by taalmense 'n eenheidsaksent (op naam); by die meeste mense egter het dit 'n vry aksent. Boere praat van *ou-ooie* (met eenheidsaksent op *ou*), baie ander gee die woorde elk 'n selfstandige aksent. Die moeilik-

¹⁾ Vgl. Bylaes oor werkwoordelike verbindinge.

²⁾ Vgl. Bylaes oor werkwoordelike verbindinge.

³⁾ *Die Aanmeekaarskryf van Woorde in Afrikaans* deur prof. D. B. Bosman.

heid is dat los woordkombinasies groei tot samekoppeling (met 'n eenheidsaksent), maar dit is moeilik om te sê waar en wanneer die stadium bereik word . . .

Hierby kom nog 'n groot beswaar. Selfs wanneer ons seker weet dat ons te doen het met 'n klaargegroeiende samekoppeling (met eenheidsaksent) durf ons nie altyd die wet neerlê nie. Daar is nie veel taalgeleerdes wat skrywe *selfstandigenaamwoord*, *byvoeglikenaamwoord* nie. . . . Wie van ons gaan *Vaderlandse geskiedenis* (as skoolvak) aanmekaar skrywe? Of *Vliegende Hollander*? Of *Die Heilige Skrif*? Of (*hy was*) *die-hoenders-in*? Of *met-sak-en-pak*? Ens., ens."

Hier sien prof. Bosman die saak baie helder en duidelik. Ons toets is egter strenger want dit is drieledig, maar selfs dit is nie voldoende vir 'n bevredigende oplossing waar 'n lewende voorwerp soos taal op die spel is nie. 'n Woord wat dus deur een persoon as 'n samekoppeling beskou of as sulks aangevoel word, kan vir 'n tweede persoon 'n los sintaktiese groep wees, omdat hy nog min of meer bewus is van die oorspronklike of letterlike betekenis van die samestellende dele, of omdat hy nog nie die eenheidsaksent of versnelde uitspraakstempo aan die woord heg nie.

Hierbenewens is daar nog die kenmerkende konserwatisme van die skryftaal. „Woorde word dikwels los van mekaar geskryf, hoewel hulle in die gesproke taal miskien lankal tot koppeling saamgegroei het. Dis dan ook hoofsaaklik aan die konserwatisme van die skryftaal te wyte dat baie samekoppeling nóg as aparte woorde geskryf word. Vergelyk die volgende voorbeelde waarvan sommige allitereer: heen en weer, heen-en-weertjie, wind en weer, wyd en syd, sak en pak, huis en hard, hier en daar, deur en deur, uit en tuis, doen en late, in en uit, gans en gaar, bont en blou, hoor en sê, ens., ens. By hierdie woordgroepe is daar reeds sintaktiese isolering, eenheidsaksent en 'n versnelde tempo te bespeur. In die gesproke taal word die verbindingsklank hier nie meer voluit gehoor nie en vind ons klankreduksie en assimilasië"¹⁾. Dit is kenmerkend van *taal*—taal leef en wil nie deur reëls of te streng toetse vasgepen word nie. Die konserwatisme van die skryftaal, asook die ewolusionêre neigings daarvan werk dus in teen die doeltreffendheid van ons drieledige toets vir samekoppeling.

¹⁾ *Taal en Taalverskynsels* deur dr. H. v.d. M. Scholtz, bl. 80.

Na 'n volledige ondersoek en bespreking is ons slotsom dus as volg: Vaste reëls kan nie neergelê word nie, maar daar is 'n taamlik betroubare drieledige toets waarvolgens vasgestel kan word of 'n sintaktiese woordgroep al oorgegaan het tot 'n samekoppeling al dan nie. Daar is egter gevalle waar die toets ondoeltreffend is: (i) by grensgevalle en (ii) waar die konserwatisme van die skryftaal indruis teen die konsekwensie wat die toets wil skep.

Deur al hierdie aspekte van die verskynsel samekoppeling as 'n geheel te neem, behoort daar nie veel moeilikheid te bestaan by die skryfwyse—los of vas—nie. Die persoon wat die kern van die proses begryp, sal ook self weet hoë om te skryf.

Aangesien hierdie teoretiese uiteensetting hoofsaaklik bedoel was om die lig op die wese en omliggende kenmerke van die samekoppelingsverskynsel te laat val, word die teorie op praktiese wyse afgesluit deur lyste van skryfwyses uit die skryftaal op te stel. Waar daar dus nog twyfel bestaan, kan praktiese voorbeelde leiding verskaf en waar selfs die lewende voorbeelde in party gevalle van die suiwerste willekeur ten opsigte van die skryfwyse getuig, behoort dit ons teoretiese samevatting te staaf en terselfdertyd rigting in die vertwyfeling te gee, omdat die verteenwoordigers van die verskillende skryfwyses aangedui word.

Die indeling is as volg:—

- (A) **Ware samekoppeling.** (Sien Bylae C, bl. 100.)
- (B) **Twyfelagtige gevalle.** (Sien Bylae D, bl. 114.)
- (C) **Besliste los verbindings.** (Sien Bylae E, bl. 132.)
- (D) **Ware samegekoppelde werkwoordgroepe.** (Sien Bylae F, bl. 137.)
- (E) **Twyfelagtige werkwoordgroepe.** (Sien Bylae G, bl. 146.)
- (F) **Besliste los werkwoordgroepe.** (Sien Bylae H, bl. 162.)

Ten einde hierdie indeling moontlik te maak en wetenskaplik te regverdig, is daar taamlik verteenwoordigend uit die Afrikaanse skryftaal van die afgelope jare geput. Woordeboeke, taalkundige werke, letterkundige werke en tydskrifte moes leiding verskaf.

HOOFSTUK V.

MOEILIKE SKRYFWYSES EN BESONDERE GEVALLE.

1. SUBSTANTIEF AS VOORWERP EN BESKRYWENDE SUBSTANTIEF.

Dit is gevalle waar die eerste selfstandige naamwoord die voorwerp aangee en die tweede wat daardeur aangedui word, bv. 'n *mandjie appels*, 'n *bottel melk*, 'n *glas bier*, 'n *beker water*, 'n *koppie koffie*, 'n *sak sout*, 'n *wavrag hout*, 'n *ry bome*, 'n *trop bokke*, ens. Hier kry ons gelykmatige aksent en albei woorde word in hulle volle betekenis gevoel. Dit gebeur egter heel dikwels dat sulke verbindings-eenheidsaksent, met die klemtoon op die laaste woord, kry, bv. 'n *böttel mélk*, 'n *màndjie àppels*, ens. Nou is die betekenis van die eerste woord verswak en gee dit nie meer die voorwerp aan nie, maar slegs die maat. En dit is veral wanneer hierdie eenheidsaksent aangetref word en die daarmee gepaardgaande versagting van betekenis intree, dat daar 'n neiging mag ontstaan om aaneen te skryf.

Dikwels word daar gevra hoekom 'n mens *melkbottel*, *waterbeker*, *bierglas*, ens., aanmekaar skryf, terwyl voormelde gevalle vanmekaar is. Die verskil is egter duidelik: *melkbottel*, ens., is samestellinge terwyl 'n *mandjie appels*, ens., in normale sintaktiese verband staan. Dieselfde verhouding kan byvoorbeeld deur middel van die bindwoord met uitgedruk word: 'n *mandjie met appels*, 'n *bottel met melk*, ens., terwyl *vol* ongeveer dieselfde funksie verrig, bv. 'n *mandjie vol appels*, 'n *beker vol water*, ens. Vandaar dan ook regverdiging vir die gebruik in die skryftaal om die betrokke woordgroepe deurgaans los te skryf.

2. PLEKNAAM + SUBSTANTIEF.

Prof. J. J. le Roux¹⁾ wys daarop dat gevalle waar die eerste substantief 'n pleknaam is wat die tweede beheer, nog as 'n indringer in Afrikaans uit die Engels beskou behoort te word.

¹⁾ Vgl. Oor die Afrikaanse Sintaksis, bl. 72.

Verder staaf hy sy bewering ten opsigte van die anglisistiese agtergrond van hierdie verbindings deur vermelding van die feit dat soortgelyke woordgroepe (bv. Deventer-hoek) in Nederlands uit enkele voorbeelde bestaan en in die Afrikaanse spreektaal feitlik onbekend is.

Waar hierdie vorme nogtans in die skryftaal aangetref word, is dit uiters noodsaaklik om die skryfwyse te bepaal of enkel toe te lig. Dr. J. J. le Roux¹⁾ merk tereg op dat waar die twee lede van so 'n verbinding aanvanklik waarskynlik gelyke aksent gehad het, die neiging wel in die spreektaal bestaan om dit as 'n samestelling met eenheidsaksent uit te spreek. Persoonlik voel ek egter meer geneig om van 'n eintlike samestelling te praat. Dit is 'n verbinding wat vreemd is in Afrikaans en dus by gebrek aan 'n eie beknopte skryfwyse of miskien deur direkte vreemde invloed ingevoer is. Die ontstaan is dus nie te vinde in normale sintaktiese samegroeiing nie, maar wel in 'n onmiddellike en sintakties onnatuurlike ontstaan. Waar die ontstaan nie direk van buite is nie, het dit na analogie van alreeds bestaande gevalle plaasgevind. Kortom, hierdie verbindings is samestellinge en nie samekoppeling nie, en die enigste skryfwyse is dus — aanmekaar.

Die suiwer en egte Afrikaanse manier van verbinding in gevalle van hierdie aard is **pleknaam + se + substantief** (*Rosebank se tentoonstelling, Bloemfontein se kongres, Pretoria se skoolraad*) of **die + adjektief op -se + substantief** (*die Rosebankse tentoonstelling, die Bloemfonteinse kongres, die Pretoriase skoolraad*). In die geval van *Rosebank se tentoonstelling* is daar 'n pouse tussen die *eienaam* en *se* en staan die *se* dus los, bv. *Pérel se boere, Vrystaat se vlaktes, Berlyn se omroep*, maar met die *die* daarvoor is daar geen pouse nie, bv. *die Pérelse boere, die Vrystaatse vlaktes, die Berlynse omroep*. Hierdie onderskeiding word nie altyd in die skryftaal nagekom nie, sodat 'n mens lees: *Pretoriase mense* i.p.v. *Pretoria se mense* of *die Pretoriase mense*.

Soos alreeds vermeld, het die Engels-georiënteerde vorme alreeds 'n plek in die Afrikaanse skryftaal ingeneem. Dit sal moeilik gaan om hulle daaruit te verban. Die enigste uitweg is dan om die skryfwysê daarvan in die suiwerste Afrikaanse vorm te giet. Die volgende paar voorbeelde behoort na aanleiding van

¹⁾ Vgl. *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, bl. 72.

ons bespreking as handleiding te dien. (Die koppelteken word in die meeste gevalle aangewend bloot om die lees te vergemaklik of om die vreemde voorkoms van 'n vreemde verbinding beter by die oogopslag te laat aanpas. Dit is enkel veelvuldige gebruik wat die spasie van die koppelteken sal oorbrug):—

Hertzog-brys, Malmesbury-voetbalspan, Stellenbosch-boereorkes, Smit-familie, Knysna-George-roete, Kaapstad-Pretoria-hoofweg, Beaufort-Wes-hospitaal, Jan van Riebeeck-Hoërskool, Dirkie Uys-Laerskool, de Wet-broers, President-hotel, Aberdeen-hotel, Transvaler-boekhandel, Betsjoeanaland-protectoraat, Transvaal-provinsie, Kaapprovinsie, ens., ens.¹⁾

Daar dien egter ten slotte op gewys te word dat die beleid om 'n suiwer Afrikaanse skryfwyse vir hierdie verbindinge te handhaaf nogal lastig is en gedrogtelike vorme of onnodige lang omskrywings meebring. Vgl. bv. die *Stellenbosche Student*, die *Beaufortwesse hospitaal*, die *roete van Kaapstad na Pretoria*.

Waar enigsins moontlik, is die maklikste en aanbevelenswaardigste skryfwyse die volgende: *Die Hoërskool Jan van Riebeeck*, die *Hoër Meisieskool La Rochelle*, *Die Laerskool Dirkie Uys*, *Hotel Avalon*, *Hotël Aberdeen*, *Gebroeders de Wet*, die *familie Retief*, ens.

In verband met gevalle waar die eerste substantief 'n algemene en die tweede 'n besondere naam is (bv. die distrik Bloemfontein en die land Gosen) merk prof. J. J. le Roux²⁾ tereg op dat hoewel die neiging tot eenheidsaksent sterk is, dit die gebruik is om los te skryf.³⁾

3. KOMPOSITUM VAN B.NW. OF TELW. + SUBSTANTIEF + SUBSTANTIEF.

Prof. J. J. le Roux⁴⁾ wys daarop dat hierdie verbindingstipe in ander Germaanse tale seldsaam en in hoofsaak beperk is tot gevalle waar die eerste lid 'n telwoord is, bv. Duits: *Siebenzimmerwohnung* en *Zweipfunddose*, Nederlands: *tienstuiverstuk*, Engels: *two-shilling piece*. In Engels kom ook verbindinge voor soos

¹⁾ Van die voorbeelde bevat nie 'n pleknaam nie, maar pas andersins goed in.

²⁾ Vgl. *Oor die Afrikaanse Sintaksis*.

³⁾ Prof. le Roux vind die oorsaak vir die losskryf in die feit dat hierdie verbindinge in die offisiële taal ontstaan het en die gebruik in die gewone omgangstaal is om distrik, afdeling ens. deur middel van *se* met die eienaam te verbind, bv. *Bloemfontein se distrik*.

⁴⁾ Vgl. *Oor die Afrikaanse Sintaksis*.

clingstone en freestone peach, maar in Afrikaans was dit lank voor Engels bekend, sodat daar nie aan Engelse invloed gedink kan word nie.¹⁾

In Afrikaans word talryke van hierdie verbindings aangetref wat sonder die minste twyfel aanmekaar geskryf word. Vgl. die volgende: *taaipitperske, lospitperske, swartwitpensbok, swartmaanhaarleeu, poenskopolifant, maanhaarjakkals, witborskraai, bloukopklipsalmander, bakkopslang, langasemsprinkaan*, ens., ens.

By gevalle soos 'n *blou-oog/nooientjie*, 'n *kaalkop/man*, 'n *kromneus/kêrel*, 'n *dubbelverdieping/huis*, ens., is die neiging egter om los te skryf.²⁾ Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat hierdie verbindings as samekoppeling beskou word en vir party mense nog eweveel aksent op elke lid het. Weens die beskrywende funksie van die eerste lid (*blou-oog* en *kaalkop*) word hulle sterk as byvoeglike naamwoorde gevoel—ook 'n faktor wat die losskryf bevoordeel.

Ons beskou egter hierdie verbindings as samestellinge aangesien die sintaktiese verband nie normaal is nie. 'n *Kaalkopman* moet tog ontstaan het uit die normale verband: 'n *man met 'n kaalkop* en daarby skyn dit nog asof die meeste van hierdie gevalle na analogie van alreeds bestaande voorbeelde gevorm is, en dit is tog samestelling. Ons skryf dus sonder uitsondering aaneen: *kaalkopman, blou-oog-nooientjie*³⁾, *dubbelverdiepinghuis, kortgolfsender, kromneusman*, ens., ens.

4. NAME VAN STRATE, RIVIERE, BERGE EN STASIES.

Die gebruik in Afrikaans is hier ongetwyfeld om aanmekaar te skryf, bv.:

Strate: *Eloffstraat, Retiefstraat, Hoofstraat, Langstraat, Highstraat, Hilistraat*, ens.

Riviere: *Dieprivier, Sambesierivier, Gamtoosrivier, Grootrivier, Krokodilrivier, Breërivier, Jordaanrivier* (Markus 1: vers 5), *Njelerivier* (Buks, bl. 77), *Kosierivier* (Sangiro, Brandwag, 2 Mei 1941), ens.

¹⁾ Vgl. *Oor die Afrikaanse Sintaksis*.

²⁾ Prof. J. J. le Roux in *Afrikaanse Sintaksis* skryf hulle bv. los as samekoppeling wat nog gelykmatige aksent het.

³⁾ Die koppelteken word later behandel.

Berge: *Drakensteinberge, Swartberge, Sneeuberge, Langeberge, Magaliesberge*, ens.

Stasies: *Parkstasie, Jeppestasie, Pretoriastasie, Kaapstadstasie* (Burger, 26 Februarie 1941), ens.

C. P. van der Merwe¹⁾ beveel aan dat ons in 'n samestelling wat uit 'n eienaam plus 'n 'soortnaam bestaan, konsekwent 'n koppelteken moet gebruik, bv. *Moorreesburg-stasie, Drakensteinberge, Kaap-provinsie*, ens. Sy aanbeveling is nie verkeerd nie, want die koppelteken is wesenlik dieselfde as aanmekaar . . . Nogtans moet daarop gewys word dat die konsekwensie wat hy trag te skep, in stryd is met die gebruik om sodanige gevalle aaneen te skryf. Hy self wyk al dadelik af van sy reël deur op bl. 11 *Retiefstraat* en op bl. 12 *Warrenstraat* te skryf.

In gewone gevalle skryf ons dus die eienaam aan die soortnaam vas,²⁾ en aangesien hierdie formulering nie al die gevalle van stasie-, straat-, berg- en riviernaam dek nie, wil ons ook die algemene gebruik in Afrikaans bestendig deur aan die hand te doen dat die name van stasies, strate, berge en riviere in gewone gevalle aaneengeskrif word.

Waar die eienaam of die eerste lid miskien baie vreemd klink, of die opeenvolging of aard van die klanke oorsigtelikheidshalwe 'n koppelteken aantreklik maak, is dit natuurlik nie af te keur nie.³⁾

Daar is egter 'n nuwe ontwikkeling in Afrikaans ten opsigte van strate en lane, wat nogal heelwat moeilikheid oplewer. In groot stede en veral in die voorstede gebeur dit dat strate en lane nommers kry.⁴⁾ So word daar dan gepraat van *Vierde/straat, Vyfde/laan, Sewende/laan*, ens. Die twyfel wat ontstaan, verdien ook regverdiging want party mense verleen oorweging aan die sterk adjektiewiese kleur van die eerste lid, terwyl ander hulle weer laat beïnvloed deur die gebruik om name van strate en lane aaneen te skryf. So vind ons bv. dat hierdie verbindings in die *Telefoon-adresboek* met 'n enkele uitsondering aaneengeskrif

¹⁾ In sy *Handleiding vir Senior Afrikaans-leerlinge*.

²⁾ Vgl. Botha en Burger.

³⁾ Die koppelteken is tog niks anders as 'n leesteken wat die lees moet vergemaklik of duidelikheid moet bevorder nie. So tref ons bv. aan: *High-weg* (Transvaler, 21 Februarie 1941), *Hill-weg* (Burger, 6 Maart 1941).

⁴⁾ Waarskynlik het dit te moeilik geword om vir die talle strate name te vind.

word.¹⁾ In die skryftaal kom albei vorme voor. In die grammatika van Booysen e.a. verskyn *Eerste Laan* (bv. op bl. 359), terwyl ons meegedeel word dat die Unie-onderwysdepartement vir eksamendoeleindes een woord verkies.

Waar die skryfwyse dus tans duidelik willekeurig is, verdien dit wetenskaplike toeligting. As ons bv. *Sewende/straat* neem, dan is dit te verstane dat die twee dele nog los geskryf word solank die eerste lid as 't ware die nommer van een straat in 'n numeriese volgorde van strate aandui. Dit is weer die toets vir samekoppeling wat ter sprake kom. Die vreemdeling of die persoon vir wie die nommer werklik as sulks dien, kan die verbinding as twee woorde beskou, maar vir die persoon wat geruime tyd in *Sewendestraat* woon, is dit die naam van die bepaalde straat en nie die *sewende straat* nie. Dit is juis omdat die numeriese betekenis van die eerste lid vandag nog so 'n oorwegende rol speel, dat baie mense die losskryf voorstaan. Ons voel egter dat hierdie verbindings maar aanmekaar geskryf kan word. Die mense wat in sulke strate of lane woon, sal dit bepaald later aaneenskryf. Dan is daar ook die analogiewerking van ander straat- en laanname wat aanmekaar geskryf word. Die feit dat die eerste lid 'n telwoord is, mag miskien 'n bietjie indruis teen ons taalgevoel, maar die drieledige toets gee die deurslag.²⁾ Vgl. verder gevalle soos *Breërivier*, *Eersterivier*, ens., wat sonder enige twyfel aaneengeskrif word.

Hier dien ook verwys te word na gebruikelike skryfwyses in hierdie verband. Die paar voorbeelde behoort as rigsgnoer te dien: *Markstraat-wes*,³⁾ *Tweedelaan-oos*,⁴⁾ *Kerkstraat-oos*, ens.

Waar die name van berge, strate, riviere en stasies 'n ingewikkelde vorm aanneem, moet daar oordeelkundig te werk gegaan word by die vasstelling van die skryfwyse. Die beste oplossing is te vinde in die skryftaal van die hede waarin daar met weinig uitsonderinge 'n sekere skryfwyse gevolg word. Die volgende voorbeelde dui die gebruiklikste skryfwyse aan, en dit is ook wat ons voorstaan: *Paul Krugerstraat*, *Dirkie Uys-laan*, *Dirkie Uys-*

1) Vgl. die volgende in die *Tel.*: bl. 383 = *Twaalfdestr.*, bl. 384 = *Sewendestr.*, bl. 496 = *Vyfdestraat*, bl. 496 = *Sewentidelaan* en *Derdelaan* — op bl. 573 egter: *Eerste laan*.

2) Waar die telwoord in hierdie verbinding as syfer geskryf word, word vanmekaar geskryf. Vgl. bv. *5e Laan* (*Tel.*, bl. 349), *4e Straat* (*Tel.*, bl. 350), ens.

3) *Tel.*, bl. 345.

4) *Tel.*, bl. 548.

straat (C. P. v. d. Merwe, bl. 16 gee bv. *Dirkie-Uys-straat*), *St. Andrews-weg*, *de Korte-straat*, *Louis Botha-laan*, *Jan Smuts-laan*, *Bell Ombre-weg*, *King Georges-straat*.

Die koppelteken word dikwels weggelaat bv. *Paul Krugerstraat*, *St. Georgesstraat*,¹⁾ ens., maar dit is af te keur.

Ons noem nog 'n paar gebruiklike skryfwyses van moeiliker gevalle wat hier tuishoort. Agter enkele daarvan word verwysings aangedui of op ander skryfwyses wat ook aangetref word, gewys: *Spes Bona-skool* (Oudstudent = Spes-Bona-skool), *Royal Oak-straat* (Tel., bl. 349 gee *Royal Oakstraat*), *Union Corporation-gebou* (Tel., bl. 350), *Pieter Neethling-gebou* (Tel., bl. 496), *Grand Central-vliegveld* (Tel., bl. 579), *Sir John Adamson-skool* (Transvaler, 2 April 1941), *New Grand-hotel* (Transvaler, 18 April 1941), *Polleys-hotel-gebou* (Tel., bl. 577), *Sint Helena-perske* (Wlys., bl. 227; Kr. en St.), *van der Hum-likeur* (Kr. en St., bl. 606; B. en v. d. M., bl. 755; Wlys, bl. 285), *Paul Defiant-nagvliegtuie* (Vaderland, 23 Mei 1941), *van der Merwe-kruie* (Kr. en St.; — B. en v. d. Merwe en Wlys. egter: van der Merwekruie), *Die Burger-boekhandel* (C. P. v. d. Merwe, bl. 13), *Abraham Kriel-gedenkskool* (Transvaler, 13 Februarie 1941), *Bon Accord-besproeiingsraad*, *Paul Kruger-skoolplaas*, *De Beers-landgoed* (Burger, 20 Maart 1941), *De Waal-skool* (Oudstudent), *Jan Marais-fonds* (Oudstudent), *Louis Trichardt-plein* (Transvaler, 3 Maart 1941), *von Brandis-plein* (Burger, 24 Februarie 1941 = von Brandisplein), *van Riebeeck-dag* (Huisgenoot, Redaksie, 21 Maart 1941 = van Riebeeckdag).

So kan nog talle voorbeelde genoem word, maar hierby word by wyse van handleiding volstaan. Daar dien op gelet te word dat die koppelteken veilig weggelaat kan word, maar hier het ons met 'n geval te doen waar 'n konsekwensie wat in ooreenstemming is met die oorwegende gebruik in die skryftaal, ingevoer kan word deur die koppelteken deurgaans te behou. Die koppelteken vergemaklik in die meeste van hierdie gevalle die lees.

Wat betref skoolname, kan nog 'n paar verbindings aangegee word: *Eunice-hoërskool* (Booyen e.a., bl. 356 = Eunice-Hoërskool), *Gimnasium-hoërskool* (Oudstudent, Junie 1941), *Help-*

¹⁾ Vgl. die volgende voorbeelde in die Tel.: *St. Andrews-weg*, bl. 344; *King Georgesstraat*, bl. 344; *de Kortestraat*, bl. 345; *Louis Bothalaan*, bl. 439; *Sarel Cillierslaan*, bl. 385.

mekaar-hoërskool (Transvaler, 20 Maart 1941 en Huisgenoot, 9 Mei 1941 = Helpmekaar-Hoërskool), *Outenikwa-hoërskool* (Oudstudent), *Pretoria-Noord-skool*.

5. BYVOEGLIKE NAAMWOORD OF TELWOORD + SELFSTANDIGE NAAMWOORD + SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

Hier bewege ons op gevaarlike grond want die skryfwyses is uiters uiteenlopend en die teenoorgestelde en teenstrydige opvattinge word nogal sterk verdedig.

Daar sal egter getrag word om die saak wetenskaplik te ontrafel. Wanneer ons 'n bekende verbinding soos *Senior/Sertifikaat/eksamen* bekyk, dan plaas ons dit dadelik as 'n samestelling want die sintaktiese verband is bepaald nie normaal nie. En as samestelling moet ons aanmekaar skryf (met of sonder koppelteken). Die aanneemlikste skryfwyse skyn dan *Seniorcertifikaat-eksamen* te wees; die koppelteken vergemaklik natuurlik net die lees en kan volgens keuse weggelaat word. Wanneer ons nou hierdie verbinding aan die vereistes van klem en spreektempo toets, dan word daar nog meer regverdiging vir ons skryfwyse gevind. Die hoofklem val op *Senior* en *Senior/certifikaat* word vinniger uitgespreek omdat daar nie soiets as 'n *sertifikaateksamen* bestaan nie. Vgl. verder *kortgolfsender*, *derdepartyrisiko*, *Droëvrugteraad*, *eerstegraadsklerk*, *seniorgraadklerk*, ens.

Gevalle soos *Vermiste/goedere/kantoor*, *Moderne/taal/vraestel*, *Verenigde/party/lid*, *Nuwe/studente/komitee*¹⁾ het egter nog meer twyfel en bespreking uitgelok. Hier is die eerste lid so 'n uiters adjektiwiese vorm dat dit te verstane is dat die taalgevoel sou teëstribbel. Daar is dus tot 'n bepaalde skryfwyse besluit, nl. *Vermiste goedere-kantoor*, *Nuwe studente-komitee*, *Moderne taalvraestel*, ens., 'n skryfwyse wat eenvoudig uitgedink is om konsekwensie in die chaos te probeer skep. Om konsekwent te bly, skryf hierdie mense nou ook *Senior Sertifikaat-eksamen*, *kort golf-sender*, ens.

Watter argumente egter ook al aangevoer word, feit is dat hierdie verbindings nie 'n normale sintaktiese geheel vorm nie en dus 'n samestelling is wat aanmekaar geskryf moet word. (*Ver-*

¹⁾ Of hierdie verbindings onder Engelse invloed gevorm is, word nie ter sprake gebring nie. Feit is dat hulle in Afrikaans bestaan, en daar moet dus 'n korrekte skryfwyse gevind word.

miste/goedere/kantoor ontstaan uit die sinsverband: 'n kantoor vir vermiste goedere, *nuwe/studente/komitee* uit 'n komitee van nuwe studente—*nuwe studentekomitee* is heeltemaal iets anders, nl. 'n komitee (van studente) wat nuut is; so ook dui *moderne taalvraestel* op 'n vraestel wat modern is). Met die oog op al die voormelde feite besluit ons dat hierdie verbindings aaneengeskrif moet word; die koppelteken word oordeelkundig aangewend om die lees en uitspraak te vergemaklik. Onderstaande voorbeelde dui die vorm aan wat ons verkies en die enkele verwysings wil ter staving van ons opvatting dien.

- agterghemelte-medeklinker** (Botha en Burger, bl. 177).
algemene-indruk-punt (C. P. v. d. Merwe, bl. 8).
armmanskool (Waarheen Vader, bl. 83).
breërandhoed (C. J. Grove, Huisgenoot, 25 Julie 1941).
derdelesingsdebat (Burger, 27 Februarie 1941).
derdepartyrisiko (Econ. Dict., bl. 233).
derdepersoonsrisiko (Handhaaf 1, bl. 34 = *Derde-persoonsrisiko*).
driejaaroud-seuntjie (Laat Vrugte, bl. 150 = *driejaar-oud-seuntjie*).
driejaaroud-vers (Gen. 15 vers 9).
drie-moondhede-verdrag (Burger, 24 Februarie 1941 = *Drie moondhede-verdrag*).
driepond-bergkanon.
droëplaat-koppelaar (Handhaaf I).
droëvrugteprodusente (Burger, 17 en 20 Februarie 1941).
Droëvrugteraad (Transvaler, 7 Februarie 1942).
dubbel-kiaathout-beddens (Transvaler, Advertensie, 10 Maart 1941).
dubbelmedium-skool.
een-myl-afloswedstryd (Handhaaf 8, bl. 10).
een-myl-stap (Handhaaf 8, bl. 10).
eenperdewaentjie (Huisgenoot, 5 September 1941).
eenskaar-ploeg (Laat Vrugte, bl. 37).
Eerstegraadsklerk (Econ. Dict., bl. 42).
eerstehulp-kassies (Transvaler, 18 Febr. 1941).
gekondenseerde-melk-blikkie.
groothandelaptekers.
halfmaanskaduweetjies.
hardekop-man (Bergstroom).
hardeverhemelte-neusklank (Booyesen e.a., bl. 405 = *hardeverhemelte-neusklank*).
hoërskoolleerlinge (Transvaler).
hoërtaalvraestel (C. P. v. d. Merwe, bl. 1).
Jongmanne-organisasie (Transvaler).
Juniorsertifikaat-eksamen (A. J. van Zyl, Huisgenoot, 22 Mei 1942).

- kleinkindertaal (Scholtz, bl. 41 = *Klein-kindertaal*).
 korttermyn-huur (Regswb., bl. 128).
 koueveis-gereg (Handhaaf 2, bl. 12 = *koue-veisgereg*).
 Laerskoolkommissie (Transvaler, 26 Februarie 1941).
 Laerskoolkursus (Transvaler, 14 Okt. 1941).
 lae-temperatuur-navorsing.
 langafstand-hardloper (Handhaaf 8, bl. 9 = *langafstandhardloper*).
 langtermyn-hulp (Transvaler).
 langtermyn-huur (Regswb., bl. 128).
 langtermyn-kapitaal (Econ. Dict., bl. 131 = *langtermynkapitaal*).
 Liberale-party-kandidaat.
 mediumgolf-sender.
 Middellandse-see-gebied.
 platkop-spykertjies.
 rugaringdraad.
 ru-olie-installasie.
 ru-oliemasjien-installasie.
 sagtegehemelte-eksplosief (Esmoreit, bl. 35).
 sagtegehemelte-konsonant (Afrse. Taalstudies, bl. 28; — op bl. 29 egter heeltemal aaneen).
 sagteverhemelte-klanke (Booysen e.a., bl. 391).
 sagteverhemelte-klapper (Booysen e.a., bl. 395 egter: *sagteverhemelte-klapper*).
 Sagtevrugteraad (Transvaler, 18 Febr. 1941).
 sessilinderenjin.
 sestak-ritme.
 6-tak-ritme.
 sestienduimkanonne.
 16-duimkanonne (Transvaler, 20 Febr. 1941).
 sewe-millimeter-mauser.
 7-mm.-mauser (J. van Molkte, Huisgenoot, 13 Junie 1941).
 skerppuntskoene (Handhaaf 4, bl. 19).
 slaprandhoed (J. H. Fourie, Huisgenoot, 5 Junie 1941).
 soetgras-vlaktes (Buks, bl. 62).
 swaargewigkampioenskap.
 Swartdrukbybel (Oupa).
 swartpunt-stert (Buks, bl. 121).
 swartwitpens-koei (Buks, bl. 134).
 swartwitrug-mannetjie (Buks, bl. 14).
 taaipitperske.
 tiengellingblik.
 Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen (Afrse. Taalstudies, bl. 73 = *Transvaalse Juniorsertifikaateksamen*).
 twaalfverdiepinggebou
 tweedejaarskursusse (Oudstudent, Junie 1941 = *Tweedejaars-kursusse*).
 tweedeklaskaartjie.
 tweedeleesingsdebat (Burger, 27 Febr. 1941).

tweedenaamvalsuitgang (Potgieter, bl. 43 = *tweede-naamvalsuitgange*).

tweeduimspyker.

tweesitplaas-toermotor (Handhaaf 1, bl. 28).

tweesitplekmotor (Handhaaf 1, bl. 35).

veertienduimskanon (Huisgenoot, 23 Mei 1941).

viertak-motor (Handhaaf 1, bl. 14).

vierwielremme (Handhaaf 1, bl. 14).

volbloed-perd.

vyfpond-hamer (Burger, 17 Maart 1941).

vyftienduimskanon.

15-duimskanon.

warmwaterbehandeling.

warmwaterkraan.

wildehoender-eiers (Bergstroom).

6. AFRIKAANSE PLEKNAME.

Die skryfwyse van plekname gee nogal heelwat moeilikheid in die praktyk. Ons wys enkel op 'n paar puntjies wat miskien van waarde sal wees.

In breë trekke kan gesê word dat plekname in Afrikaans aanmekaar geskryf word. Vgl. bv. Altevêr, Mooimeisiesfontein, Pietermaritzburg, Kingwilliamstown, Queenstown, Putsonderwater, Ventersburg, Venterstad, Egbertsvlei, Karoospoort, Bainskloof, Laingsnek, Gousblomkloof, Patrysvlei, Langrug, Swartruggens, ens., ens.

Daar is egter gevalle waar die name los geskryf word:

- (a) Wanneer daar 'n lidwoord is: De Aar, Die Moot, De Deur, De Brug, Die Brak, Die Plaat, ens.
- (b) Wanneer die naam 'n voornaam en van is: Louis Trichardt, Paul Roux, van Ryn, Du Toitspan, ens., maar sommige name het al 'n ander skryfwyse aangeneem, bv. Dewetsdorp, Pietermaritzburg, Vanrhynsdorp, ens.
- (c) Wanneer daar 'n telwoord voor 'n meervoud staan, bv.: Twee Susters, Veertien Strome, ens., maar waar die telwoord voor 'n enkelvoudige selfstandige naamwoord staan, word aanmekaar geskryf: Tweespruit, Driefontein, Vyfhoek, ens.
- (d) Enkele los verbindings: Eerste Fabrieke, Kaapse Hoop, Koppie Alleen, Rus der Winter, ens.

Dit is opmerklik dat twee vanne gekoppel word: Graaff-Reinet, Schweizer-Reneke, ens. — 'n paar geyktes word egter aaneengeskrif: Fauresmith, Roossenekal.

Verder word die koppelteken gebruik wanneer *agter*, *bo*, *groot*, *klein*, *onder*, *oos*, *nieu*, *noord*, *nuwe*, *suid*, *wes*, ens., met 'n aardrykskundige eienaam verbind word: Agter-Sneeuberg, Waterval-Bo, Groot-Marico, Klein-Papkuil, Waterval-Onder, Oos-Londen, Nieu-Bethesda, Boksburg-Noord, Nuwe-Smitsdorp, Suid-Afrika, Aurora-Wes, Duits-Wes, Suidwes-Afrika, Brits-Oos-Afrika, ens. Daar is egter gevalle, blykbaar waar gewone alle-daagse woorde op die spel is, wat aanmekaar geskrif word: Agtertang, Bodam, Kleinfontein, Onderhoogte, Oosdam, Nuwe-rus.

7. TELWOORDE.

Die skryfwyse van getalle in Afrikaans word in die meeste grammatikas¹⁾ behandel en 'n paar verteenwoordigende voorbeelde behoort voldoende te wees:

- 101: honderd-en-een.
- 300: driehonderd.
- 704: sewehonderd-en-vier.
- 864: agthonderd vier-en-sestig.
- 999: negehonderd nege-en-negentig.
- 1900: eenduisend negehonderd (negentienhonderd).
- 1940: (a) eenduisend negehonderd-en-veertig.
- (b) negentienhonderd-en-veertig.
- 1951: (a) eenduisend negehonderd een-en-vyftig.
- (b) negentienhonderd een-en-vyftig.
- 2740: tweeduisend sewehonderd-en-veertig.
- 2741: tweeduisend sewehonderd een-en-veertig.
- 60,000: sestigduisend.
- 60,010: sestigduisend-en-tien.
- 60,036: sestigduisend ses-en-dertig.
- 66.000: ses-en-sestigduisend.
- 68,643: agt-en-sestigduisend seshonderd drie-en-veertig.
- 100,000: honderdduisend.²⁾
- 276,534: tweehonderd ses-en-sewentigduisend vyfhonderd vier-en-dertig.

¹⁾ Vgl. Potgieter, Booysen e.a. en C. P. v.d. Merwe.

²⁾ B. en v.d.M., bl. 282, Kr. en St. en Wlys, bl. 95 gee: *honderdduisend*.

5,444,666: vyfmiljoen vierhonderd vier-en-veertigduisend seshonderd ses-en-sestig.

6,000,000: sesmiljoen.

Die volgende verdien veral vermelding:

- (a) Samestellinge van honderd, duisend en miljoen word in lang getalle as aparte woorde geskryf.
- (b) Geen koppelteken is nodig waar *en* ontbreek nie, bv. 1900 en 60,000.
- (c) Die koppelteken word gebruik waar *en* voorkom, bv. 60,010.

Daar kom wel afwykinge in die skryftaal voor,¹⁾ maar die gebruiklikste skryfwyse sal nagevolg word en verwarring voorkom word as die gegee voorbeelde as rigsoer geld.

8. BREUKE.

Ook hier word volstaan met verteenwoordigende skryfwyses:

$\frac{1}{2}$: een-halwe, 'n helfte, helfte.

$\frac{1}{4}$: een-kwart, een-vierde, 'n vierde, 'n kwart.

$\frac{3}{4}$: driekwart (Potgieter = drie-kwart).

$\frac{1}{8}$: een-agste, 'n agste.

$\frac{3}{8}$: drie-agstes.

$\frac{5}{9}$: vyf-negendes.

$\frac{6}{36}$: ses ses-en-twintigstes.

$\frac{6}{47}$: vyf sewe-en-veertigstes.

$\frac{34}{46}$: vyf-en-dertig ses-en-veertigstes.

$\frac{20}{00}$: ses-en-twintig honderstes.

$\frac{20}{01}$: ses-en-twintig honderd-en-eerstes.

$\frac{7}{43}$: sewe en vyf drie-en-veertigstes.

$101\frac{6}{7}$: honderd-en-een en ses sewe-en-dertigstes.

$103\frac{6}{16}$: honderd-en-drie en ses-sestiendes.

Ons merk op dat:

- (a) die boonste getal altyd 'n hooftelwoord en die onderste getal altyd 'n rangtelwoord is,
- (b) die boonste en onderste getal met 'n koppelteken verbind word (ses-elfdes), behalwe wanneer die boonste getal en/of die onderste getal alreeds met koppeltekens geskryf word (vyf sewe-en-veertigste, vyf-en-dertig ses-en-veertigstes),
- (c) koppeltekens nie gebruik word waar *en* telwoorde en breuke verbind nie: seshonderd en sewe-agstes.

¹⁾ In die Bybel bv. Gen. 11 vers 11 = *vyf honderd*; Gen. 11 vers 17 = *vier honderd en dertig*; Gen. 11 vers 20 = *twee en dertig teenoor negen-en-twintig* in Gen. 11 vers 24.

9. TYDBEPALINGE.

Tienuur, dis vyfuur, om elfuur, om twee-uur, ens., word in Afrikaans altyd aaneengeskrif as dit 'n tydstip bepaal, maar los wanneer dit 'n tydperk aandui, bv. *Hy het tien uur lank gewerk, ens.*

10. DIE VERBINDINGS-S.

Aangesien hierdie kwessie so dikwels by samestellinge ter sprake kom, dien daarna verwys te word ten einde dit in die regte lig te stel.

Die dubbele s (ss) kom slegs voor in 'n samegestelde woord as die eerste woord op s eindig en die tweede met 'n s begin, bv. *jassak, rotssteen, grassaad, losskakel, rotsspelonk, ens.* In ander gevalle waar die tweede deel van 'n samestelling met 'n s begin, kry ons dus geen tweede s as verbindingsklank nie, bv. *handelstudent, universiteitspan, meisieskool, jongenskool, ens.*

Wanneer die s as verbindingsklank by gewone samestelling gebruik moet word, is 'n vraag wat nie deur vaste reëls opgelos kan word nie. Daar moet maar geleer word om aan te voel wanneer die s nodig is en wanneer nie. Die ritme by die uitspraak behoort te beslis, maar die veiligste is om die Woordelys te volg of volgens eie oordeel te werk te gaan. Daar moet egter gelet word op gevalle wat 'n verskil in betekenis kan meebring, bv. *landsman* = ('n man van die Vaderland), *landman* = ('n boer), *watersnood* = (oorstroming), *waternood* = (skaarste aan water), *stadshuis* = (huis in die stad), *stadhuis* = (stadsaal), ens.¹⁾

Net so ook word die gebruik van e as verbindingsklank blykbaar deur 'n gevoel vir ritme bepaal, bv. *boereplaas* en *boerbeskuit*—dit is iets wat deur die praktyk geleer moet word.

11. NAAMWOORD OF BYWOORD + DEELWOORD OF ADJEKTIEF.

Hier weer tref ons verbindings aan wat nie deur 'n groot mate van eenvormigheid van skryfwyse gekenmerk word nie. Hierdie verbindings is alreeds onder samekoppeling genoem, maar dit verdien besondere vermelding en toeligting.

¹⁾ Ons is bewus daarvan dat hierdie voorbeelde as doktrinêr beskou kan word. Daar dien ook op gewys te word dat *stadhuis* vir *stadsaal* van Nederlandse invloed getuig en dat die gebruiklike woord vir *stadsaal* in Afrikaans *stadshuis* is. Die verskille word egter gegee omdat sulke verskille wel in Afrikaans aangetref word. Vgl. bv. *watersnood* en *waternood* in B. en v.d.M. en *stadshuis* en *stadshuis*, *landman* en *landsman* in B. en v.d.M. en Verkl. Wb.

Die praktyk leer ons dat die volgende sonder geregverdigde afwykinge aaneengeskrif word:

- (a) **Sn.w.** (as voorwerp) + **teenw. deelw.** (*sielodend, oorverdoewend, tydrowend, vleisetend, ens.*);
 (b) **Sn.w.** + **verlede deelw.** (*oorverdoewende, vleisetende, tydrowende, ens.*).

'n Paar voorbeelde met verwysings dien ter staving van ons formulering:

aasvretend(e) (B. en v. d. M., bl. 21).

bedlêend(e) (Kr. en St.).

Engelsgesind(e) (B. en v. d. M.; Wlys.).

Fransgesind (B. en v. d. M.).

gras-omsoomde water (Laat Vrugte, bl. 310).

Grieks-sprekend (Handelinge 9 vers 29 = *Grieks-sprekende Jode*).

middelpuntsoekend(e) (B. Verhoeven, G. Gezelle, bl. 60 = *middelpuntzoekende kracht*).

ooglopend(e) — anders met „in die oog lopend”.

Roomsgesind(e) (B. en v. d. M.; Wlys.).

sielodend(e) (B. en v. d. M.).

silwerhoudend(e) (B. en v. d. M.; Wlys.).

sorgwekkend(e) (B. en v. d. M.; Wlys.).

suurstofhoudend(e) (B. en v. d. M.).

Vlaamsgesind(e) (B. en v. d. M.).

vleisetend(e) (B. en v. d. M.; Wlys.).

By die volgende gevalle bestaan egter die grootste willekeur en twyfel:—

- (a) **Bw.** + **teenw. deelw.** (*hoogdrawend, langslwend, laatbloeiend, woesklinkend, by-siende, rustig-vloeiend, ens.*).
 (b) **Bw.** + **verl. deelw. of adjektief** (*witgeverfde* (venster), *hardgewerkte* (hande), *hooggeroemde* (vryheid), *platgetrapte* (gras), *kortgeknipte* (hare), ens.).

Die bywoord word meestal nie verbuig nie, maar dit is gebruikelik om te praat van 'n *verskriklike warm dag*, 'n *taamlike groot huis*, ens., en dan skryf ons sonder enige twyfel los. So kry ons egter ook die onverboë bywoord bv. 'n *bitter/koue dag*, 'n *besonder/mooi nôi*, *die swaar/beproefde huisgesin*, ens., wat heelwat twyfel laat ontstaan.

By al hierdie verbindings (*bw.* + *teenw. deelw.*, *bw.* + *verl. deelw.* en *bw.* + *adjektief*) is dit weer die samekoppelingsfaktor wat op die spel is. Die drieledige toets moet as rigsoer dien saam met konkrete voorbeelde uit die praktyk.

Afgesien van die samekoppelingsfaktore skyn die wese van hierdie verskynsel daarop neer te kom dat die bywoord los geskryf word solank dit nog meer bepaald die tweede lid (die teenw. deelw. die verl. deelw. of die adjektief) bepaal. Wanneer dit egter meer daartoe oorgaan om saam met die tweede lid 'n selfstandige naamwoord te bepaal, is die neiging om aaneen te skryf. Daar vind dan verbleking van die bywoord plaas en dit is opmerklik dat kort en verbleekte bywoorde byna sonder uitsondering met die tweede lid van hierdie verbindings aaneengeskryf word.¹⁾

Ons gevolgtrekking is dus dat die bywoord vas aan die deelwoord geskryf moet word, aangesien die samekoppelingselement in die meeste gevalle aanwesig is en aangesien die praktyk daarop dui.

Waar die bywoord egter voor 'n adjektief staan, voel ons ten gunste van twee woorde, behalwe in enkele gevalle waar die praktyk anders vereis, waarskynlik ook weens die verbleking van die bywoord of die feit dat dit kort is.

Enkele voorbeelde uit die skryftaal dien as leidraad en ter staving van ons opvatting:

aaneengeslote (B. en v.d.M.).
aaneenskakelend neweskik-
kend verbonde sinne (Potgieter, bl. 103).

aanmekaar-gelaste woorde
 (Mnl. Gram., bl. 36 =
aanmekaar gelaste woorde).

Afrikaans-Nasionale Studen-
tebond (Afkortings, bl. 8).

agtereenvolgende (B. en
 v.d.M.).

agtereenvolgens (Wllys).

agtergeblewe (Booysens e.a.).

agteroorgekamde (hare) (Gister, bl. 19).

agtiende-eeus(e) (B. en v.d.
 M.; Kr. en St.).

agturig(e) (B. en v.d.M.).

Algemeen-Beskaafde Neder-
lands (Mnl. Gram., bl. 16).

alleenlopende (ratel) (Buks,
 bl. 68).

alleensaligmakend(e) (B. en
 v.d.M., bl. 45; Kr. en St. —
 B. en v.d.M. op bl. 605
 egter *alleen saligmakende*).

alleenvliegende (bomwer-
 pers).

allesomvattende (Transvaler,
 4 Maart 1941 = *allesomvat-*
tende volksorganisasie).

altdydurend(e) (B. en v.d.M.).

andersdenkend(e) (B. en v.d.
 M.).

angstig-piepende (kleintjies).
 (Buks, bl. 49).

bes-ingeligte (persone).

beskaaf-sprekende (Afrse.
 Taalstudies, bl. 65 = 'n
beskaaf-sprekende boer).

bevelvoerende (Kr. en St.).

¹⁾ As geheel geneem is dit niks anders as die toetse om te bepaal of die los verbinding al saamgegroeï het tot 'n samekoppeling al dan nie.

- blindgebore** (Kr. en St.; Wlys; B. en v.d.M.).
- blinkgevyfde** vloer (Nasleep)
- bontgeblomde** voorskoot (Laat vrugte, bl. 225 = *bont-geblomde voorskoot*).
- bontgevlekte** kameelperd (F. Steyn, Huisgenoot, 21 Mrt. 1941).
- bruingebrande** arms (Jurg Vaber, Brandwag, 20 Junie 1941).
- bywoordelik-gebruikte** byvoeglike naamwoord (Booyen e.a. — egter ook los: Potgieter en Praatjies, bl. 117 = *bywoordelik gebruikte deelwoorde*)).
- daarby passende** sokkies (B. en v.d.M.).
- daarop-volgende** (Buks, bl. 68 = *die daarop volgende donderslag*).
- desbetreffende** (B. en v.d.M.).
- desverkiekend** (B. en v.d.M.).
- diepbedroef(d)** (B. en v.d.M.).
- diepgewortel(de)** (B. en v.d.M. — Laat Vrugte = *diep-gewortelde begeertes*).
- drie-en-vyftig-jarige** leeftyd (Laat Vrugte, bl. 32).
- dunbevolk** (B. en v.d.M., bl. 68).
- dunbevolkte** (Kr. en St.; Sangiro, Brandwag, 23 Mei 1941 = *Dun-bevolkte dele*).
- duur-gekokte** vryheid (Potgieter, bl. 158; Booyen e.a.).
- edelbekend(e)** (B. en v.d.M., bl. 170).
- edelgebore** (B. en v.d.M., bl. 170; Kr. en St.).
- eenlettergrepig(e)** (B. en v.d.M., bl. 172; Wlys).
- eersterangs(e)** (Wlys).
- eniggebore** (B. en v.d.M.; Wlys; Kr. en St.).
- enkel-lopende** diere (Sangiro, Brandwag, 16 Aug. 1941).
- etimologies verwante** woorde¹⁾ (Mnl. Gram., bl. 63).
- ewigdurend(e)** (B. en v.d.M.).
- forsgebou** (B. en v.d.M.).
- frisgebou** (Kr. en St.).
- fynbesnaard(e)** (B. en v.d.M.).
- fyn-besnede** gelaatstrekke (C. P. v. d. Merwe, bl. 64; — Kr. en St. egter *fyn besnede*; Potgieter = *fynbesnede trekke*).
- fyngerafelde** grassies (Buks, bl. 48).
- fyngestampde** reukwerk (Levitikus 16 vers 12).
- gladgekamde** hare (Nasleep).
- goed-deurdagte** plan (Potgieter, bl. 158).
- goedgehumeurd(e)** (Kr. en St.).
- goedgesind(e)** (Kr. en St.).
- goedgeteelde** (L. Winter, Huisgenoot = *goed geteelde honde*).
- goed-oorwoë** mening (C. P. v. d. Merwe, bl. 64).
- goedversorgde** vel (Gister, bl. 300).
- halfdeursigtig(e)** (B. en v.d.M.).
- halfgewaste** (C.P. v.d. Merwe, bl. 52 = 'n *halfgewaste koppie*).
- half-klaar** neste (Laat Vrugte, bl. 138).
- hardgebakte** kors (Sangiro, Brandwag, 2 Mei 1941).
- hierbo genoemde** (Mnl. Gram = *die hierbo genoemde voorbeeld*).
- hiper-beleef(d)** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; Wlys).

¹⁾ *Etimologies* sê bepaald iets meer van *verwante* en nie van *woorde* nie.

- hiper-beskaaf(d)** (Kr. en St.; B. en v.d.M.; Wlys).
hiper-modern (Potgieter).
hoër-beskaafde Romeine (Mnl. Gram., bl. 9).
hoërgeleë gedeeltes (Afrse. Taalstudies).
honderdvoet-hoë voetstuk (Buks, bl. 20).
hoogbejaard(e) (Kr. en St.).
hoogklinkende toesprake (Eitemal, En hadde de liefde niet).
hoogontwikkelde Afrikaners (Praatjies, bl. 80).
hoog-uitgegroeide blare (Bergstroom).
inmekargekoekte maanhare (Laat Vrugte, bl. 275).
jong-getroude pare (Gister, bl. 303).
kortgebonde (Wlys; Potgieter, bl. 158).
kreupel-gebore man (Handelinge 3, opskrif).
kwaaddenkend(e) (B. en v.d.M.).
laaggebore (Kr. en St.).
laaggeleë (Wlys).
laag-gesonke man (Potgieter, bl. 159; C. P. v. d. Merwe, bl. 63).
laergeleë lande (Afrse. Taalstudies, bl. 57).
lang-verwagte besoekers (C. P. v. d. Merwe, bl. 53).
liggeraak(te) (B. en v.d.M.).
lomp-klinkende gevalle (C. P. v. d. Merwe, bl. 55).
meesbegunstigde nasie (B. en v.d.M., bl. 426; Wlys; Kr. en St.).
minderbevoegte kinders (Nasleep).
mindergewenste taalwendinge (Afrse. Taalstudies, bl. 45).
mooigevormde neus (Gister, bl. 56).
nabygeleë (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
natgereënde hoender (B. en v.d.M.).
natgeswete nek (Gister, bl. 3).
noodsaaklik-wederkerende werkwoord (Bouman en P., bl. 92; Potgieter, bl. 128).
nooit-volprese roem (C. P. v. d. Merwe).
normaal geboude persoon (Oupa).
offisieel-erkende vanne (Bouman en P., bl. 4).
onskeidbaar samegestelde werkwoorde (Booyesen e.a., bl. 116).
opmekaarvolgende woorde (Mnl. Gram., bl. 88).
opsigsfstaande (B. en v.d.M.; Afrse. Sint., bl. 93).
pasgebore (B. en v.d.M.).
pasgehuud (B. en v.d.M.).
pasgenoemde rubriek (Afrse. Sint., bl. 85).
predikatief-gebruikte adjektiewe (C. P. v. d. Merwe, bl. 65).
reggeaard(e) (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Wlys).
republikeiningsind(e) (B. en v.d.M.; Wlys).
ronddraaiend(e) (B. en v.d.M.).
rondtrekkende Jode (Hand. 19 vers 13).
sag-gekookte eier (Kr. en St.).
sesdubbeld (Wlys).
seshonderd-voet-hoë kranse (Sangiro, Brandwag, 25 April 1941).
sestiende-eeus(e) (B. en v.d.M.; Wlys).
sewe-jarige seuntjie (Transvaler, 15 Febr. 1941).
17e-eeuse Nederlands (Taaloggas, bl. 3).
simpatiekgesind(e) (Wlys).

skeidbaar-samegestelde werkwoord (Mnl. Gram., bl. 27; Booysen e.a., bl. 235 — *skeidbaar samegestelde werkwoord*: Botha en Burger, bl. 149; Potgieter, bl. 165).

skerppespitste oë (Laat Vrugte, bl. 121).

skerpgestelde brief (B. en v.d.M.).

skoongewaste dryfsand (Buks, bl. 101).

snelvarend(e) (B. en v.d. M.; Wlys).

snelwerkend(e) (B. en v.d.M.; Wlys).

sterkgespied(e) (B. en v.d. M.).

stilstaande (B. en v.d.M.).

swaarbelaaide (Kr. en St.).

swakbetoonde vorm (Mnl. Gram.).

tamgemokerde esel (Laat Vrugte, bl. 33).

tans heersende toestande (B. en v.d.M., bl. 267).

teenoormekaarstaande (B. en v.d.M.; Kr. en St.).

tegnies onderlegde vaklui (Scholtz, bl. 39).

teoreties-logiese beskouinge (Afrse. Sint., bl. 2).

terneergedruk(te) (B. en v.d. M.).

toevallig-wederkerende werkwoord(e) (Booyesen e.a., bl. 98; Bouman en P., bl. 92; Botha en Burger, bl. 143).

vanselfsprekend(e) (Wlys; B. en v.d.M.).

vasbeslote (Wlys).

veelbetekend(e) (Wlys; B. en v.d.M.).

verafgeleë (Potgieter, bl. 158; B. en v.d.M.; Kr. en St. — Mnl. Gram. = *veraf-geleë plekke*).

verbygaande (Wlys; B. en v.d.M.).

verregaande (Kr. en St.).

verreikend (Kr. en St.).

vetgesmeerde blits (Kr. en St.).

vrygebore (B. en v.d.M.).

welbekend(e) (Wlys; B. en v.d.M.).

welgemanierd (B. en v.d.M.; Wlys).

welingelig (B. en v.d.M.; Wlys).

weltevrede (B. en v.d.M.; Wlys).

wetenskaplik-onderlegde leerlinge (C. P. v.d. Merwe).

wildvreemd(e) (B. en v.d.M.; Wlys).

witgepleister(de) (B. en v.d. M.; Wlys).

12. SUBSTANTIEF + BYWOORD OF AGTERSETSEL (POSTPOSISIE).

Die betrekking tussen die substantief en bywoord het in sekere gevalle so vereng dat hulle saamgegroeï het tot een woord (met of sonder koppelteken). Die uiterlike kenmerk van die voltrekking van hierdie samekoppelingsproses is dat daar geen lidwoord of ander bepalende woord voor die substantief staan nie. Ons skryf dus: *Bloemfontein-toe*, *Kaap-toe*, *Jansenville-toe*, *huis-toe* (of *huistoe*), *berg-toe*, *dorp-toe*, *Vaderland-toe*, ens.—maar *na die dorp toe*, *na die berg toe*, *na die huis toe*, ens.

Hier kan ons ook noem gevalle soos *poot-uit, bek-af, been-af, kop-sku, hulle kom pad-op, hy het hande-uit gegly, die kind het asem-uit gehuil, berg-af, padlangs*.

Dr. J. J. le Roux¹⁾ wys daarop dat die oorspronklike bywoord in hierdie gevalle die diens doen van 'n kaususuitgang en dat die praktyk van die Huisgenoot om sulke gevalle aaneen te skryf dus op goeie gronde berus.

Die volgende gebruiklike verbindings kan ook onder hierdie groep geplaas word: *bril-op-die-neus* loer hy rond, hy lê *been-in-die-lug*, hy loop *hoed-in-die-hand*, die hond loop *stert-tussen-die-bene*, hy sit *toe-oë*, hy sit *hande-in-die-hare*, ens.

13. BYWOORD + AGTERSETSEL (POSTPOSISIE).

Daar bestaan geen twyfel dat die enkelvoudige postposisie aan die voorafgaande bywoord vas geskryf word nie, bv. hy gaan *boontoe, ondertoe, buitentoe, soheentoe, binnetoe, daarnatoe, daarlangs, hierlangs*, ens. Daar is egter gevalle waar die tweede woord opgevat word as 'n tweede bepaling by die werkwoord en dan behou dit die geaardheid van 'n bywoord en word los geskryf, bv. *hy loop voor verby*, ens. As twee voorsetsels 'n bywoord omring, kan die laaste aan die bywoord vasgekoppel word en die eerste dit bepaal. Dit is dan ook waarskynlik hierop dat die huidige neiging in Afrikaans gebaseer is om na *tot* die bywoord en agtersetsel aaneen te skryf: *tot daarnatoe, tot hiertoe, tot nogtoe, tot dusver*, ens. Dr. le Roux²⁾ wys daarop dat die Huisgenoot na *na* ook konsekwent die bywoord en postposisie aaneenskryf: *na boontoe, na ondertoe*.

14. VERBINDINGE VAN BYWOORDE.

Wanneer ons bv. gevalle soos *hier/onder, daar/bo* in die sinne „dit lê hier/onder”, en „hy lê daar/bo” neem, dan word dadelik opgemerk dat elke bywoord 'n eie aksent het en dat die twee met 'n pouse van mekaar geskei is: die tweede bywoord is 'n verklarende of beperkende bepaling. Daar kan egter samekoppeling uit hierdie verbindings ontstaan met eenheids-aksent op die tweede bywoord (*hierónder, daarbó*) waarin die eerste lid as 'n terloopse bepaling van die tweede gevoel word.

Waar meer as een bywoord in betrekking staan tot een gemeensame werkwoord, kry ons meestal 'n samekoppeling, met 'n

¹⁾ Oor die Afrikaanse Sintaksis.

²⁾ Oor die Afrikaanse Sintaksis.

versnelde tempo en eenheidsaksent op die eerste bywoord: hy loop *vóór*verby, hy staan *á*gterlanges, hy kyk *dáár*natoe, hy is *sommerso* van my weggeruk, ens. Wanneer die eerste bywoord egter weer opgevat word as 'n bepaling by die tweede, is die neiging om los te skryf, bv. hy loop *agter* langes, ens.

15. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE WAARVAN DIE EERSTE DEEL DIE STOF AANDUI.

Hierdie verbinding het al heelwat bespreking uitgelok,¹⁾ maar die praktyk leer ons tans definitief dat die formulering van die Taalkommissie²⁾ nagevolg kan word:

„Aaneen word geskrywe: . . .

(6) Selfstandige naamwoorde waarvan die eerste deel die stof aandui: *ferweelbroek*, *grasdak*, *sykouse*, *ysterpaal*.

Opm. 1. Egte stoflike byvoeglike naamwoorde op *-e* word natuurlik apart geskrywe: 'n *goue ketting*, en ook wanneer hulle 'n figuurlike betekenis het: 'n *stale wil*'".

Aangesien hierdie verbindings vandag in die Afrikaanse skryftaal byna sonder uitsondering aaneengeskrif word,³⁾ sal dit geen nuttige doel dien om op al die aspekte in te gaan nie.⁴⁾

Die feit dat hierdie verbindings deurgaans aaneengeskrif word, dui daarop dat hulle byna sonder uitsondering na analogie van bestaande voorbeelde gevorm is en dus samestellinge is. Die enkele samekoppeling kan dus ook maar as samestellinge beskou word. Vandaar dan ook taalkundige regverdiging vir die gebruik om deurgaans die lid wat die stof aandui aan die selfstandige naamwoord vas te skryf. Die volgende paar voorbeelde met verwysings staaf wat aangevoer is: *blikbord* (Potgieter; Booysen en Jansen); *syrok* (Booyesen en Jansen); *ferweelbroek* (Wllys); *grasdak* (Wllys.; Booysen en Jansen; Bouman en P.); *sysakdoek* (B. en v. d. M., bl. 705), *erdepot* (Levitikus 6 vers 28), *koperkettings*

¹⁾ Vgl. bv. *Die Brandwag*, 25 Augustus 1920, bl. 75 en *Die Huisgenoot*, November 1920, bl. 297.

²⁾ Vgl. die *Afrikaanse Woordelys*; Vyfde, hersiene en vermeerderde druk; bl. XXXIV (Nasionale Pers, Beperk, 1937).

³⁾ Vgl. die volgende opmerkinge uit Afrikaanse grammatikas in hierdie verband: Potgieter: „In baie gevalle word die stofaanduidende byvoeglike naamwoord en die daaropvolgende selfstandige naamwoord aanmekaar geskrif; Bouman en P.: „Stofaanduidende byvoeglike naamwoorde word dikwels met die selfstandige naamwoord saamgetrek tot 'n samestelling.” Vergelyk verder Botha en Burger, bl. 14, en Booysen en Jansen, bl. 13 vir dieselfde opvatting.

⁴⁾ Dr. J. J. le Roux lig hierdie verbinding toe in sy *Oor die Afrikaanse Sintaksis*.

(Rigters 16 vers 21); *koperwiele* (Konings 7 vers 20); *koperwas-komme* (Konings 7 vers 38); *silwerskottel* (Huisgenoot, 5 Junie 1942); *kleimuur* (Bouman en P., bl. 77); *plankvloer* (Bouman en P., bl. 77); *waspop* (Bouman en P.); *ysterpaal* (Botha en Burger); *staalbrug* (Botha en Burger); *silwermedalje* (Botha en Burger); *glasdeur* (Potgieter); *koperpan* (Potgieter); *strooidak* (Potgieter); ens., ens.

Ons sien egter dadelik hoekom die volgende los geskryf word: *goue dasspeld*, 'n *lakense broek*, 'n *silwerekstem*, 'n *stale geheue*, 'n *koper voorhoof*, ens.

16. -HULLE.

Waar *-hulle* die krag het van 'n fleksie-uitgang wat 'n meervouds- of kollektiewe begrip by lewende wesens uitdruk, word dit aan die selfstandige naamwoord gekoppel, bv.: *pa-hulle*, *oom-hulle*, ens. Vgl. ter staving die volgende paar voorbeelde uit ons skryftaal: *pa-hulle* (Kr. en St.; Gister, bl. 129; C. P. v. d. Merwe; Praatjies, bl. 119); *tante-hulle* (Laat Vrugte, bl. 115); *Stella-hulle* (Aangesig, bl. 42); *Oom Johannes-hulle* (Afrse. Sint., bl. 80); *die oumense-hulle* (Afrse. Sint., bl. 80); *Piet-hulle* (Bouman en P.), ens.

17. DIFFERENSIASIE.

'n Paar voorbeelde word gegee om aan te toon hoedat samekoppeling los en vas geskryf kan word om verskil in betekenis aan te toon:—

geel wortels (van plante).

blink leer (is blink gevryf).

Dit is weer 'n **nuwe jaar**.

'n **Rooi nek** is so gebrand.

groot mens.

klein kind

ou nooi.

skoon seun.

Dit is 'n **warm plek** hierdie.

mooi praat.

goed praat.

rooi hond (hond met rooi kleur).

te kort (Die lat is te kort).

So 'n **maer merrie** vrek maklik

Hy dra 'n **grys hemp**.

wit man.

wilde eend (mak eend wat wild is).

geelwortels (groente).

blinkleer (is kunsleer).

Wat doen jy op **nuwejaar**?

'n **Rooinek** is 'n Engelsman.

grootmens.

kleinkind.

ounooi.

skoonseun.

warmplek (die hel).

mooipraat.

goedpraat.

rooihond (siekte).

tekort (Daar is 'n tekort).

op sy **maermerrie** skop.

Hy is 'n **Gryshemp**.

witman.

wilde-eend (soort eend).

Hy is 'n **klein baas** (kort van gestalte).

edel man.

arm blanke.

Dis 'n baie **groot man.**

vry spreek (sonder bang te wees).

'n **Hoër skool** is hoër geleë.

Die **hoë veld** van die plaas.

lang wa (nie kort nie).

Die **jong** by het net uitgekom.

Dis 'n heerlike, **koel kamer.**

Hy is nog maar 'n **jong kêrel.**

bitter bessiestroop
suur lemoenkonyf.

vars waterplante.

blinde man.

drie voet.

twee klanke.

dis goed so.

Al te ver om te draai.

Hy hou van 'n **skoon veld.**

Hard loop en nie sag nie.

Die perd is **op stal**

groot beeskraal.

Die vakansie is **in sig.**

Stuur dit **op sig.**

nuwe skoolraad.

Hy loop al **om my.**

Hy het dit **in gedagte.**

Outa, roep gou die **kleinbaas!**

edelman.

armblanke.

Hy hou hom **grootman.**

vryspreek.

'n **Hoërskool** het 'n hoër rang.

Die **hoëveld** van Transvaal.

langwa (in die wa).

Die **jongby** in die heuning-
kook.

Koelkamers vir vrugte.

Die **jongkêrel** is nog onge-
troud.

bitterbessiestroop.
suurlemoenkonyf.

varswaterplante.

blindeman.

drievoet.

tweeklanke.

dis goedso.

Hy is darem **alte moeg.**

Hy is **skoonveld.**

Hardloop en nie stap nie.

Die ou **opstal.**

groot-beeste-kraal (kraal vir
groot beeste).

'n Goeie **insig.**

In watter **opsig.**

nuwe-skool-raad.

Die wêreld **alom . . .**

Hy is **ingedagte.**

So kan nog talle voorbeelde genoem word en in elke geval merk ons die samekoppelings-elemente by die een wat aanmekaar geskryf word.

18. MOEILIKE VERBINDINGE.

Dit sal uiters paslik wees om hierdie hoofstuk af te sluit met 'n aantal moeilike verbindings wat nie ter sprake gebring is nie. Die skryfwyses wat ons gee is die wat volgens die gebruik in Afrikaans gevolg behoort te word. Enkele verwysings word gegee:—

Adjunk-hoofbestuursbeampte (Kr. en St., bl. 567).

Adjunk-kommissaris (Kr. en St., bl. 346).

Afrikaans-Nasionale Studentebond (Kr. en St., bl. 659; Afkortings, bl. 8).
ag-dae-geneesbossie (Wlys.; B. en v. d. M.).
Anti-Asiate-klousule.
Assistent-direkteur (Kr. en St., bl. 345).
Assistent-distriksgeneesheer.
Assistent-hoofbestuurder.
Assistent-landmeter-generaal (Kr. en St., bl. 571).
Assistent-naturellekommissaris.
Assistent-Provinsiale Sekretaris (Tel., bl. 574).
Assistent-Resident-Magistraat (Kr. en St., bl. 695 = *Assistent-Resident Magistraat*).
Assistent-verantwoordelike Amptenaar (Tel., bl. 345).
Barkleydeurloop.
been-in-die-lug (Praatjies, bl. 149).
bek-en-klouseer (Kr. en St.).
bek-en-klousiekte (B. en v. d. M.).
Blanke-hospitaal-dienste.
bok-bok-staan-styf (B. en v. d. M.; Kr. en St.)
Buffelspruit-Schoemansdal-grens.
buitentoe-uit (Jy moet die arms *buitentoe-uit* swaai).
Christelike Jongeliedevereniging (Kr. en St., bl. 696; Afkortings, bl. 10).
eier-en-lepelwedloop (Handhaaf 8, bl. 7).
eier-in-die-hoed (B. en v. d. M.).
Frans-Agter-Indië.
Grey-universiteitskollege.
haak-en-steekbos (B. en v. d. M.).
heen-en-weertjie (B. en v. d. M.).
Holland-Afrika-lyn (Transvaler).
100-tree-gelykstaan (Handhaaf 8, bl. 8).
Hoof-adjunk-kommissaris (Kr. en St., bl. 573).
Hoof-provinsiale Inspekteur (Tel., bl. 574).
Hoofwerktuigkundige Ingenieur (Kr. en St., bl. 577).
hou-jou-bek-wet (Wlys.; B. en v. d. M.).
Huur-en-leen-wetsontwerp (Transvaler).
in-memorium-kaartjie (Verkl. Wb.).
Johannesburg-Pretoria-pad.
Junior bokskampioenskappe.
karbied-tot-water-ontwikkelaar.
Koedoedeurloop.
Koning Edward VII-hospitaal (Burger, 6 Maart 1941).
Koning George V-hospitaal.
Krause-regsbiblioteek (Kr. en St., bl. 344).
kruidjie-roer-my-niet (Wlys.).
laat-maar-lê-neiging (Gister, bl. 42).
luitenant-ter-see (B. en v. d. M., bl. 411; Booysen e.a.).

- Metro Goldwyn Mayer-rolprente** (Kom egter ook voor as:
 Metro-Goldwyn-Mayer-rolprente).
murg-van-groente (Wlys.; Kr. en St.; B. en v. d. M.).
Naturelle-Militêre Korps (Tel., bl. 579).
Naturelle-Verteenwoordigende Raad.
Nederduits Gereformeerde Kerk (Kr. en St., bl. 703; Af-
 kortings, bl. 21; Afrse. Taalstudies, bl. 68; C. P. v. d.
 Merwe, bl. 122 — *Nederduits-Gereformeerde Kerk* kom ook
 voor, bv. Verkl. Wb., bl. 339 en Potgieter.
Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie (In Kr. en St., Verkl.
 Wb., en Afkortings, bl. 21 egter: *Nederlands Oos-Indiese*
Kompanjie.)
Nederlands-Suid-Afrikaanse Vereniging (Verkl. Wb., bl. 340).
om-'n-draai-praterij (Praatjies, bl. 95).
ondertoe-af (Jy moet die arms *ondertoe-af* swaai).
oor-en-weer-geroep (Buks, bl. 59).
op-en-af-beenskop.
Oranje-Vrouevereniging (Afkortings, bl. 23).
Ou Mutual-gebou (Kr. en St., bl. 574).
Ou Poskantoor-gebou.
ouvrou-onder-die-kombers (Wlys.).
pens-en-pootjies (B. en v. d. M.).
piet-my-vrou (Wlys.; B. en v. d. M.).
pond-vir-pond-stelsel (Wlys.).
Pretoria-distrik (Kr. en St., bl. 575).
Primêre A-skool (Oudstudent).
Provinsiale Assistentsekretaris.
Regs-geneeskundige Laboratorium (Tel., bl. 346).
Rietfontein-hospitaal.
Romeins-Hollandse Reg (Kr. en St.).
Sekondêre Afrikaans-leerlinge (C. P. v. d. Merwe).
Senior Assistent-gesondheidsbeampte.
sout-en-peper-kleur (Kr. en St.).
Staats-mediese diens.
Standaard VI-klas.
Stellenbosch-Elsenburgse Landbouskool.
Storm-en-drang-periode (Kr. en St.).
Studente-Verteenwoordigende Raad (Kr. en St., bl. 607).
tand-verhemelte-spirant (Bouman en P., bl. 241).
Teenwoordige Tydsvorm (Praatjies, bl. 147).
Union Castle-lyn (*Union-Castle-lyn* kom egter ook voor).
Union Corporation-gebou (Kr. en St., bl. 350).
verste-agter-gedeelte (Praat u beskaaf, bl. 21 =
 Verste-agtergedeelte).
vroeg-agtiende-eeus(e).
wag-'n-bietjie-boom (Wlys.).
wins- en verliesrekening (Wlys.).
Wyks-maatskaplike werkster (Transvaler).

HOOFSTUK VI.

DIE KOPPELTEKEN.

Die koppelteken vorm 'n wesenlike deel van die onderhawige beskouing en verdien besondere toeligting.

Aanvanklik dien met besondere klem vermeld te word dat die koppelteken niks anders as 'n leesteken is nie. In die meeste gevalle wil dit enkel die lees vergemaklik of duidelikheid bevorder. Dr. D. B. Bosman beskou die onderskeiding tussen direk aanmekaar skryf en gebruik van die koppelteken as „'n kwessie van smaak, van styl”.¹⁾

Wanneer die aanmeekaarskryf van woorde ter sprake is, spreek mense dikwels die mening uit dat die koppelteken goed aan die doel beantwoord in gevalle van twyfel omtrent die skryfwyse van 'n bepaalde woord of verbinding. In alle ópsigte getuig sodanige opvatting egter van onkunde ten opsigte van die wese van die koppelteken. By die samestelling in Afrikaans is die koppelteken 'n blote pouseteken²⁾ om opeenhoping van vokale, vreemde opeenvolging, nuwe en lang verbindings oorsigtelik te maak, en daar moet altyd voor oë gehou word dat 'n gekoppelde samestelling taalkundig *een woord* is.

Wanneer 'n nuwe samestelling ontstaan, lyk dit in die begin dikwels vreemd op papier, met die gevolg dat die hulp van die koppelteken ingeroep word om die oog eers met die opgebreekte vorm vertrouwd te maak. Gewoonlik verdwyn die koppelteken egter heel gou saam met die kleur van vreemdheid wat aan die nuwe woord geheg was.

By die los verbindings wat besig is om tot samekoppeling

¹⁾ Vgl. Dr. D. B. Bosman, *Die Aanmeekaarskryf van Woorde in Afrikaans*, bl. 15.

²⁾ In Engels waar samestellinge meestal los geskryf word, dien die koppelteken as 'n tussenstadium by die samegroeiingsproses. Vgl. bv. G. V. Carey in sy *Mind the Stop*, bl. 79 en 80: „Pairs of words apt to be used in close association go through three stages of evolution. Starting as separate words, in the course of a growing attachment they become hyphenated, until eventually the hyphen drops out and the two words become one.”

aaneen te groei, word die koppelteken dikwels as 'n tussenstadium aangewend.¹⁾

Dit was moontlik om die kern van die koppelteken in enkele woorde te raak, en wanneer dit deurgrond word, behoort daar nie meer moeilikheid of twyfel te bestaan nie. Daar is egter heelwat reëls in verband met die koppelteken wat besonder goed by die praktyk aanpas en wat die koppeltekenverskynsel as 'n geheel heeltemal volledig dek.²⁾

Die koppelteken word dan aangewend:—

- (1) By minder voorkomende verbindings van eienaam en soortnaam: *Kruger-gedenkskool*, *Bessemer-proses*, *Moskouekspedisie*, *Chicago-tentoonstelling*, *Pierneef-tentoonstelling*, *Rhodes-politiek*. (Dit is opmerklik dat 'n persoon wat 'n verbinding van hierdie aard telkens gebruik, geneig is om die koppelteken te laat wegval.)
- (2) By samestellinge wat weens die vreemdheid daarvan of seldsame gebruik as minder vas voorkom: *skooldaerinneringe*, *seekus-Kafferstam*, *bangmaak-stories*, *baas-speel-houding*, *staansit-posesie*.
- (3) By lang samestellinge wat leesmoeilikheid verskaf: *skooleindsertifikaat-eksamen*, *Bloukop-koggelmander*, *witkeeldikbeksyste*, *drieweke-vakansie*, *enkelplaat-koppelaar*, *maanhaarjakkals-kaskenades* (veelvuldige gebruik kan egter die koppelteken laat wegval—B. en v. d. M. en Kr. en St. skryf bv. *bloukopkoggelmander* aaneen).
- (4) By woordkoppeling wat tot so 'n vaste eenheid gegroei het dat die woorde nie meer geskei, maar tog ook nie aanmekaar geskryf kan word nie: *traak-my-nie-agtig*, *kruidjie-roer-my-nie*, *wag-'n-bietjie-boom*, *ou vrou-onder-die-kombers*, *pro-forma-faktuur*, *traak-my-nie-houding*, *pond-vir-pond-stelsel*.
- (5) By opeenhoping van klinkers in die middel van samestellinge, wat hinderlik is by die lees: *eeue-oue*, *uie-oes*, *see-eend*, *na-aap*, *mee-eet*, *twee-uur*, *diktee-oefening*.³⁾

¹⁾ Hier het die koppelteken dieselfde funksie as by samestellinge in Engels. Vgl. (2) op bladsy 70.

²⁾ Dr. D. B. Bosman staaf ons opvatting in *Die Aanmeekaarskryf van Woorde in Afrikaans*, bl. 15 op die volgende wyse: „Ons moet rekening hou met die gewoonte, die tradisie, in die eerste plek. Die vereistes van die tradisie is al taamlik goed geformuleer . . .”

³⁾ Let egter daarop dat die koppelteken nie altyd tussen klinkers nodig is nie. Die Woordelys gee bv. *moreoggend*, *moreaand*, *reuserbeid*, *weeldeartikels*. Dit is veral gebruiklikheid wat die koppelteken hier laat wegval.

- (6) By gevalle waar dit noodsaaklik is om dubbelsinnigheid te vermy: *aard-as*, *bek-af*, *dop-ertjie*, *bye-sel* (wat anders sou gelees word *by-esel*—die Woordelys skryf nogtans *byesel*), *pronk-ertjie* (teenoor *pronkertjie*), *wa-as* (anders as *waas*), *bok-kies* (teenoor *bokkies*), *jaar-in*, *jaar-uit*.
- (7) By geografiese name waar onderskeidinge soos die volgende gemaak word: *Suid-Afrika*, *Noord-Transvaal*, *Suidwes-Afrika*, *Wes-Europa*, *Sentraal-Afrika*, *Oos-Londen*, *Noord-Holland*, *Groot-Brittanje*, *Oos-Indië* (Kaapprovinsie en Kaap-Provinsie kom altwee voor, ook in die Woordelys).
- (8) By verdubbelinge: *eet-eet*, *gesels-gesels*, *gou-gou*, *bietjie-bietjie*, *skelm-skelm*, *sing-sing*, *beri-beri*.
- (9) By nou verwante vorme: *eksie-perfeksie*, *skorrie-morrie*.
- (10) By samegestelde titels: *kommandant-generaal*, *luitenant-kolonel*, *goewerneur-generaal*, *generaal-majoor*, *sersant-majoor*, *skout-by-nag*, *superintendent-generaal*.
- (11) By samegestelde name van tale, dialekte, of taalperiodes: *Anglo-Saksies*, *Fries-Frankies*, *Anglo-Fries*, *Nieu-Nederlands*, *Ou(d)-Engels*, *Ou(d)-Germaans*, *Middel-Nederlands* (word egter ook dikwels sonder koppelteken, nl. as *Middelnederlands* aangetref). Hierteenoor skryf ons egter: *Hoogduits*, *Hooghollands*, *Nedersaksies*, *Platduits*, ens.
- (12) By samestellinge met *oud-* in die sin van „gewese”: *oud-ouderling*, *oud-amptenaar*, *oud-burgemeester*, *oud-onderwyser*.
- (13) By samestellinge met *-hulle* waar dit ’n kollektiewe begrip aandui: *pa-hulle*, *Koos-hulle*, *oom-hulle*.
- (14) By enkelvoudige breuke: *sewe-agstes*, *twee-tiendes*, *sewehonderdstes*, *drie-elfdes*.
- (15) As telwoorde deur en verbind word: *vier-en-twintig*, *drie-en-dertig*.
- (16) As toe saam met ’n selfstandige naamwoord ’n bywoord van rigting vorm, mits dit nie deur *na* voorafgegaan word nie: *Ek gaan huis-toe*, *dorp-toe*, *plaas-toe*, ens.—maar *ek gaan na die huis toe*.
- (17) By woordpare waar ’n deel weggelaat word: *aand- en môrepraatjies*, *sout- en peperpotjie*, *in- en uitgaan*, *voor- en agtervoegsel*.

- (18) Waar die eerste deel 'n verkorting of 'n enkele letter is: *A.T.K.V.-Kongres, H.P.K.-werkwinkels, abc-boek, B.A.-graad, B-span, X-strale, e-meervoud, S.A.S.-oorskot, H.N.P.-tak.*
- (19) Waar die eerste lid die Engelse of vreemde vorm behou (die eerste lid kom dan ook in aanhalingstekens): *„cocktail”-kultuur, „De Luxe”-seep, „stress”-mineraal.*
- (20) In gevalle soos die volgende waar die eerste lid in syfers is: *18-jarige, 410-haelpatroon, 10-gellingblik.*
- (21) By medeklinkers wat vreemd langs mekaar voorkom en ook 'n natuurlike pouse by die uitspraak laat hoor: *uit-tand, voor-boer, bas-relief.*
- (22) Indien enigins moontlik moet die koppelteken nie na die verbindings-s gebruik word nie. By party gevalle waar die lengte van die woord leesmoeilikheid kan veroorsaak, is dit egter noodsaaklik: *derdejaars-universiteitstudent, Loodgieters-afvryfsoldeersel.*
- (23) In gevalle soos die volgende word die koppelteken dikwels aangewend: die *sneeu-bedekte* berge, die *bang-huilende* kind, *algemeen-menslike* gebrek, *droef-klaende* ritme, *manlik-beskeie* figuur, *oorspronklik-tekenende* gedig, *traag-slepende* gang.
- (24) In samestellinge waarin die eerste lid, hetsy byvoeglike naamwoord, voornaamwoord, lidwoord of telwoord, alleen betrekking het op die eerste gedeelte van die volgende samestelling en nie op die woord as geheel nie: *St-Catharina-kerkskool, Nuwe-studente-komitee, Verenigde-party-lid, Moderne-taal-vraestel, verste-agter-gedeelte*, ens. Hierdie skryfwyse met die twee koppeltekens word veral voorgestaan omdat dit reg laat geskied aan die funksie van die koppelteken, nl. om die lees te vergemaklik en duidelikheid te bevorder. Die gebruik om die koppelteken net na die eerste lid te gebruik (vgl. bv. *verste-agtergedeelte*, Praat u beskaaf, b. 21) is waarskynlik gebaseer op die reël in die woordelys van de Vries en Te Winkel,¹⁾ maar om gemelde rede verkies ek twee koppeltekens.

¹⁾ Vgl. M. de Vries en L. A. Te Winkel: *Woordenlijst voor de spelling der Nederlandsche Taal*; Vierde Uitgawe, besorg deur dr. A. Kluyver, bl. XLII (Martinus Nijhoff, A. W. Sijthoff, 1893).

Gebruiklikheid laat die koppeltekens egter wegval: *oumannetehuis, kleinkinderskool, dolhondsbyt, dolhondsiekte, kortgolfsender*, ens., terwyl dit, om die lees te vergemaklik, ook net voor die laaste lid geplaas kan word: *Seniorertifikaat-eksamen*, ens.

'n Paar algemene voorbeelde van verbindingsgevoegies waarin die koppelteken voorkom, word aangegee soos ons dit verkies: geluk-gedagtes, goud-kraginstallasie, gouderts-stamperterrein, Goodyear-maatskappy, herstel-skeepswerf, handkrag-hysmasjien, hoof-laerkommandant,¹ hoof-dialekgroep, hookhanou-geskreue, hikkel-woorde, „Intervarsity"-roeiwedstryd, jag-avonture, Kinder-sorg-vereniging, Klerk-stenograaf, X-strale-apparaat, asma-aanval, assistent-hoofbestuurder, assistent-magistraat, brongitis-aanval, Burger-Grootuitdaagbeker, Chevrolet-meester-luukse-sedanmotor, Carnegie-biblioteek, Douglas-vliegtuigmaatskappy, Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege, Nqadu-plantasiereserwe, Frans-Pruisiese oorlog, olie-raffinadery, plaatyster-reënwaterpyp, winterreën-druppels, svarabhakti-vokaal, Thabankulu-dolorietoordekking, Toe-broodjie-vissmeer, tuindam-water, vonklingte-stroomspanning, arm-dryfkrag, vulpen-ink, Suede-sportskoene, oplet-metode, kook-kuns-onderwyseres, verjaarsdag-dansparty, tand-verhemelte-spirant, lip-tand-spirant, Polisie-aanklagkantoor, Rissikstraat-takkan-toor, Wonderboom-Suid, Adjunk-hoofbestuursbeampte, Assistent-adjunkkommissaris, Unie-onderwysdepartement, Dunswart-spoorwegoorgang, Pretoria-Noord-busdiens.

Hierdie reëls behoort van groot waarde te wees in die praktyk. Dit staan elkeen natuurlik vry om volgens eie oordeel die koppelteken in party gevalle weg te laat, want dit is 'n stylmiddel wat nie geheel en al aan die bande van reëls gelê wil word nie. Daar moet net nie teen die gebruik in Afrikaans ingedruis word nie en dit moet ook nie uit die oog verloor word dat die koppelteken die lees moet vergemaklik en oorsigtelikheid moet bevorder nie.

HOOFSTUK VII.

SAMEVATTING.

By 'n samevattende oorsig oor die vernaamste aspekte van die aanmeakaarskryf van woorde in Afrikaans, raak die volgende die kern:

- (1) Afgeleide woorde en samegestelde afleidinge word altyd aaneengeskrif.
- (2) Samestellinge (eintlike samestellinge) moet altyd aanmekaar geskrif word.
- (3) Samekoppeling (oneintlike samestellinge) gee heelwat moeite in die praktyk omdat hulle nie soos samestellinge sintakties onnatuurlik is en uit hulle normale sinsverband gehaal en aanmekaar vasgeplak is nie, maar uit die normale sinsverband aaneengegroeï het deurdat sintaktiese groepe herhaaldelik langs mekaar gebruik is. So 'n samekoppeling het dus vrywillig en natuurlik saamgegroeï en gevolglik kan dit op dieselfde wyse weer opgebreek word. Hier is die kern dus van moontlike willekeur ten opsigte van die skryfwyse en waar dit logies volg dat twee woorde meer of minder vas gekoppel kan wees en dat die grens tussen 'n sintaktiese groep en 'n samekoppeling nie altyd skerp te trek is nie, word die moontlikheid van willekeur nog groter. 'n Woordgroep wat vir een persoon 'n samekoppeling is, kan vir 'n ander dus 'n los verbinding wees.

Waar vaste reëls logieserwyse hier dus buite sprake is, word 'n drieledige toets voorgelê waarvolgens met 'n taamlke mate van sekerheid vasgestel kan word of die sintaktiese groep al saamgegroeï het tot 'n samekoppeling of nie. Volgens die toets moet 'n samekoppeling 'n eenheidsaksent, 'n versnelde tempo in die uitspraak en isolering van betekenis vertoon. By die toepassing van die toets moet daar egter steeds rekening gehou word met die konserwatisme van die skryftaal, wat kan veroor-

saak dat 'n woord deurgaans vanmekaar geskryf word hoewel dit volgens die toets volmaak voldoen aan die vereistes van 'n samekoppeling. Verder is daar ook die feit dat die een persoon by 'n sekere verbinding eenheidsaksent, versnelde tempo en geïsoleerde betekenis vind, terwyl 'n ander dit nog nie in dieselfde mate aanvoel nie. Waar die konserwatisme van die bestaande taal en die feit dat grensgevalle aangetref word, dus afbreuk doen aan die doeltreffendheid van die drieledige toets, moet ons maar rekening hou met die praktyk deur voorbeelde uit 'die skryftaal langs die teorie te plaas.

Die feit dat 'n verbinding in party gevalle deur 'n ander woord in Afrikaans vervang kan word, is ook 'n faktor wat baie help om vas te stel of die verbinding aanmekaar geskryf moet word of nie. Byna sonder uitsondering kan ons in sulke gevalle aaneenskryf; dit is enkele die gevestigde gebruik wat anders mag vereis.

Om dië geheel af te rond, sal dit miskien van groot praktiese waarde wees om enkele aanbevelings by wyse van reëls voor te lê. Na aanleiding van ons uiteensetting in die inleiding word met klem gesê dat die reëls slegs leiding wil verskaf; om die wese van aanmekaarskryf te deurgrond, moet al die aspekte en faktore as 'n geheel geneem word.

Praktiese Wenke.

Aaneen word geskryf:

- (1) Alle afgeleide woorde: *antwoord, oermens, handelaar, slytasie, vergeetagtig.*
- (2) Alle samestellende afleidinge: *éénakter, driedekker, bittereinder, teraardebestelling, haatdraend, boomvormig, tien-daags, driehoekig.*
- (3) Alle samestellinge: *kamerdeur, hoekhuis, werkwinkel, snyboontjies.*
- (4) Waar ou fleksievorme nog voorkom: *haarlemmerolie, Dominikanermonnik.*
- (5) As die verbindingsklanke *e, s* en *er* aanwesig is tussen dele van die samestelling: *vraeboek, blindeskool, armesorg, armeskool, gewetenswroeging, opleidingskollege, staatsafdeling, runderpes.*

- (6) Wanneer 'n byvoeglike naamwoord wat normaal gesproke in attributiewe posisie verbuig, daar nie verbuig nie: *halfmaan, halfuur, privaatsekretaris, dubbelpunt, Fransdruive*.
- (7) Wanneer 'n nie-adjektief teenoor 'n volgende selfstandige naamwoord die funksie van 'n adjektief vervul: *af-vraag, Uniegebou, langsaam-praat, afsak-beweging*.
- (8) Geografiese name waarvan die laaste deel 'n soortnaam is: *Kerkstraat, Retiefstraat, Komgarivier, Breërivier, Kaapstad, Oranjerivier, Ventersdorp*.
- (9) Selfstandige naamwoorde waarvan die eerste deel die stof aandui: *ferweelbroek, syrok, ysterpaal, linnedoek, houthuis, sinkdak*.
Egte stoflike byvoeglike naamwoorde op *-e*, soos 'n *goue ketting*, en figuurlike byvoeglike naamwoorde, soos 'n *stale wil*, word egter los geskryf.
- (10) Opeenvolginge van woorde wat, wanneer hulle van mekaar geskryf word, geen verstaanbare sin sou oplewer tensy die betekenis deur die verandering van die vorm van die dele, deur omsetting of invoeging van ander woorde nader aangedui sou word nie: *yster-staaf* (staaf van yster), *tweehonderd* (tweemaal honderd) *seshoek* (figuur met ses hoeke), *waskamer* (kamer waarin gewas word).
- (11) Alle bywoordelike uitdrukkinge met die sogenaamde bywoordelike *s*: *terloops, buitentyds*.
- (12) Uitdrukkinge met die eerste lid in die ou Nederlandse sterk manlike of onsydige tweede naamval: *goedsmoeds, blootshoofds, blootvoet*.
- (13) Verbindinge van byvoeglike naamwoorde in die sterk tweede naamval op *-er* met 'n selfstandige naamwoord: *langsaamerhand, stormenderhand, toevalligerwyse, gerieflikheidshalwe*. →
- (14) Verbindinge met 'n voorsetsel gevolg deur 'n tweede naamval: *binnensmonds, buitenshuis*.
- (15) Verbindinge waarin die lidwoord *de* in Nederlands in *te* verander het: *metterdaad, mettertyd*.
- (16) Verbindinge wat op *der* en *des* begin: *derhalwe, desgelyks*.

(17) Werkwoorde met die volgende voorsetsels of bywoorde: *aan, agter, by, deur, om, onder, op, oor, teen, uit, voor, af, saam, toe: aanbod, deursteek, uitspring, byvoeg, omklink, onderwerp, opsteek, oorbrug, uitvoer, voorspring, afspring, saamloop, toevoeg.*

(18) Werkwoorde wat verbind is met 'n selfstandige naamwoord of met 'n bywoord van wyse wanneer die betekenis van dié woorde of van die werkwoord self gewysig is: *gadeslaan, regspraak, goeddoen, vrylaat, voortgaan.*

Wanneer die eerste lid egter 'n bepaling of trappe van vergelyking kan neem, is dit 'n bewys dat ons nie met 'n samekoppeling te doen het nie: *mooi skryf, swart verf, lelik praat, staat maak.* (Hierdie reël moet enkel saam met die uiteensetting in Hoofstuk IV (bl. 38-42) aangeneem word.)

(19) Byvoeglike naamwoorde vergesel van die bywoorde *wel; vol, al: welbekend(e), volsalig(e), aloue.*

(20) Die titels met *edel, hoog, wel, seer: Ededelagbare, Hoogeerwaarde, Hoogedelagbare, Seeredelagbare.*

(21) Benaminge van kleure wat uit twee byvoeglike naamwoorde bestaan: *donkerrooi, liggeel, swartbont, donkerbruin.*

(22) Die voornaamwoorde *diegene, diesulkes, dieselfde.*

(23) Bywoordelike uitdrukkinge wat uit twee bywoorde, of uit 'n bywoord en 'n voorsetsel wat bywoord geword het, bestaan: *veeleer, solank, ewegoed, eweveel, sodat, kortom, voluit.*

(24) Die bywoorde *hier, daar* en *waar* gevolg deur 'n voorsetsel of bywoord: *hieroor, daaruit, waaronder.*

(25) Die bywoorde *terstond, terug, tereg, ternouernood.*

(26) Die voorsetsels *teenoor, rondom, nieteenstaande, ingevolge.* Ander uitdrukkinge wat die waarde van 'n voorsetsel het, soos *uit hoofde, deur toedoen, met betrekking, ens.,* bly los omdat die tweede lid wat altyd 'n selfstandige naamwoord is meestal self 'n bepaling vereis: *Uit hoofde van, met betrekking tot, ens.* Let daarop dat *ingeval* in Afrikaans ook sonder die *van* voorkom en dan aaneengeskrif word, terwyl in *geval van* ook los geskrif word.

- (27) Alle verbindinge met die waarde van 'n voegwoord waarin die betekenis van elke deel nie duidelik uitkoom nie: *alhoewel, sodat, deurdat, desnieteenstaande, dientengevolge*.
- (28) Vaste tydsbepalinge en telwoorde wat verbind word sonder die koppelwoord en: *dis vyfuur, om tienuur, driehonderd, sesduisend, viermiljoen, ens.*
grys-swart (Laat Vrugte, bl. 17 = *grys-swart* hare).
haarnaasagter (Wlys; B. en v.d.M.).
haarself (Booyesen e.a.).
haastyd (C. P. v. d. Merwe, bl. 67).
halfaam (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
halfag (B. en v.d.M.;—Wlys = *half-ag*).
halfbroer (B. en v.d.M.).
halfdood (B. en v.d.M. = jou *halfdood* loop).
half-een (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
halfeindwedstryd (Handhaaf 6).
halfklinker (B. en v.d.M.).
halfmaan (Kr. en St.).
halfmaantjie (Volk en Taal = merk aan oor).
halfnege (Wlys; B. en v.d.M.).
halfsirkelvormig (B. en v.d.M.).
halfsool (Kr. en St.; B. en v.d.M.).
halfuur (Wlys; B. en v.d.M.).
halfvokaal (Kr. en St.).
halsoorkop (B. en v.d.M.).
handeviervoet (Kr. en St.).
ha-nou (Wlys; B. en v.d.M.; — C. P. v. d. Merwe = *hanou*).
hardegras (B. en v.d.M.).
hardepad (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.; Verkl. Wb.).
hardepeer (Kr. en St.).
heeldag (B. en v.d.M.).
heelwat (B. en v.d.M.).
heen-en-weertjie (Kr. en St.; Verkl. Wb.; C. P. v. d. Merwe).
helderblou (Laat Vrugte = *helder-blou* oë).
helderglas (B. en v.d.M.).
hemelsnaam (B. en v.d.M. Kr. en St. = in *hemelsnaam*).
hetsy (B. en v.d.M.).
hieragter (*hieragter* skuil iets).
hierbinne (B. en v.d.M.).
hiernatoe (Wlys; B. en v.d.M.).
hieromheen (B. en v.d.M.).
hieromstreeks (B. en v.d.M.).
hieromtrent (Bouman en P.).
hieronder (B. en v.d.M.).
hierteenoor (B. en v.d.M.).
hiertussen (B. en v.d.M.).
hoëpriester (Wlys; Bybel, Handeling 5 vers 21; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
Hoërhand (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
Hoërhuis (Wlys; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
hoërskool (Wlys; B. en v.d.M.; Verkl. Wb.; Huisgenoot, 22 Mei 1942, A. J. van Zyl; Kr. en St.; Transvaler, 20 Febr. 1941; Burger, 17 Maart 1941. — Kom egter ook by uitsondering as *hoër skool* voor, bv. Kr. en St., bl. 505; Burger, 20 Maart 1941).
hoëskool (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
hoëveld (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
hoewel (Bouman en P.).
hokaai (Wlys; C. P. v. d. Merwe).
holderstebolder (Wlys).
holrug (Beweging met *holrug* uitvoer).

- homself** (Booysen e.a., bl. 65 wys op verskil tussen „hy skeer *homself*” en „hy skeer *hom self*”).
- hoogedelagbare** (Kr. en St.).
- Hooggereshof** (Wlys).
- Hooghollands** (Wlys; Verkl. Wb.; Praatjies; — egter ook *Hoog-Hollands*, bv. B. en v.d.M.).
- hoogwater** (Wlys; B. en v.d.M.).
- hoorsê** (Ek het dit van *hoorsê* = B. en v.d.M.).
- hotagter** (Wlys; Volk en Taal; B. en v.d.M. = dit *hotagter* kry; Potgieter = *hotagter* kry).
- hotnaasagter** (Wlys; B. en v.d.M.).
- hotperd** (Bouman en P.).
- hyself** (Taalgoggas).
- iedereen** (Kr. en St.).
- inbegrip** (Kr. en St. = met *inbegrip* van).
- inderdaad** (Wlys; B. en v.d.M.; Bouman en P.; C. P. v.d. Merwe).
- inderhaas** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- indertyd** (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.; Botha en Burger; Bouman en P.; Potgieter).
- ingevolge** (Wlys; Kr. en St.).
- inmiddels** (C. P. v.d. Merwe).
- insage** (Booysens e.a., bl. 240).
- intendeel** (Wlys; — Kr. en St. = *in teendeel*).
- intussen** (Botha en Burger, bl. 94).
- jaar-in** (Verkl. Wb. = *jaar-in*, *jaar-uit*; — Bergstroom = *jaar-uit* en *jaar-in*).
- ja-nee** (B. en v.d.M.; Potgieter, bl. 276; Afrse. Taalstudies, bl. 60).
- jangroentjie** (B. en v.d.M.).
- jongby** (Buks, bl. 66).
- jongedogter** (B. en v.d.M.; Verkl. Wb.; Kr. en St.).
- jongeheer** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; — maar *die jonge heer A* = B. en v.d.M.).
- jongeliede** (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.).
- jongeling** (Kr. en St.; Verkl. Wb.).
- jonggetroude** (Wlys; Kr. en St.).
- jongkêrel** (Kr. en St.; Verkl. Wb.; Wlys).
- jongman** (B. en v.d.M., bl. 317; — teenoor: Dit is 'n *jong man*).
- jongmeisie** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; — Teenoor: Dit is 'n *jong meisie*).
- jongmense** (Kr. en St.; Verkl. Wb. = *jongmens*).
- jongos** (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- jongspan** (B. en v.d.M.; Verkl. Wb.).
- jonkman** (sien samestellinge).
- kaalkop** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; Scholtz, bl. 117 = bynaam).
- kaalperske** (Wlys; Verkl. Wb.; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- kaalvoet** (Wlys; B. en v.d.M.).
- kanniedood** (Kr. en St.).
- kanniedoodboompies** (Sangiro, Brandwag, 16 Aug. 1941).
- kleinbaas** (Wlys; Kr. en St.; Verkl. Wb.; Volk en Taal).
- kleindogter** (Wlys; Volk en Taal; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- kleingeld** (Kr. en St.).
- kleingood** (Kr. en St.).

- kleinhandel** (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.).
kleinharsings (B. en v.d.M.).
kleinjong (Wlys).
kleinkas (Kr. en St.).
kleinspan (Oupa, 14 Febr. 1941).
kleintongetjie (Wlys; Volk en Taal; Bouman en P.).
kleinvee (Kr. en St.; B. en v.d.M.).
kleingingertjie (Volk en Taal).
kleinwild (Kr. en St.).
kortasem (Wlys; B. en v.d.M.; Verkl. Wb.).
kortbegrip (Kr. en St.).
kortbroek (Handhaaf 8; — C. P. v. d. Merwe = *kortbroekie* (shorts)).
kortpad (Kr. en St.).
kortverhaal (C.P. v.d. Merwe, bl. 237).
kouekoors (Wlys.; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; — C. P. v.d. Merwe = *koue-koors*).
kreeftegang (C.P.v.d.Merwe; B. en v.d.M.; — Potgieter en Spreekwoorde, bl. 88 = *Die kreeftegang* gaan).
kromhout (Kr. en St.).
kromneus (Kr. en St.).
kwaaikop (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
kwaavriende (Wlys).
laerhuis (Wlys; B. en v.d.M.; Verkl. Wb.; Kr. en St.).
laerskool (Wlys; Verkl. Wb.; Transvaler, 26 Febr. 1941. — In B. en v.d.M. en Kr. en St. kom die woord los en vas voor).
laeveld (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
langoog (B. en v.d.M. = *langoog* wees; Kr. en St. = iemand is *langoog*).
langore (Scholtz, bl. 116 = donkies).
langsaaan (Laat Vrugte, bl. 5)
langamerhand (Botha en Burger; Booysen e.a.; Potgieter).
langtand (C. P. v.d. Merwe = hy eet *langtand* (bl. 67), maar hy eet *met langtande* (bl. 73)).
langvokale (Praat u Beskaaf, bl. 26).
langwa (Kr. en St.; Verkl. Wb.; Wlys).
lekkerbek (Kr. en St.; B. en v.d.M.).
lekkergoed (Kr. en St.).
lekkerlyf (Kr. en St.; Afrse. Sint., bl. 76 = Ek is *lekkerlyf*).
liggroen (Wlys).
links-agter (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
links-om (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
losgoed (Kr. en St.).
loskruit (B. en v.d.M. = met *loskruit* skiet; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
lospit (Verkl. Wb.).
losskrum (Handhaaf 6, bl. 11).
luihout (Volk en Taal).
luilekker (Bouman en P.).
luislang (Wlys.; Kr. en St.).
mandelank (teenoor 'n maand lank).
maljan (B. en v.d.M., bl. 419; Kr. en St., bl. 332 = *maljan* onder die hoenders; Verkl. Wb., bl. 318 = *Maljan* onder die hoenders; Afrse. Sint., bl. 76 = Hy is *maljan* onder die hoenders. — Op bl. 256 in Kr. en St. egter *Mal Jan* onder die hoenders).

- malkop** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; — Verkl. Wb. = *malkop* wees).
malpraatjies (Verkl. Wb., Kr. en St.).
maltrap (Kr. en St.).
menigeen (Booyesen, e.a.).
metterdaad (Kr. en St.).
mettertyd (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.; Botha en Burger; Booyesen e.a.; Potgieter; Bouman en P.).
metterwoon (Botha en Burger; C. P. v. d. Merwe; Potgieter).
minder-bevoorregtes (Afrse. Sint., bl. 151).
moenie (Wlys).
mooibroodjies (B. en v.d. M. en Kr. en St. = *mooibroodjies* bak).
mooipraatjies (Wlys; Kr. en St.).
mooiweer (Kr. en St.).
naaseergister (Volk en Taal).
naasvoor (Volk en Taal).
naderhand (Bouman en P.).
namate (Wlys; Booyesen e.a., bl. 238; Oupa; Taalstudies, bl. 17 = *Namate* die sin langer is, word . . .; — dit word egter ook los aangetref).
nege-oog (Verkl. Wb.).
netnou (B. en v.d.M.).
nieteenstaande (Wlys; B. en v.d.M.).
nietemin (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.; C. P. v.d. Merwe; Taalstudies, bl. 34; Bouman en P.).
nieusilwer (Verkl. Wb.).
nogal (B. en v.d.M. = *Nogal* warm vandag).
nogtans (Bouman en P.).
noord-noordoos (Afkortings, bl. 21).
noordoos (Wlys; B. en v.d. M.).
nou-ja (Aangesig, bl. 3 = *Nou-ja*, ek loop nou . . .).
Nu-Engels (Verkl. Wb.).
Nuwejaar (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).
nuwemaan (B. en v.d.M.).
nuwesiekte (Wlys; Kr. en St.).
ofskoon (Bouman en P.).
onbesiens (C. P. v.d. Merwe).
onderkant (Wlys).
onderweg (Booyesen e.a.).
onverrigtersake (Bouman en P.; C. P. v. d. Merwe).
onvoorsiens (Bouman en P.).
oopmond (Hy het altyd *oopmond* gestaan).
oranjebitter (B. en v.d.M.).
oubaas (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Volk en Taal).
ouboet (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.).
ou(d)-Engels (Kr. en St.; — Verkl. Wb. = *ou(d)engels*).
ou-Germaans (Wlys).
ouhout (Volk en Taal).
oujaar (Kr. en St.).
oujong (Kr. en St.).
oujongkêrel (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
ouklip (Volk en Taal).
oulaas (Wlys; Kr. en St. = *vir oulaas*).
ouland (Kr. en St.).
oulande (Volk en Taal).
oulap (Kr. en St.).
oumeid (Verkl. Wb.).
oumense (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Huisgenoot, 25 Julie 1941, C. J. Grové).
ounooi (Kr. en St.; Volk en Taal; Bouman en P.).
ou-ooie (Laat Vrugte).
ouvrouw (Wlys).
papbroek (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).

- partykeer** (Kr. en St.).
partymaal (Wlys).
plattak (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
platduits (Kr. en St.; B. en v.d.M.; Afrse. Sint., bl. 55).
platluis (Kr. en St.).
platriem (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
platsak (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M. = *platsak* wees).
platvoet (Kr. en St.).
privaatbank (Econ. Dict., bl. 169).
privaatbesit (B. en v.d.M.).
privaatdosent (Kr. en St.; — B. en v.d.M. = *privaat-dosent*).
privaateiendom (B. en v.d.M.).
privaatgebruik (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
privaatles (Kr. en St.).
privaatmaatskappy (Econ. Dict., bl. 169).
privaatonderwyser (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
privaatsekretaris (Wlys; Kr. en St.; Tel., bl. 566; —B. en v.d.M. koppel dit).
privaatskool (Wlys; B. en v.d.M.; Waarheen Vader, bl. 130; Kr. en St., maar op bl. 505 los).
rooibaadjie (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St. = English Soldier).
rooibeet (B. en v.d.M.).
rooibekkie (Kr. en St.; Volk en Taal; Verkl. Wb.).
rooibessie (B. en v.d.M.).
rooibok (Wlys; B. en v.d.M.; Volk en Taal; Kr. en St.).
rooibont (Wlys; B. en v.d.M.).
rooibruin (B. en v.d.M.).
rooidag (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; — Bouman en P. = *rooi-dag*).
rooihaas (Volk en Taal).
rooihond (Kr. en St.).
rooiheid (B. en v.d.M.).
rooijakkals (Wlys; B. en v.d.M.).
rooikaffer (Volk en Taal).
Rooi-kappie (B. en v.d.M.).
rooi-kat (Volk en Taal; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
rooi-klip (Volk en Taal).
rooimier (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
rooimierkat (Volk en Taal).
rooinek (B. en v.d.M.).
rooi-swart (Laat Vrugte, bl. 39).
rooivink (Wlys; B. en v.d.M.).
rousool (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
ru-gare (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Booysen e.a., bl. 148).
seereerwaarde (B. en v.d.M.).
sedertdien (B. en v.d.M.).
sie-jy (B. en v.d.M.).
sienderoë (B. en v.d.M.).
skeeloog (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Scholtz, bl. 117).
skewebek (Wlys; Kr. en St.; — Verkl. Wb. = *skewebek* trek).
skoonmoeder (Wlys; B. en v.d.M.).
skoonskrif (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
skoonsuster (Verkl. Wb.).
skoonveld (Wlys; Verkl. Wb.; — B. en v.d.M. = hy was *skoonveld*).
skugter-bly (Laat Vrugte, bl. 65).
skurwebas (Kr. en St. = citrus disease).

- slimpraatjies** (Verkl. Wb.; Wlys).
smaldeel (Verkl. Wb.).
smalspoor (Verkl. Wb.).
snelbesteldiens (Kr. en St.).
snelskrif (Wlys; B. en v.d. M.).
sneltrein (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).
snelvuur (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).
sodat (Wlys. — teenoor *só dat*, b.v. Bybel, Exodus 25 vers 12 = . . . *só dat* twee ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant is).
sodoende (B. en v.d.M.).
sodra (Wlys; B. en v.d.M.).
soetdoring (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).
soetganna (Volk en Taal).
soetgras (Kr. en St.).
soethout (Kr. en St.).
soetkoek (Kr. en St.; Spreekwoorde, bl. 143; — B. en v.d.M. = vir *soetkoek* opeet; Verkl. Wb. = soort koek; — B. en v.d.M. = alles vir *soet koek* opeet).
soetlemoen (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).
soetmelk (Wlys; B. en v.d. M.; Verkl. Wb.; Bybel, Gen. 18 vers 8).
soetnoorsdoring (B. en v.d. M.).
soetolie (Wlys; B. en v.d.M.).
soetriet (Wlys; B. en v.d.M.).
soetwater (Wlys; B. en v.d. M.; — Kr. en St. skryf dit los).
so-ewe (B. en v.d.M.; Wlys = *soëwe*).
soheentoe (Bouman en P.; C. P. v. d. Merwe; Wlys).
- sommerso** (Aangesig, bl. 15; — Buks, bl. 100 = *sommerso* in die stormloop; Kr. en St. = *sommerso* blou van die koue; B. en v.d.M. = Hy het alles *sommerso* laat staan, Hy het *sommerso* gewip soos hy val; — C. P. v. d. Merwe = *sommer so*).
spelenderwys (Bouman en P.; C. P. v. d. Merwe; Potgieter).
sterkwater (Wlys; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
stinkakkedis (B. en v.d.M.).
sinkblaar (Kr. en St.).
stinkhout (Wlys; B. en v.d. M.).
sinkvlieg (B. en v.d.M.).
stomphoek (Wlys; Verkl. Wb.; Kr. en St.).
stompneus (Wlys).
stompoor (Volk en Taal).
stompstert (Kr. en St.; Verkl. Wb.).
stormenderhand (Bouman en P., C. P. v. d. Merwe).
stuksgewyse (Bouman en P.).
stywesiekte (Verkl. Wb.).
suurbessie (Kr. en St.).
suurdeeg (Wlys).
suurgas (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
suurknol (Kr. en St.).
suurlemoen (Wlys; Kr. en St.).
suurmelk (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
suurpruim (B. en v.d.M.; Verkl. Wb.).
suurvy (Wlys).
suurvygie (C. P. v.d. Merwe).
swaargeskut (Kr. en St.).
swaargewig (Kr. en St.).
swartbord (B. en v.d.M.; Kr. en St.).

- swartgoed** (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.).
- swartgrond** (B. en v.d.M.).
- swarthemp** (B. en v.d.M.).
- swartkop** (Kr. en St.).
- swartkraai** (B. en v.d.M.).
- swartkunstenaar** (B. en v.d. M.).
- Swartsee.**
- swartskaap** (Wlys; Volk en Taal; Verkl. Wb.; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- swartslang** (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.; Verkl. Wb.; Volk en Taal).
- swartvel** (B. en v.d.M.).
- syself** (Taalgoggas).
- taaios** (Wlys; B. en v.d.M.; Volk en Taal).
- taaipit** (Verkl. Wb.).
- tegelyk** (Wlys; B. en v.d.M.).
- tegelykertyd** (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.; — C. P. v. d. Merwe en Bouman en P. egter: *te gelyker tyd*).
- tekort** (B. en v.d.M. = die *tekort dek, tekort aan geld*; — Kr. en St. = 'n *tekort aan*).
- telkemale.**
- tensy** (Wlys; Kr. en St.; Bybel).
- terdeë** (Wlys; Bouman en P.; B. en v.d.M. = iemand *terdeë die waarheid sê*).
- terduiwel** (Verkl. Wb.).
- tereg** (Wlys).
- terloops** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; Booysen e.a.; Bouman en P.).
- ternouernood** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Botha en Burger; Booysen e.a.; Potgieter).
- terselfdertyd** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Bouman en P.).
- terstond** (Wlys; Kr. en St.; Bouman en P.).
- tersy** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Botha en Burger; Taalstudies, bl. 7 = iets wat nie sommer *tersyde* gelaat kan word nie).
- terwyl** (Bouman en P.).
- tevergeefs** (Wlys; B. en v.d. M.; Botha en Burger; C. P. v.d. Merwe).
- tevore** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; Praatjies, bl. 124; Burger, 20 Maart 1941; Transvaler, 17 Oktober 1941).
- tevrede** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
- toentertyd** (Wlys; B. en v.d. M.).
- toe-oog** (B. en v.d.M. = *toe-oog loop*).
- totdat** (Wlys; Verkl. Wb.; B. en v.d.M.).
- totsiens** (Booysen e.a.; Prof. M. S. B. Kritzinger; Gister, bl. 22; Aangesig, bl. 60; — Potgieter egter: *tot siens*).
- tweekeer** (Laat Vrugte = Sy het *tweekeer* flou geword, *Tweekeer* was die diaken al daar; Buks = *tweemaal* so diep; Bybel, Markus 14 vers 30 = Voordat die haan *tweemaal* kraai; Booysen e.a., bl. 192 = So waar soos *tweemaal* twee vier is. Dit kom egter ook los voor).
- tweeklank** (Bouman en P.; Praat u Beskaaf, bl. 26 = *tweeklanke*).
- tweemaal** (sien *tweekeer*).
- uiteraard** (Wlys; B. en v.d. M.).
- uitermate** (Kr. en St.; Wlys).
- uwentwil** (Kr. en St. = om *uwentwil*).

- vaalbos** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
vaalbruin (Wlys; B. en v.d.M.).
vaaldoring (B. en v.d.M.).
vaal-groen (Buks, bl. 67).
vaalkorhaan (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
vaalmol (Volk en Taal).
Vaalrivier (Wlys; B. en v.d.M.).
vandag (Potgieter; Wlys).
vandesejaar (Volk en Taal; Wlys).
vandeseweek (Wlys; Kr. en St.; C. P. v. d. Merwe, bl. 49; Bouman en P., bl. 70; Volk en Taal).
vanjaar (Potgieter; Wlys).
vanmelewe (Wlys; C. P. v.d. Merwe).
vanoggend (Potgieter).
vanouds (Wlys).
veiligheidshalwe (Wlys).
velerlei (Bouman en P.; C. P. v.d. Merwe; Wlys).
volbegrip (Afrse. Sint. bl. 120).
volbek (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
volbloed (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
vol(le)maan (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
volmag (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.).
voloffer (Bybel, Levitikus 4 vers 23).
volsin (Kr. en St.; Verkl. Wb.; Afrse. Sint., bl. 201; Wlys).
volskoot (C. P. v.d. Merwe = Ek gooi hom 'n mooi volskoot . . .).
voortaan (B. en v.d.M.; C. P. v.d. Merwe).
vooruit (Wlys; Bybel = Die ander disiepels het vooruit gehardloop).
vorentoe (Wlys; B. en v.d.M.).
vroepampoer (B. en v.d.M.).
vryhandel (Wlys).
vrykamer (Wlys; Bouman en P., bl. 82; Taalgoggas, bl. 23).
vrywiël (Wlys; B. en v.d.M.).
vuilgoed (B. en v.d.M.).
waarkragtens.
waarnatoe (Wlys; B. en v.d.M. = *Waarnatoe* gaan jy nou, die stad *waarnatoe*...).
waaromheen (B. en v.d.M. = die paal *waaromheen* . . .).
waaromtrent (Wlys; B. en v.d.M. = *waaromtrent* het hulle gepraat).
waaronder (Wlys; B. en v.d.M. = *waaronder* het hy dit gekry).
waaroor (Wlys; B. en v.d.M. = Die brug *waaroor* ons gery het).
waarop (Wlys; B. en v.d.M. = *waarop* staan jy).
waarsonder (Wlys).
waarteen.
waarteenoor.
waartoe (Wlys).
waartussen (Wlys).
waarvan (Wlys).
waarvandaan.
waarvoor (Wlys).
warmbad (Kr. en St.; Verkl. Wb.; B. en v.d.M. = die *warmbad* by Caledon).
warm-patat (B. en v.d.M.).
warmwater (Kr. en St. = Jy is *warmwater*, Jy sal in die *warmwater* kom — teenoor *warm water*).
weledelagbare (Wlys).

- weliswaar** (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.; Aangesig, bl. 70).
- welvoegelijkheidshalwe** (Potgieter; Wlys).
- wessuidwes** (Wlys; B. en v.d.M.).
- wildeals** (Wlys; Kr. en St.; Verkl. Wb.; — B. en v.d. M. = *Wilde-als*).
- wildebees** (Wlys; B. en v.d. M.; Kr. en St.; Volk en Taal).
- wilde-eend** (Wlys; B. en v.d.M.; Praatjies, bl. 74; Volk en Taal).
- wilde-esel** (Volk en Taal; B. en v.d.M.).
- wildegans** (B. en v.d.M.; Wlys).
- wildehoender** (Volk en Taal; Wlys; B. en v.d.M.).
- wildehond** (Volk en Taal; Wlys; B. en v.d.M.).
- wildekat** (Verkl. Wb.; Wlys; Volk en Taal; B. en v.d. M.).
- wildeperd** (Volk en Taal; B. en v.d.M.).
- wildepruim** (Wlys; Kr. en St.; B. en v.d.M.).
- witbont** (Wlys; B. en v.d.M.).
- witbrood** (Kr. en St.; Verkl. Wb.; Bybel, Gen. 40 vers 16; B. en v.d.M.).
- wit-els** (B. en v.d.M.).
- witkaffer** (Wlys; Volk en Taal).
- witkalk** (Wlys; B. en v.d. M.).
- witklei** (Volk en Taal; Wlys; B. en v.d.M.).
- witlood** (Wlys; B. en v.d.M.).
- witman** (B. en v.d.M.; Waargeen Vader, bl. 164 = . . . die samelewing van die *witman*).
- witmens** (Wlys; B. en v.d. M.).

BYLAE D.

Twyfelagtige Gevalle.

Hier volg woordgroepe wat as samekoppeling sowel as los verbindings in die skryftaal voorkom. Dit is veral die alreeds behandelde grensgevalle, gevalle waar 'n tussenstadium aangetref word en gevalle waar die konserwatisme van die skryftaal teenoor die samekoppelingsfaktore staan. Dit is hierdie woorde waarvan die skryfwyse so uiters willekeurig is.

Die doeltreffendste metode skyn dus te wees om hierdie woorde as twyfelagtig voor te stel en die keuse van die skryfwyse aan die individuele taalgevoel oor te laat. Aangesien die taalgevoel, soos daar in die Inleiding op gewys is, egter nie altyd betroubaar is nie, sal daar getrag word om leiding te verskaf deur die vorm wat volgens my opvatting voorrang behoort te geniet in die lys te plaas. Die verwysings uit die skryftaal behoort verdere leiding te verskaf.

aan kant (Kr. en St. = aan kant maak).

aanmekaar. (Hier skyn die verband in die sin en die persoonlike gevoel die enigste leidraad te wees. Daar word egter twee gevalle aangetref wat uitmekaar gehou moet word, bv. „die twee lande grens *aan mekaar*” teenoor „toe hulle *aanmekaar* spring”. In die skryftaal is daar egter by elke groep ook willekeur, maar die drieledige toets behoort hier as 'n taamlik betroubare maatstaf te dien. Vgl. die volgende voorbeelde: B. en v. d. M. = Hulle skryf *aan mekaar*, Land en sand *aanmekaar* praat, Soos sand *aanmekaar* hang, Hy is van leuens *aan mekaar* gesit, *aan mekaar* skryf (Correspond); Kr. en St. = een blom *aanmekaar*; H. Steytler, Huisgenoot = Ek het gemeen dat die vis *aanmekaar* byt; Laat Vrugte = Waar hy probeer om 'n gesprekkie *aan mekaar* te sukkel (bl. 63), Hy het dae *aanmekaar* hier by die werk rondgeslenter (bl. 229), Jy moet *aanmekaar* werk, Vir twee dae *aanmekaar* het daar 'n reën geval (bl. 355); Buks, bl. 62 = nagte *aanmekaar*; Praatjies, bl. 66 = . . . en die twee lande *aan mekaar* grens. . . ; C. P. v. d. Merwe, bl. 139 = om siel en liggaam *aanmekaar* te hou; Potgieter, bl. 98 = kon . . . sinne as volg *aan mekaar* verbind wees, . . .

- die sinne is eenvoudig *aanmekaar* geheg (bl. 103); Botha en Burger = Deur twee of meer woorde *aanmekaar* te las . . . (bl. 146), . . . word twee woorde eenvoudig *aanmekaar* geskryf (bl. 147).)
- af en toe** (C. P. v. d. Merwe = *af-en-toe*).
- agteraan** (Kr. en St.).
- agterdeur** (B. en v. d. M. = Die bok het die skoot *agterdeur* gehad).
- agtereen** (Kr. en St. = Dit het drie dae *agtereen* gereën).
- agtermekaar** (Die verband in die sin en die drieledige toets behoort hier as oorwegende faktore te dien. Wanneer die betekenis figuurlik is, word dit *aanmekaar* geskryf. Vgl. die volgende voorbeelde: B. en v. d. M. = Soos eende *agter mekaar* loop (bl. 171), *agtermekaar* loop (bl. 40); drie dae *agtermekaar* (bl. 40), dinge *agtermekaar* sit (bl. 40), 'n paar perde *agtermekaar* inspan (bl. 40), drie vakansiedae *agtermekaar* (bl. 40); Kr. en St. = Iets *agtermekaar* sit, 'n *agtermekaar* kêrel, weke *agtermekaar*, eers sy ossies goed *agtermekaar* span; Verkl. Wb. = *agtermekaar* (= een na die ander, in orde), 'n *agtermekaar* kêrel; *agtermekaar* staan; Laat Vrugte = Alles is *agtermekaar* (bl. 266), Sy planne so *agter mekaar* inspan (bl. 363); Waarheen Vader = Voetbalsake . . . *agtermekaar* te bring (bl. 79).)
- agterom** (Kr. en St. = agterom).
- aldae** (Wlys. = aldag;—B. en v. d. M. gee egter *al dae*).
- al drie** (B. en v. d. M.; C. P. v. d. Merwe; prof. T. H. le Roux).¹⁾
- al hoe meer** (C. P. v. d. Merwe).
- alkant** (Wlys = dis *alkant* selfkant; Kr. en St. = op bl. 488 „alkant, selfkant” maar op 'n ander plek los).
- al lankal** (Aangesig, bl. 47; Waarheen Vader, bl. 176; Potgieter, bl. 261; — In B. en v. d. M. verskyn *al lankal* en *al lank al*;— Wlys gee net *lankal*. — Ons keuse is hier gebaseer op die konserwatisme van die skryftaal en nie op die drieledige toets nie.
- al meer** (Vgl. Bybel, Handeling 9 vers 22 = Maar Saulus het *almeer* krag ontvang).
- alnamate** (Vgl. Afrse. Taalstudies, bl. 76: . . . *alnamate* die woord as minder of meer gewoon gevoel word).
- alom bekend** (B. en v. d. M. = Dit is *alom bekend*).

¹⁾ Ons verkies *altwee* teenoor *al drie* omdat eersgenoemde baie meer gebruik word. Die verbinding *al/drie* is stellig vinnig op pad om een woord te word (Prof. M. S. B. Kritzinger verkies dit aaneen), maar daar moet 'n lyn getrek word. Niemand sal bv. *al sewe*, *al twintig*, ens. *aanmekaar* skryf nie. Waar *al/drie* dan 'n tussenstadium vorm tussen *altwee* en *al twintig*, staan ons op hierdie stadium *al drie* voor. Die praktyk in die toekoms sal wel die deurslag gee.

- alte** (Aaneen waar daar eenheidsaksent is. Vgl.: Taalstudies, bl. 20 = Moet jou dit nie *alte* veel aantrek . . . nie; Gister, bl. 175 = . . . dit lyk my of Ouma darem *alte* eensaam is; Huisgenoot, 22 Mei 1942, A. J. van Zyl = Ongelukkig beskou ons *alte* dikwels rekenkunde en matesis as . . .; Nasleep, bl. 41 = Dit lyk *alte* veel vir my so; B. en v. d. M. = maar *alte* graag.—Egter ook los waar aksent op die twee lede dieselfde is, bv.: Dis *al te* laat daarvoor; Mnl. Gram., bl. 19 = Hierdie skryftradisie was egter nie 'n *al te* vaste nie).
- altesame** (Wlys; Kr. en St. = altesaam).
- altwee** (Prof. T. H. le Roux en Prof. M. S. B. Kritzinger; Bosman en v.d.M. = *al twee*; Huurlinge = Leef jou vader en moeder nog *al twee*).
- al weer** (Prof. T. H. le Roux; — Laat Vrugte, bl. 134 = Hy wonder wat hulle *al weer* weggesteek . . . het).
- ander/kant** (Dit lyk of ons veilig aaneen kan skryf wanneer daar nie 'n *die* voor staan nie — met die *die* is die skryfwyse uiters willekeurig hoewel dit meestal los voorkom en gevolglik eerder los geskryf kan word. Pas ook die drieledige toets toe. Vlg. die volgende voorbeelde: B. en v.d.M. = Aan die *ander kant* = on the other hand (side); Verkl. Wb. = aan die *ander kant*; Kr. en St. = beide *aan die anderkant* en *aan die ander kant*; J. van Melle, Huisgenoot, 14 Febr. 1941 = aan die *ander kant* is daar in hulle lewe iets . . .; Laat Vrugte = Moet ons vir jou nog 'n mak perd aan die *anderkant* vasmaak; Bybel, Markus 5 vers 21 = En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die *ander kant*; Sangiro, Brandwag, 16 Aug. 1941 = Van die *ander kant* af; Bybel, Exodus 25 vers 12 = só dat twee ringe aan die *een kant* en twee ringe aan die *ander kant* is; Dr. P. C. Schoonees = aan die *een kant* . . . aan die *ander kant*; Laat Vrugte, bl. 371 = Dit is asof 'n ramp aan die *een kant* baie lewe doodgebrand het, maar aan die *ander kant* vir hom verheldering bring; I. D. du Plessis, Huisgenoot = Aan die *een kant* was ek blootgestel . . . aan die *ander kant* was daar . . .; Wlys = *anderkant* as bw. en voors.; B. en v.d.M. = *anderkant* as voors. (on the other side of, across); Kr. en St. = *anderkant* as bw. (on the other side of, on the other side); Verkl. Wb. = *anderkant* = 'aan die *ander kant*; Bergstroom = Die grond hier *anderkant* die spruit; Potgieter = Ons woon *anderkant* die berge; Laat Vrugte, bl. 368 = Tussen die melkbosse en die sloot *anderkant* die randjie; Buks, bl. 25 = Hy klim *anderkant* teen die hoë wal uit; Booysen e.a., bl. 268 = Natal lê *anderkant* die Drakensberge; Nasleep, bl. 61 = *anderkant* die rivier).
- andersom** (B. en v.d.M., bl. 49; C. P. van der Merwe egter = *anders om*).

a-nee-a (of aneea).

as 't ware (Prof. T. H. le Roux skryf dit so).

bang Jan (Spreekwoorde, bl. 16 en Praatjies, bl. 154 = Liewer(s) *bang Jan* as dooi Jan).

bes moontlik (Kr. en St. en B. v.d.M.; C. P. v. d. Merwe, bl. 55 = *besmoontlik*).

blanke bevolking (By verbindings met *blanke* as eerste lid is die neiging om los te skryf. Vgl. bv. Praatjies, bl. 127 = *blanke bevolking*; Kr. en St. = *blanke beskawing*; — In Waarheen Vader kry ons op bl. 31 *blanke-skool* en op bl. 51 *blanke skool*. Die argumente is dat *blanke* 'n bepaalde adjektiewiese kleur het (Vgl. *blanke persoon*) en dus los geskryf moet word. Daarteenoor staan die analogiese invloed van samestellinge soos *naturellebevolking*, *naturelleskool*, ens., wat die aanmeakaarskryf in die hand werk. Persoonlik voel ek baie geneig om gevalle soos *blanke skool*, ens. as samestellinge (skool vir blankes) te beskou. Die woord *blanke* het vandag al sy plek ingeneem as selfstandige naamwoord en nuwe verbindings wat dus met *blanke* as s.nw. gevorm word, is ongetwyfeld samestellinge).

blou Maandag (Kr. en St.; Spreekwoorde, bl. 22 = Elke *blou Maandag*).

boe of ba (Laat Vrugte, bl. 229 = *boe-of-ba*).

by/mekaar (Daar word twee gevalle aangetref, bv. „*bymekaar hok*” teenoor „*Hulle behoort by mekaar*”). Die drieledige toets is hier taamlik betroubaar. Die voorbeelde bewys hoe uiters willekeurig die skryfwyse is: Die Wlys gee *bymekaar* aan en in die Verkl. Wb. verskyn *bymekaar* = tesame; — B. en v.d.M.: *bymekaar hok*, die hoofde *bymekaar steek*, die twee behoort *by mekaar*, sy kop *bymekaar hou*, sy gedagtes nie *bymekaar hê* nie, die twee mense pas nie *by mekaar* nie, al jou sinne *bymekaar hou*; Burger = Toe hy 'n groep *bymekaar* gebring het; J. van Melle, Huisgenoot, 8 Aug. 1941 = *Hulle sit by mekaar*; Buks, bl. 7 = Waar die bosreuse dig *bymekaar* staan. — 'n Besondere betekenis-skakering mag in party gevalle die een of die ander skryfwyse bevoordeel).

by voorbaat (Booyesen e.a.; Potgieter, C. P. v. d. Merwe.)

byvoorbeeld (Wlys; C. P. v. d. Merwe, bl. 192; Afkortings, bl. 10; Praat u beskaaf, bl. 29; — Ook *by voorbeeld*: Potgieter, bl. 75; B. en v.d.M.)

bywyle (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb.; — egter ook *by wyle*: Booyesen e.a., bl. 238, C. P. v. d. Merwe. — Die drieledige toets pas hier aan en daar kan ook een woord met dieselfde betekenis daarvoor gebruik word, nl. *soms*, *somtyds*.)

daar bo-op (Bybel, Genesis 28 vers 13 = Die Here het *daarbo-op* gestaan).

- daarbuite** (Laat Vrugte, bl. 166 = Wat dwing hom weer na die oop ruimte *daarbuite*).
- daargunter** (Kr. en St.).
- daaronder** (Laat Vrugte, bl. 70 = Sy ma is soos die ou wilkerboom wat Henning nou *daaronder* af kap).
- daar-oorkant** (Afrse Sint., bl. 187).
- danksy** (Prof. M. S. B. Kritzinger).
- des te beter** (Wlys; B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- des te meer** (C. P. v. d. Merwe; F. van Groningen, Huisgenoot; F. Steyn, Huisgenoot, 12 Maart 1941).
- des te moeiliker** (Bouman en P.).
- deur en deur** (Kr. en St. = iemand *deur-en-deur* ken).
- deurmekaar** (Kr. en St. = Iemand se hare *deurmekaar* krap; B. en v.d.M. = iemand se boeke *deurmekaar* maak; C. P. v. d. Merwe = Ek raak *deurmekaar*; — teenoor: Die kinders vleg *deur mekaar*).
- donker maan** (B. en v.d.M. = dis *donker maan*).
- dooie punt** (B. en v.d.M. = 'n *dooie punt* bereik; Transvaler = 'n *dooiepunt* bereik).
- dooi Jan** (Spreekwoorde, bl. 16, en Praatjies, bl. 154 = Liewer(s) bang Jan as *dooi Jan*).
- douvoordag** (Wlys; Verkl. Wb.; — C. P. v. d. Merwe, bl. 163 = *dou-voor-dag*).
- driekwart vol** (B. en v.d.M.).
- droë-ooi** (Volk en Taal = *droëooi*).
- droëskaap** (Laat Vrugte, bl. 61).
- droë-vrugte** (Laat Vrugte, bl. 87; Burger, 17 Febr. 1941 = *droë vrugte*).
- duitse-masels** (B. en v.d.M.; Kr. en St.).
- duitse-sis** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Botha en Burger, bl. 189; Oupa).
- duiwel in** (B. en v.d.M. en Spreekwoorde, bl. 39 = Die *duiwel in wees*).
- een-en-dieselfde** (Bouman en P., bl. 43; Bybel, Konings 7 vers 37).
- een/kant** (Dieselfde geld as by *ander/kant*. Die voorbeelde lig die skryfwyse toe: B. en v. d. Merwe = aan die *een kant* (on the one hand); Booysen e.a., bl. 152 = aan die *een kant*; Laat Vrugte, bl. 6 = Henning staan op met 'n streep grond aan die *een kant* van sy gesig; Oupa, 14 Febr. 1941 = Ons kleinspan sit ook *eenkant*; Wlys (*eenkant* as bw.)).
- eenkeer** (Wlys; Laat Vrugte, bl. 23: *een-* of *tweekeer* het hy met Johanna gepraat).
- een streep deur** (B. en v.d.M.).
- eerste-hulp** (Kr. en St.; — B. en v.d.M. egter *eerste hulp*).

- Eerste Klerk** (Tel. bl. 566; — Econ. Dict., bl. 42 = chief clerk (Staatsdiens) = Eersteklerk).*
- eeue-oud** (Kr. en St.; B. en v.d.M.).
- eie-beweging** (B. en v.d.M.).
- eie-ek** (Praat u beskaaf).
- ekself** (B. en v.d.M. = *ek self* het hom gesien; Kr. en St. = *ek self*; Taalgoggas = *ekself*).
- ekstra-wiel** (B. en v.d.M.).
- Engelse sout** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Verkl. Wb. = *engelse-sout*; Botha en Burger = „engelse-sout (dink nie meer aan herkoms nie)”).
- enkelboekhou** (Bosman en v.d.M. = *enkel boekhou*. — die feit dat die *e* van *enkele* weggelaat is, dui duidelik op samekoppeling).
- ensovoorts** (Afkortings, bl. 13; Kr. en St. en C. P. v. d. Merwe = en so voorts).
- foeitog** (C. P. v. d. Merwe; — Praatjies, bl. 154 = ag, *foei tog*; B. en v.d.M. = *foei tog*).
- gedroogde pruim** (B. en v.d.M.).
- gedroogde vrugte** (Verkl. Wb.; Oupa).
- geeneen** (B. en v.d.M. = ek ken *geeneen* van hulle twee nie).
- geheel en al** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Huisgenoot, I. D. du Plessis; Buks, bl. 140; F. Steyn, Huisgenoot, 20 Junie 1941; Esmoreit; Nasleep, bl. 95; — egter ook *geheel-en-al*: Burger, 27 Febr. 1941; Transvaler, 23 Mei 1941; Bybel, Gen. 20 vers 18; C. P. v. d. Merwe).
- glad nie** (C. P. v. d. Merwe; B. en v.d.M.; Kr. en St.; Potgieter, bl. 85; Booysen e.a., bl. 233; — *gladnie*: Praatjies, bl. 154 = En ek antwoord: „*Gladnie*”; Gister, bl. 28 en 69; Afrse. Sint., bl. 50).
- g'n-eeen** (B. en v. d. M.).
- Godswoord** (Kr. en St.).
- goedso** (Bosman en v.d.M. = *dis goed so*).
- Goeie-Vrydag** (Wlys; Booysen e.a., bl. 34; Verkl. Wb.; — Op bl. 244 skryf B. en v.d.M. *Goeie-Vrydag* maar op bl. 242 *Goeie Vrydag*; op bl. 204 skryf Kr. en St. *Goeie-Vrydag* maar op bl. 203 *Goeie Vrydag*).
- goue stroop** (Handhaaf 2, bl. 53: *gouestroop*).
- Groot-Karoo**.
- groot moonthede** (B. en v.d.M. = die *groot moonthede*; Huisgenoot, 12 Sept. 1941 = Japan as *grootmoontheid*).
- groot publiek** (B. en v.d.M.; Kr. en St. — Prof. M. S. B. Kritzinger deel ons mee dat hy tans *grootpubliek* verkies).
- growwebrood** (Kr. en St.; B. en v.d.M.; Verkl. Wb.).
- gulde eeu** (B. en v.d.M.).

* Die keuse val bepaald op *Eerste Klerk*, maar feit is dat dit 'n besondere titel of pos in die Staatsdiens is wat *Eersteklerk* begunstig en laat voorkom.

- gulde getal** (B. en v.d.M. = gulde-getal = golden number).
- hals-oor-kop** (Waarheen Vader, bl. 54; Gister, bl. 287; C. P. v. d. Merwe).
- hand/vol** (Die drieledige toets kom hier in aanmerking vir die skryfwyse. Vgl. egter die volgende voorbeelde: Booysen e.a. = met 'n *bek vol* tande sit; Laat Vrugte, bl. 243 = Hy het sy *handvol* sand in die graf gegooi; Kr. en St. = met 'n *mond vol* tande sit, soos 'n *hand vol* vlieë; Verkl. Wb. = met 'n *mond vol* tande staan; Kr. en St. = Hulle is nie *handvol* nie, maar *landvol*; Potgieter = Hy sit met 'n *bek vol* tande; Bybel, Levitikus 16 vers 12 = . . . twee *hande vol* fyngestampte reukwerk . . .; Kr. en St. = die *hande volhê*; die Wlys gee: *handvol*, *mondvol*, *sakvol*, *mandjievoll*).
- hardekop** (Kr. en St.; Bergstroom = Hy is 'n *hardekop*; — B. en v.d.M. = 'n *harde kop*).
- harde vet** (B. en v.d.M.; Handhaaf 3, bl. 36 = *hardevet*).
- heden ten dage** (Bouman en P.; — hedentendage: Potgieter; C. P. v. d. Merwe).
- heelparty** (B. en v.d.M. = 'n *heel party*; Kr. en St. = *heel party*). Een woord omdat *heel* onverboë bly.
- heterdaad** (Booysen e.a., bl. 239 = op *heterdaad* betrap; Spreekwoorde, bl. 63 = Iemand op *heterdaad* betrap; Kr. en St., bl. 226 = op *heterdaad* betrap — dit kom op 'n ander plek ook los voor;—B. en v.d.M.=op *heter daad* betrap; C. P. v. d. Merwe = op *heter daad*; Bouman en P. = op *heter daad*).
- hierdie een** (Booysen e.a., bl. 73).
- hierlangs** (B. en v.d.M. = *hier langs* asseblief).
- hieronder** (Afrse. Sint., bl. 187).
- Hoë kommissaris** (Oupa; Tel., bl. 568, maar op dieselfde bl. *adjunk-hoëkommissaris*; B. en v.d.M. (Eng.-Afr.), bl. 102 = *Hoëkommissaris*. — daar dien op gewys te word dat die woord al 'n besondere titel geword het — die taal hou egter konserwatief aan twee woorde).
- hoelank** (B. en v.d.M.).
- Hoër Jongenskool** (Taalgoggas, bl. 20; Kr. en St. by afkortinge; Oudstudent; Afkortings, bl. 15; Burger, 17 Febr. 1941 en 20 Maart 1941; — *Hoërlongenskool*: B. en v.d.M.; Kr. en St.; C. P. v. d. Merwe, bl. 12).
- hoërop** (Kr. en St.; B. en v.d.M. = hy wil *hoërop*).
- honderdmaal** (B. en v.d.M.).
- hoog aan** (B. en v.d.M. = *hoog aan* wees).
- hoogswaarskynlik** (B. en v.d.M.; C. P. v. d. Merwe).
- hoog tyd** (Kr. en St. = dis *hoog tyd*; Spreekwoorde, bl. 68 = Dit is *hoog tyd*; B. en v.d.M. = Dit is *hoog tyd*).
- hot en haar** (B. en v.d.M. = op bl. 289 *hot en haar* en ook *hot-en-haar*; Laat Vrugte, bl. 203 — *hot-en-haar* rondvra).
- in-die-oog-lopelend** (C. P. v. d. Merwe).

in elk geval (B. en v.d.M.).

ingedagte (Verkl. Wb.; B. en v.d.M., bl. 301; — B. en v.d.M. = diep in *gedagte*; Kr. en St. = diep in *gedagte*).

ingeval (Huisgenoot, W. Spiethoff = *Ingeval* ek dit nie sou kon regkry nie; Potgieter = *ingeval*; Botha en Burger, bl. 100 = *ingeval*; Kr. en St. = *Ingeval* (in case); Huisgenoot, D. H. Visser = *Ingeval* die noodlot jou die poets bak).

ingeval van (Booyesen e.a. = Blaas die fluitjie *ingeval van* nood; Afrse. Sint., bl. 103 = Hulp *ingeval van* moeilikhede; B. en v.d.M. en Kr. en St. = *in geval van*; Booyesen e.a. = *in geval*).

in hoeverre (Huisgenoot, F. van Groningen).

in mekaar (Die drieledige toets behoort hier as rigsoer te dien. Vgl. die volgende voorbeelde: Laat Vrugte, bl. 271 = Vroeër het die dae *in mekaar* gevloei; Laat Vrugte, bl. 279 = Opeens *in mekaar* sak; Laat Vrugte, bl. 378 = Buite- en binne-wêreld vloei *in mekaar*; B. en v.d.M. = Hierdie onderwerpe gryp *in mekaar*; Praatjies, bl. 36 = As ons praat van . . . dan sien ons die twee nie *inmekaar* nie maar *naas mekaar* en ons vergelyk hulle *met mekaar*; Praatjies, bl. 100 = . . . die gewoonte aankweek om dinge *naas mekaar* en *in mekaar* te sien; Afrse. Sint., bl. 61 = Die twee betekenis kon *in mekaar* vloei).

insake (Bybel, Konings 5 vers 8; Verkl. Wb., Voorwoord; Burger, 6 Maart 1941; Transvaler; Vaderland; Huisgenoot; Afrse. Taalstudies, bl. 38; C. P. v. d. Merwe, bl. 192; Potgieter, bl. 76; — *in sake*: B. en v.d.M.; Kr. en St.; Afkortings, bl. 16).

in soverre (Burger).

insteede dat (Laat Vrugte, bl. 265).

insteede van (Aangesig, bl. 33; — *in stede van* = Booyesen e.a.; Botha en Burger).

jarelank (Aangesig, bl. 40 = Waarna hy nou-al *jarelank* tevergeefs streef; teenoor 'n *jaar lank*).

Junior Sertifikaat (Kr. en St., Afkorting; — Kr. en St. = *Juniorsertifikaat*; Huisgenoot, 22 Mei 1942, A. J. van Zyl = *Junior-Sertifikaat*).

kan nie (C. P. v. d. Merwe; B. en v.d.M.; Kr. en St. — Dit skyn 'n anglisistiese navolging van die Engelse *cannot* te wees om *kannie* te skryf).

keel-af sny (Huisgenoot = 'n Springbok *keel-af sny*; Vreemde Vertes, bl. 19 = *keelaf gesny*).

Kleinduimpie (Verkl. Wb.).

Klein-Karoo.

klein maat (B. en v.d.M. = by die *klein maat* verkoop).

kokendwarm (Verkl. Wb.).

kop aan kop (Booyesen e.a.).

kop onderstebo (Waarheen Vader, bl. 158 = . . . nou sit hy . . . *kop onderstebo*; Nasleep, bl. 71 = *Kop onderstebo* wegstap; Buks, bl. 79 = *koponderstebo* hang).

kort gelede (B. en v.d.M.).

kort termyn (B. en v.d.M., Kr. en St. en Booysen e.a. = *op kort termyn*).

kwaaiivriendskap (Wlys; Verkl. Wb.; — Laat Vrugte = in *kwaai vriendskap* met mekaar).

laer onderwys (B. en v.d.M.).

langs mekaar (Oupa = Marietjie, ek en Oelse sit weer *langs mekaar*; Laat Vrugte, bl. 203 = *langs mekaar* loop hulle, deur lyding verbonde; Buks, bl. 25 = Daar dryf vier otter-tjies op die water *langs mekaar*; Huisgenoot, 18 Apr. 1941, A. B. Niehaus = Hulle sit *langs mekaar*; F. Steyn, Huisgenoot, 20 Junie 1941 = Hulle ry *langs mekaar*; Mnl. Gram., bl. 56 = Wanneer hierdie vokale *naas mekaar* kom te staan).

lang termyn (Econ. Dict., bl. 131 = *langtermyn*).

lankal (B. en v.d.M. = hy is *lankal* dood; Wlys; Verkl. Wb.).

lank laas (B. en v.d.M. — op bl. 384 = ek het hom *lank laas* gesien en op bl. 388 = *lank-laas*).

ligte maan (B. en v.d.M.).

loshande (Kr. en St.).

Los Hotnot (Kr. en St. = *los hotnot*; Verkl. Wb. = 'n *los Hotnot*; C. P. v. d. Merwe = 'n *los hotnot*; Spreekwoorde, bl. 69 = 'n *Los Hotnot*; B. en v.d.M. = *los Hottentot*).

los voor (B. en v.d.M. = *los voor* wees).

na aan mekaar.

nooit as-te-nimmer (B. en v.d.M. = so *nooit as-te-nimmer*; Spreekwoorde, bl. 110 = So *nooit as-te-nimmer*).

nooit ofte nimmer (Wlys; Spreekwoorde, bl. 110).

meteens (Wlys; Verkl. Wb.; Waarheen Vader, bl. 7).

met mekaar (B. en v.d.M. = Hulle is altyd haaks *met mekaar*, *met mekaar* verwar; Huisgenoot, F. van Groningen = Die Griekse stede het *met mekaar* gewedywer; Bybel, Lukas 24 = Watter woorde is dit wat julle *met mekaar* loop en wissel; Bybel = Die jode stry toe *met mekaar*; Laat Vrugte, bl. 129 = Hy en sy moeder het moeilik *met mekaar* gestryk; Botha en Burger, bl. 145 = As ons die woorde . . . *met mekaar* vergelyk).

myns insiens (Booyesen e.a.; Potgieter; Bouman en P.).

na behore (Potgieter).

nagelang (Bouman en P. = *nagelang* die stad hom uitbrei).

na gelang van (C. P. v. d. Merwe).

na mekaar (B. en v.d.M. = Kort *na mekaar*, Twee weke *na mekaar*; Laat vrugte, bl. 185 = dit is of 'n mag hulle *na mekaar* toe dwing; Laat Vrugte, bl. 304 = *na mekaar* kyk; Huisgenoot, 4 April 1941, redaksie = Die laaste hoofstukke sal nie onmiddellik *na mekaar* verskyn nie; Botha en Burger, bl. 145 = . . . dat baie van hulle baie *na mekaar* lyk . . .).

na regte (Potgieter).

- net so** (Booyesen e.a., bl. 85 = My broer is *netso* oud soos jou suster).
- netto-gewig** (B. en v.d.M.; Econ Dict. = *netto gewig*).
- netto-opbrengs** (B. en v.d.M.).
- nog nie** (C. P. v. d. Merwe; Gister, bl. 223 = . . . hy . . . kyk . . . of Magda *nognie* kom nie).
- nou al** (Let op die willekeur uit die volgende voorbeelde: B. en v.d.M. = *Nou al* moeg; C. P. v. d. Merwe = *nou-al*; Aangesig, bl. 40 = . . . waarna hy *nou-al* jarelank tevergeefs streef; Gister, op bl. 237 = . . . of sy dit *noual* wil erken of nie, . . ., op bl. 297 = Sy ken hom *noual* goed, en op bl. 280 = Sy ken hom *nou al* lank; Waarheen Vader, bl. 57 = *nou al*; Prof. T. H. le Roux skryf *nou al*).
- nouja** (Prof. T. H. le Roux en Prof. M. S. B. Kritzinger verkies dit so).
- nou-die-dag** (Laat Vrugte, bl. 78. Die driediedige toets pas hier aan en dit kan vervang word deur *onlangs*).
- noudat** (Bybel, Gen. 18 vers. 10 = *noudat* ek oud geword het; Gister, bl. 377 = . . . maar *noudat* Fransie weg is).
- nou eers** (B. en v.d.M. = ons het *nou eers* gekom; Kr. en St. = *nou eers*; Prof. T. H. le Roux verkies *nou eers*).
- nou nog** (Prof. T. H. le Roux).
- nou verwant** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Praatjies, bl. 96).
- nugter wakker** (B. en v.d.M.).
- om rede dat** (Kr. en St.).
- onderaan** (Wlys; Kr. en St. = *onderaan* die tafel; Buks, bl. 12 = Die soetgras *onderaan* die miershoop; B. en v.d.M., bl. 483 = *onderaan* en *onder aan*).
- onderdeur** ('n uiters willekeurige geval. Verskil van begrip of toon van stem (aksent) mag die een of die ander skryfwyse bevoordeel. Die skryfwyse dus geheel en al 'n kwessie van gevoel. Wanneer 'n mens aan analoë gevalle soos *dwarsdeur*, *regdeur*, ens., dink, word die aaneenskryf bevoordeel. Daarteenoor word besef dat in 'n geval soos: „Elke leerling hardloop by elke derde draai van die tou *onderdeur*”, die *tou* as versweë tussen *onder* en *deur*, ingevoeg kan word, wat die losskryf in die hand kan werk. Die gevoel moet egter maar leiding verskaf).
- onder mekaar** (B. en v.d.M. = Rusie maak *onder mekaar*, *onder mekaar* trou; Kr. en St. = *onder mekaar* = between (among) them, *onder mekaar* trou; Bybel, Johannes 19 vers 24 = Hulle het sy klere *onder mekaar* verdeel; Bybel = Toe het hulle *onder mekaar* geredeneer, Toe begin hulle *onder mekaar* te vra; Laat Vrugte, bl. 242 = Hulle lafhartige gefluister *onder mekaar*; Oupa = die gevaar van losbandigheid *onder mekaar* . . .; Oupa, 14 Febr. 1941 = Die afgunstigtes het *onder mekaar* gefluister).
- ons s'n** (B. en v.d.M.).

onses insiens (Bouman en P.; C. P. v. d. Merwe).

ook al (B. en v.d.M. = wat *ook al* gebeur, waar *ook al*, wie *ook al*; Kr. en St. = wat *ook al*, waar *ook al*, Bybel, Romeine 13 vers 9 = watter ander gebod *ook al*; Laat Vrugte, bl. 376 = Hoe ernstig hulle *ookal* mag opgebou wees; Gister, bl. 234 = . . . want hoe mooi en gerieflik die huis *ookal* is; Gister, bl. 279 = hy het *ook al* aan haar van Lenie vertel; Transvaler, 18 Sept., 1941 = . . . en wat *ookal* die uitslag van dié oorlog sal wees . . .; Ontblote Swaard = Hoe hy *ookal* gevoel het; Vaderland, 23 Mei 1941 = Waar hy *ookal* aangetref word. — Dit alles dui op die onvaste skryfwyse; daar is egter gevalle waar 'n besondere klemtoon of betekenis die een of die ander skryfwyse bevoordeel. Die volgende voorbeeld uit Praatjies, bl. 23 is bv. ongetwyfeld los: . . . 'n kwessie wat die taalgeleerdes *ook al* baie besiggehou het).

oordag (Wlys.; Verkl. Wb.; B. en v.d.M. = op bl. 513 aaneen maar op bl. 512 los).

oor en oor (Verkl. Wb. en Kr. en St. = *oor-en-oor*).

oormekaar (Kr. en St. = met sy hande *oormekaar* sit, *oormekaar* kyk, *oormekaar* slaan, *oormekaar* val; Buks, bl. 26 = Totdat hulle stoei en *oormekaar* val; Bosman en v.d.M. = met die hande *oormekaar*, *oor mekaar* slaan (arms); Laat Vrugte, bl. 67 = Haar woorde struikel *oor mekaar*).

op hande (Verkl. Wb.; Kr. en St.).

op mekaar (Kr. en St. en Bosman en v.d.M. = Die tande *op mekaar* klem; Laat Vrugte, bl. 70 = Die jaargetye volg *op mekaar*).

op sy (Bosman en v.d.M. = *op sy* skuif, hou jou kop *op sy*, *op sy* gaan, *op sy* stoot; Laat Vrugte, bl. 124 = Jy moet nie lafhartig *opsy* staan nie).

op verre na (Bosman en v.d.M.).

ou dag (Bosman en v.d.M. — *op sy ou dag*).

oukant toe (Laat Vrugte, bl. 74 = *oukant toe* staan).

oumeide (Bosman en v.d.M. = *oumeide* met knopkieries reën; Spreekwoorde, bl. 118 = Dit reën *oumeide* met knopkieries).

ou tyd (Bosman en v.d.M. = die goeie *ou tyd*).

pa s'n (B. en v.d.M.).

pasop (Wlys = *pasop!*; Taalstudies, bl. 13 = *Pasop!* daar kom die trein; Bouman en P., bl. 104 = *Pasop* vir jou).

plathak (Handhaaf 4, bl. 11; — Natuurlik los in die volgende verband: die skoën het 'n *plat hak*).

plat taal (Kr. en St. op bl. 441 beide los en vas).

raakskoot (Wlys).

regsom keer (Kr. en St. = *regs-om keer*; — Die Wlys en Verkl. Wb. gee *regsom*).

rooi-aas (Wlys; Verkl. Wb.; — Kr. en St. gee *rooi-aas* en *rooi aas*; Bosman en v.d.M. = *rooi aas* en *rooi-aas*).

rug aan rug (Booyesen e.a.).

sagtegehemelte (Taalstudies, bl. 29; Praat u beskaaf, bl. 21 = *sagte verhemelte*).

sagte vet (B. en v.d.M. = *dripping*).

sagtevrugte (Burger, 6 Maart 1941; B. en v.d.M. (Eng.-Afr.) = *Sagtevrugte* = deciduous fruit. — natuurlik te onderskei van *sagte vrugte* = vrugte wat pap is).

Senior Klerk (Die Staatsvertaalburo, Pretoria, skryf dit los; Prof. S. P. E. Boshoff deel ons mee dat hy dit los verkies. Verder tref ons dit los aan in: Econ. Dict., bl. 42 en Tel., bl. 567. In Plaaslike en Sentrale Bestuur deur G. von Pittius egter = *Seniorklerk*. — Vermelding verdien die feit dat *senior klerk* in die Staatsdiens al 'n spesiale titel geword het. Daar word bv. gesê: Hy is *seniorklerk*. Dit het nie meer die betekenis van 'n klerk wat 'n senior pos beklee nie; daar word aan 'n bepaalde pos of titel gedink. Die konserwatisme skyn egter die losskryf voor te staan).

senior leerling (C. P. v. d. Merwe, bl. 45 = *senior-leerlinge*).

senior ondersoeker (Tel., bl. 571).

Senior Sertifikaat (Hier is die meningsverskil nogal groot. Die Staatsvertaalburo, Pretoria gebruik twee woorde; Prof. T. H. le Roux en Prof. S. P. E. Boshoff deel ons mee dat hulle twee woorde verkies. Hier volg 'n paar voorbeelde uit die skryftaal: B. en v.d.M. = *senior-sertifikaat*; Kr. en St. = *Seniorcertifikaat*; Oudstudent = *Senior-Sertifikaat*; C. P. v. d. Merwe op bl. 16 *Senior Sertifikaat*, maar op bl. 18 *Senior-Sertifikaat*).

Senior Vakkundige Beampte (Tel., bl. 570).

¹⁾ **senior Weerkundige** (Tel., bl. 566).

sewemaal (Bybel = As hy *sewemaal* op 'n dag . . .).

sien ommesyde (Verkl. Wb.).

skerphoek (B. en v.d.M. en Kr. en St. skryf albei *skerp hoek* vir *acute angle*. Ons verkies dit aaneen vir 'n *acute angle*, maar natuurlik los vir 'n *skerp hoek* net soos 'n *stomp punt*).

skerp kant (Bosman en v.d.M. en Kr. en St. = *skerp kant*).

skuins kant (B. en v.d.M. en Kr. en St.).

skuinssy (Bosman en v.d.M. = Hypotenuse).

skuins vlak (Bosman en v.d.M.).

¹⁾ By verbindings met *senior* dien daarop gewys te word dat *senior* in sekere gevalle as 'n selfstandige naamwoord beskou kan word (Vgl. bv. *Juniordag* op Stellenbosch—dag vir of van die Juniors); dan is die verbinding natuurlik 'n samestelling wat een woord moet wees. Konserwatief word *Senior* egter meestal as Adj. beskou en as sulks verkies meeste mense om dit los te skryf. Dikwels egter kom dit as lid van 'n samekoppeling voor. (Vgl. *Seniorcertifikaat* hierbo en W. M. de Villiers, Huisgenoot, 6 Junie 1941, waar *Seniorwedstryd* en *seniorspanne* voorkom.)

- sleg af** (Kritzinger en St. = *sleg af wees*).
- soas** (Kr. en St.).
- soet broodjies** (Kr. en St. en Spreekwoorde, bl. 29 = *soet broodjies bak*).
- soiets** (Bybel, Levitikus 13 vers 51 = *Soiets is onrein*; Prof. Kritzinger deel ons mee dat hy *soiets* verkies; Aangesig, bl. 15 = . . . hulle moet self nooit *so-iets* begaan nie; Bosman en v.d.M. = *so iets* het ek nog nooit gesien nie; Kr. en St. = *so iets*).
- so ja** (Bosman en v.d.M.).
- solank** (Wlys; Verkl. Wb.; Bosman en v.d.M. = *solank as*; Kr. en St. = *boompie buig solank as dit nog jonk is*).
- sonder meer** (B. en v.d.M.).
- so pas** (B. en v.d.M.).
- so-te-sê** (C. P. v. d. Merwe; Waarheen Vader, bl. 54; — B. en v.d.M. en Kr. en St. egter los. Die verbinding voldoen aan die vereistes van die drieledige toets en word weergegee deur *nagenoeg*).
- soveel** (Wlys; B. en v.d.M. = *soveel te meer, soveel te beter*).
- sover** (Wlys. — anders egter is die geval by Laet Vrugte, bl. 372: *Wat so ver van mekaar gelê het*).
- sowaar** (Wlys; Kr. en St.).
- sowat** (Wlys; Kr. en St. = *sowat 50 pond*).
- sowel as** (Wlys = *sowel*; Kr. en St. = *sowel as*).
- sterk drank** (B. en v.d.M.; Kr. en St.; Bybel, Rigters 13 vers 4; Verkl. Wb. = *Sterkdrank* — alkoholiese drank).
- swart kuns** (B. en v.d.M. op bl. 702 aaneen maar los op bl. 701).
- swart lys** (Kr. en St.).
